

# FLORIS JESPERS EN DIE VLAAMSE EKSPRESSIONISME

---

deur George Muller Ballot

Voorgeleë ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad Doktor in die Wysbegeerte in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

Universiteit van Pretoria  
Pretoria

Desember 1969

## 'N WOORD VAN DANK

In die eerste plek bring ek dank aan Hom vir alles.

Aan my geagte promotor, Professor Dr. H.M. van der Westhuysen, afgetreeë Hoof van die Departement Kunsgeskiedenis, Universiteit van Pretoria, betuig ek dank en erkenning vir sy leiding en bemoediging gedurende ons samesprekings. Sy vriendskap en vertroue gedurende baie jare word opreg waardeer.

My dank gaan ook uit na Professor Dr. R.-A. d'Hulst, Hoof van die Hoger Instituut voor Kunstgeschiedenis en Oudheidkunde, Rijksuniversiteit te Gent vir sy hulp. Gedurende my verblyf in België het ek ook vriendelike diens van verskeie biblioteke, musea en ander instansies ontvang. Hiervoor wil ek my opregte erkentlikheid meld. In die besonder dank aan Professor Dr. Walther Vanbeselaere, Hoofconservator van die Koninklijke Museum voor Schone Kunsten te Antwerpen en aan die personeel van die Stadsbibliotheek van Antwerpen waar ek gelukkige ure deurgebring het.

Tydens my navorsing te België het ek dankbaar kon gebruik maak van 'n beurs ingevolge die Kultuurverdrag: België - Suid-Afrika, en was ek bevoorreg om te kon put uit die Gerard Moerdijk-Beursfonds waarvan die P.U. vir C.H.O. die beheerder is.

Graag wil ek ook my dankbetuiging rig aan die gehele familie Jespers vir hulle hulpvaardigheid en goeie gesindheid teenoor my as persoon en my arbeid.

My persoonlike dank en erkenning gee ek aan vrou Dr. Walther Mees vir haar onbaatsugtige bystand gedurende my jarelange verblyf by haar aan huis te Antwerpen. Sonder "Het Mezennestje" se ondersteuning in meer as net een opsig sou hierdie studie moeiliker voltooiing bereik het.

Dit is my voorreg om my dank te betuig teenoor my eggenote wat my met liefde en sorg gereeld bygestaan het.

Ten slotte bied ek my erkenning en waardering aan mnr. Casper Lessing en die personeel van die Ferdinand Postma-Biblioteek,

P.U. vir C.H.O. asook aan mevrou E. Coetzer vir hulle moeitevolle sorgsaamheid en belangstelling met die afwerking van hierdie proefskrif.

## VOORWOORD

Hierdie proefskrif het as doel die daarstelling van 'n wetenskaplik-verantwoorde verkenning van die skilderkunstige werk van Floris Jespers (1889 - 1965) as 'n verteenwoordiger van die Vlaamse Ekspressionisme in België.

Die fenomenologiese aard van die studie en uitgangspunt daarvan lê in die eerste plek in die wese van die kunswerk self geanker. Dit was my strewe om die besondere estetiese kwaliteite - die tegniese sowel as die visioenêre vormtaal - van die Jespers-oeuvre aan 'n grondige ondersoek te onderwerp; verder, om te probeer vasstel in hoe ver dit sou beantwoord aan die volkseie oorspronklikhede van die Vlaams-ekspressionistiese klimaat wat gedurende die twintigerjare van hierdie eeu 'n hoogtepunt in België bereik het.

'n Wetenskaplike geskrif omtrent die kern van my onderwerpstudie is tot op datum nog nie gepubliseer nie. Insgelyks en jammer genoeg, het kunshistorici hulle nog nie daaraan gewaag om 'n afsonderlike gedokumenteerde studie wat die Vlaamse Ekspressionisme as 'n selfstandige stylrigting sou regverdig, die lig te laat sien nie. Skrywers soos Dr. Walther Vanbeselaere en Paul Haesaerts se onlangse publikasies<sup>1)</sup> verdien hier vermeld te word as eerste pogings in hierdie rigting; verteenwoordigers van die Vlaamse Ekspressionisme word egter tot 'n groot mate beperk tot die Latemse driemanskap: Constant Permeke, Gustaaf De Smet en Fritz Van den Berghe. Met die lees van hierdie geskrifte ontstaan die vraag of Floris Jespers en ander verdienstelikes in hierdie verband nie onnodig afgekam word tot newefigure van hierdie rigting nie. Dat die Sélection-beweging, die spil waarom die Ekspressionisme in België gedurende die jare 1920 - 1930 gedraai het, nog nie aan 'n wetenskaplike ondersoek onderwerp is nie, is 'n betreurenswaardige feit.

Wat die Literatuur omtrent Floris Jespers self betref, het ek vasgestel dat die twee monografiese studies deur Gaston Burssens<sup>2)</sup> erbarmlik onvolledig is. Dit is inderdaad eensydig benader en 'n duplisering van gegewens wat nie vry is van onjuisthede nie; albei

publikasies moet eerder in die lig van 'n huldeblyk van 'n vriend aan 'n vriend gesien word. Van groter waarde egter - en waarvan ek dankbaar gebruik kon maak - is die omvattende inleidingswoord tot die Retrospectieve Floris Jespers-tentoonstelling in die Provinciaal Hof en Stedelijk Concertgebouw te Brugge in 1960, geskryf deur André De Ridder. Hierin word 'n eerste poging aangewend om "een kronologische faze-ontwikkeling" van die Jespers-oeuvre saam te stel. De Ridder wys ook op die besondere probleemstellinge t.o.v. die taak wat die studie m.b.t. die Jespers-oeuvre vir die navorsing moontlik sou kon inhoud.<sup>3)</sup>

Om tot 'n behoorlike dokumentasieversameling te kom met die doel om Jespers se evolusie as kunstenaar binne die sfeer van die ekspressionistiese tendens van naderby te kon volg, was ek in hoofsaak aangewys op tentoonstellingskatalogi, tydskrif- en koerantartikels en ander geskrewe bronne waarin die kunstenaar soms net terloops vermeld is. Die agterhaling van hierdie dokumente het uiter gesystematiseerde navorsing in verskillende biblioteke en dokumentasieburo's meegebring. Omdat Jespers selde of nooit sy werke gedateer het en weinig aandag geskenk het aan die differensiasie van die werke se benaminge, is my taak aansienlik bemoeilik. Ek maak nie aanspraak op volledigheid nie.

Die aanlê van 'n verteenwoordigende aantal fotodokumente van die kunstenaar se werke, het ek self versorg.

Hoofstuk I het as doelstelling 'n algemene, historiese oriëntering m.b.t. die ontwikkeling van die XIXe eeuse en die oorgang na die XXe eeuse skilderkuns in België. Verder het ek opsommend probeer aantoon dat daar 'n besondere polêre verhouding bestaan tussen die gemeenskaplike tegniese en visioenêre vormtaal<sup>3)</sup> binne die som van die Vlaamse volkseie oorspronklike gedurende die verskillende opeenvolgende XIXe eeuse skilderkunstige stylrigtings. Bygevolg was dit my strewe om hiermee vas te stel in hoe ver hierdie besondere verhouding 'n konsekwente toepassing sou kon vind in die ontwikkelingsfeer na 'n XXe eeuse hoogtepunt, nl. die Vlaamse Ekspressionisme. Die rol van Ensor se vroeë oeuvre is as 'n deurslaggewende waarde binne die bestek van hierdie historiese ontwikkeling beklemtoon, sodat dit 'n logiese aansluiting met veral die tegniese problematiek van die Jespers-oeuvre sou kon geniet.

Die betreklike omvangrykheid van bovemelde inleidende hoofstuk is enigsins te verantwoord, wanneer in gedagte gehou word dat die studieterrein van hierdie proefskrif in die algemeen as 'n vreemde en 'n moeilik toeganklike onderafdeling van die Kunsgeskiedenis vir die Suid-Afrikaanse leser gesien mag word.

Hoofstuk II beoog 'n gesistematiseerde ondersoek m.b.t. Floris Jespers se opleidings- en vormingsjare as kunstenaar, sy kennismaking met die eietydse binne- sowel as buitelandse tendense op die gebied van die skilderkuns en sy eerste avontuur in die rigting van 'n persoonlike en selfstandige kuns.

Hoofstuk III huisves 'n kronologiese en 'n analitiese ondersoek m.b.t. die selfstandige waardes van sowel die visioenêre as die tegniese vormtaal van Jespers se werk wat vanaf 1922 tot en met 1930 strek. Spesiale klem word gele op die jare 1925 tot 1930 wat ek as die kunstenaar se vrugbaarste en oorspronklikste periode beskou.

Hoofstuk IV behandel die verdere Ekspressionistiese stadia van die Jespers-oeuvre tot en met sy afsterwe in 1965.

In die Besluit word ten slotte op die som van Jespers se betekenis as Vlaamse Ekspressionis gewys.

Aan die einde van elke hoofstuk vind die leser 'n lys van voetnote waarvan die verwysingsnommers coreenstem met die nommers wat in die teks voorkom. As verwysingsmetode na die verskillende geraadpleegde bronne is gebruik gemaak van W.W. Duminy se Wenke vir die Skryf van 'n Werkstuk, Merensky-Biblioteek, Universiteit van Pretoria. <sup>4)</sup>

Aangeheg by die teksgedeelte verskyn 'n kronologies-beknopte katalogus van kunswerke waarvan die meeste van 'n foto in die foto-katalogus voorsien is. Katalogus A. 1 vermeld die oliewerke, akwarelle, gouaches, litografieë en tekeninge van Floris Jespers. Die etse van die kunstenaar is afsonderlik in Katalogus A. 2 opgeneem. Katalogus B bevat die in die teks vermelde kunswerke van Constant Permeke, Gustaaf De Smet en Fritz Van den Berghe. Aandag word daarop gevvestig dat die nommers tussen hakies agter die titels van die werke, soos wat dit in die teks vermeld word, 'n

verwysing is na dieselfde nommers in die verskillende katalogi en die fotokatalogus.

Alleen die eerste vyf eksemplare van die proefskrif is voorseen van 'n fotokatalogus, bestaande uit 'n aantal kleur- en wit-en-swartskyfies wat afsonderlik in kabinetjies in ooreenstemming met die aangehaalde nommers in die verskillende katalogi gerangskik is.

'n Aantal genommerde Bylaes bevat meestal uittreksels uit briewe, oorspronklike bronne en teksgedeeltes wat vir die Suid-Afrikaanse leser moeilik bekombare dokumente is. Bylaes nr. 2 tot nr. 13 en nr. 30 is dokumente wat deur my self uit verskillende bronne saamgestel is om verwysings te vergemaklik. Die literatuurlys m.b.t. die verskillende tentoonstellings waaraan Jespers deelgeneem het, soos wat dit, na elke tentoonstelling volgens jaartal en stad, in Bylae nr. 30 vermeld is, is nie weer in die Bronne- en Literatuurlys aan die einde van die geskrif opgeneem nie. As sodanig moet Bylae nr. 30 dus as 'n onderafdeling daarvan beskou word.

Na die Bronne- en Literatuurlys volg kort Samevattings in Afrikaans en in Engels.

- 1) Vanbeselaere, W.: De Vlaamse Schilderkunst van 1850 tot 1950, Van Leys tot Permeke, Brussel, 1960.  
Haesaerts, P.: Histoire de la Peinture Moderne en Flandre, Bruxelles, 1959/60.
- 2) Burssens, G.: Floris Jespers, Anvers, 1943;  
Burssens, G.: Floris Jespers, Monografieën over Belgische Kunst, Antwerpen, 1955.
- 3) Die woord "visioenêre" is hier en later in hierdie proefskrif nie in sy letterlike betekenis gebruik nie. Hieronder moet verstaan word die kunstenaar se besondere realiteitsin; en nog meer, sy tipiese benaderingswyse t.o.v. die natuur in sy breedste betekenis. In 'n sekere sin kan die besondere lewensbeskouing van die kunstenaar — esteties verantwoord — ook by die betekenis van hierdie woord gereken word.
- 4) Duminy, W.W.: Wenke vir die Skryf van 'n Werkstuk, Merensky-Biblioteek, Universiteit van Pretoria, Inligtingsbrosjure nr. 4, Pretoria, 1968.

## FLORIS JESPERS EN DIE VLAAMSE EKSPRESSIONISME

'n Woord van dank.

Voorwoord.

Bladsy

<u>HOOFSTUK I: INLEIDING</u>	1
<u>HOOFSTUK II: JESPERS SE AANLOOP TOT DIE EKSPRESSIONISME.</u>	39
A. Jeug en Vroeë Vormingsjare (1889 - 1913)	39
B. Kennismaking met die Post-Impressionisme: Paul van Ostaijen, James Ensor, Vincent van Gogh en Rik Wouters (1913 - 1918)	46
C. Kubistiese Avontuur (1917 - 1921)	56
<u>HOOFSTUK III: INTEGRALE EKSPRESSIONISME (1922 - 1930)</u>	75
<u>HOOFSTUK IV: VERDERE EKSPRESSIONISTIESE STADIA VAN DIE JESPERS-OEUVRE</u>	104
A. Berustende Ekspressionisme (1931 - 1948)	104
B. Eksistensialisties-gerigte Ekspressionisme (1948 - 1950)	112
C. Kongolese Motiewe (1951 - 1960)	116
D. Dekoratiewe Abstraksie en Laaste Jare (1960 - 1965)	124
<u>BESLUIT</u>	133

Bladsy

<u>BEKNOPTE KATALOGUS VAN ENKELE OLIE-SKILDERYE, AKWARELLE, GOUACHES, LITOGRAPHIEË EN TEKENINGE ASOOK ETSE VAN FLORIS JESPERS.</u>	142
<u>KATALOGUS A. 1</u>	144
<u>KATALOGUS A. 2</u>	198
<u>BEKNOPTE KATALOGUS VAN ENKELE OLIEWERKE VAN VLAAMSE EKSPRESSIONISTE.</u>	201
<u>KATALOGUS B</u>	201
<u>BYLAES NR. 1 tot en met NR. 29</u>	203
<u>BYLAE NR. 30:</u> Lys van Individuele- en Groeps- tentoonstellings met Werke van Floris Jespers en Geraadpleegde Literatuur in hierdie verband.	252
<u>BRONNE- EN LITERATUURLYS</u>	305
<u>SAMEVATTING</u>	
<u>SUMMARY</u>	

## HOOFSTUK I

### INLEIDING

Dit lê in die wese, nie alleen van alle oorgangstye, maar ook van die afgeslote kultuurperiodes dat die essensiële eienskappe daarvan nie sonder kennis van die voorafgaande verskynsels begryp sou kon word en dus ook nie voldoende gewaardeer kan word nie. Daarom is dit natuurlik dat die kunshistorikus wat hom gaan verdiep in die wese van 'n fenomeen soos die Vlaamse Ekspressionisme as 'n selfstandige skilderkunstige uiting - en meer bepaald t.o.v. die oeuvre van een van die verteenwoordigers daarvan, nl. Floris Jespers - hom ook met die voorgeskiedenis van hierdie verskynsel sou gaan besig hou. Dit bring hom dan al gou in die sfeer van die XIXe en begin-XXe eeuse politieke, maatskaplike, sosiale, filosofiese en artistieke bedrywighede in België in die besonder en in Wes-Europa in die algemeen teregt.

Gesien die spesifieke aard en doel van hierdie onderwerpstudie, het ons dit nie nodig geag om vir die kort bestek van die inleidende hoofstuk 'n deurtastende detailverkenning van alle feitlike hede wat bovemelde verskeidenheid van bedrywighede en terreine dek, op te teken nie. Alleen die belangrikste kunsfilosofiese, kultuur- en kunshistoriese gegewens wat onmisbaar is vir die essensiële agtergrond waarteen die inhoud gesien moet word en waarsonder dit nie geanker en begryp kan word nie, is kernagtig en opsommend beklemtoon.

As een van die selfstandige XXe eeuse skilderkunstige stylrigtings wat beantwoord aan die algemene, estetiese en kulturele tradisie wat gedurende hierdie eeu 'n belangrike onderskeiding bring met die algemeen geldende positivisties-wetenskaplike estetika van die XIXe eeu, bereik die Vlaamse Ekspressionisme 'n hoogtepunt gedurende die jare 1920 - 1930. Die ekspressionistiese tendens in

die Vlaamse kuns is inderdaad reeds vroeër - sedert die XVe eeu - 'n alomteenwoordige aanwesigheid in sover die kunstenaar die uiterlike natuurbeeld naïef ondergaan het en die "zelfkant van het leven" esteties volgens 'n empiriese metode weergegee het.<sup>1)</sup> As 'n XXe eeuse stylrigting is die Ekspressionisme in die Vlaamse kuns eerder 'n intuïtiewe en 'n meer direkte, emosie-gelaaiide taal van sinteties-beeldende uitdrukking met inagneming van die funksies wat die tegniese vormtaal van die kunswerk self stel. Daarom moet dit ook gesien word teen die totaalbeeld van die XXe eeuse oorwinning op die dualistiese karakter van die akademiese tradisie wat sedert die Renaissance 'n wetenskaplike metodiek enersyds en 'n empiriese metodiek andersyds m.b.t. die benaderingswyse van die werklikheidsbeeld en die tegniese verbeeldingswyse daarvan binne die sfeer van die artistieke werklikheid ingehou het.<sup>2)</sup>

In die vroeë XXe eeuse filosofieë van o.a. Croce, Bergson en Husserl wat nie die verstand nie, maar die intuisie as kennisbron erken, vind hierdie nuwe en revolusionêre benadering van die werklikheidsbeeld sy neerslag. Alhoewel nie met dieselfde woordgebruik nie, weerspieël hulle onderskeie beredeneringe dieselfde klimaat m.b.t. die nuwe inhoud waarna die moderne mens soek, nl. om via 'n innerlike, skouende aksie - m.a.w. om langs die weg van verdieping in die sigbare werklikheid - 'n nuwe inhoud en waarheid agter die verskynsels volgens 'n intuïtiewe wyse te verwerklik.<sup>3)</sup>

Die twee bovermelde nog naasmekaar bestaande estetiese tradisies aan die einde van die XIXe eeu waarvan die een uitsluitend uitgaan van die objek en die ander uitsluitend die subjek as vertrekpunt neem, word met die XXe eeuse vernuwing in die gedrang gebring. Uiteindelik sou 'n eenwording van subjek en objek plaasvind;<sup>4)</sup> 'n sinteties-skouende ervaring vervang die analiserende waarneming van die visueel-waarneembare werklikheidsbeeld terwyl die funksionele wette van die kunswerk terselfdertyd outonomie ontvang.

Die laaste twintigtal jare van die vorige eeu vertoon alreeds velerlei aankondigings van hierdie vernuwing. Al die revolusionêre pogings wat gedurende hierdie jare op skilderkunstige gebied in Wes-Europa onderneem is en uitgegaan het van die verlange om die vorm wesenliker en die inhoud ekspressiever tot voorstelling te

bring, word gekenmerk deur 'n ontwikkelende sin vir die begrippe "outonomie" en "sintese". Frankryk wat reeds sedert die einde van die XVIIe eeu die leiding op die terrein van die skilderkuns in Europa op sy rekening geneem het, sou op hierdie moment met die oeuvres van 'n Cézanne en 'n Gauguin weereens die nodige prikkels vir die vernuwingssproses lewer. Uitgelok deur die Franse strewe lewer die Noorde van Wes-Europa ook enkele selfstandige baanbrekers gedurende hierdie periode van die aanloop na die modernisme op. Immers, die komponente van die grondslagformule - meer bepaald die strewe na 'n ekspressiewer inhoud d.m.v. 'n wesentliker vorm - sou die Noordelinge soos o.a. Van Gogh, Munch, Hodler en Ensor juis die geleentheid bied om die kuns as 'n middel tot ekspressie buite die Romaanse vormklimaat uit te lig. Die openbarende mag van hierdie post-impressionistiese oeuvres sou veral die toekomstige generasies in die Germaanse middens tot groot vrug stem.

Die grootste waarde van die Franse Impressionisme, paradoksaal genoeg, lê daarin dat dit alreeds die kieme van die grondbeginsels vir die revolusionêre vernuwing sou huisves wat later gedurende die XXe eeu op allerlei wyses met verskillende klemverskuiwings en in uiteenlopende oeuvres 'n weerklang vind. Die Impressionistiese tegniek het ondermeer ingehou dat die kunstenaar sy verhouding t.o.v. die artistieke werklikheid in hersiening moes neem; die toepassing van die ongemengde kleure van die spektrum verg van die kunstenaar 'n essensiële manier van opbou van die skildery: 'n gehoorsaamheid aan 'n sekere ordelikheid vir sover die kleure los en naasmekaar d.m.v. afsonderlike penseelstreke op die doek geplaas moet word. Hoewel die Impressioniste hierdie wetmatigheid langs 'n louter intuïtiewe weg bereik het - byna uitsluitend deur die geduldige en aandagtige beskouing van die natuurverskyning - sou die sogenaamde pointilliste die kleuropvatting nog verder langs 'n wetenskapliker weg probeer deurvoer; iets wat tot 'n wesentlik onoorbrugbare kloof gelei het. As sodanig lewer die Impressionisme terselfdertyd 'n hoogtepunt en 'n keerpunt van die akademies-wetenskaplike metodiek wat sedert die Renaissance in Wes-Europa algemeen gegeld het; hierdie metodeleer, indien dit in toepassing en in analise te ver gevoer sou word, het veral t.o.v. die kleurformule die gevaaar van verkragting ingehou vir die werklike

doelstelling van die wetenskaplike metode in die kuns, nl. om die voorkoms van die uiterlike werklikheid te reproducere. Op hierdie manier ontstaan daar twyfel t.o.v. die tradisiebeginsel van die wetenskaplike metode. 'n Revolusie was uiteindelik 'n onafwendbare gevolg hiervan.

Verbasend is dit nie dat die eerste generasie van vernuwers gedurende die tagtiger en negentiger jare van die vorige eeu te Parys en in ander sentra waar die positivisties-wetenskaplike estetika in die kunsbeoefening 'n vaste voet gehad het, meestal sonder uitsondering met die behulp van die Impressionistiese tegniek - sy dit dan nie altyd volgens die suiwer voorbeeld van 'n Monet nie - as "avant-garde" - skilders debuteer. Die anti-naturalistiese en non-figuratiewe vormtaal wat die XXe eeuse skilderkuns in die algemeen kenmerk, staan enigsins om hierdie rede in skuld by die generasie Post-Impressioniste, soos o.a. Cézanne, Gauguin, Van Gogh en Ensor. Elkeen van hierdie kunstenaars het op sy eie manier en a.g.v. sy persoonlike visioenêre impuls wat in hoofsaak beantwoord aan sy volkseie oorspronklikheid 'n sekere onvoldaanheid oor die tegniese vormtaal van die Impressionisme te kenne gegee. Die begeerde om terug te keer na vaste vorm, ordelikheid en harmonie wat vlak- en volumeverhoudings binne die plan van die skildery betref, en die daarstelling van 'n ekspressiewer inhoud sou alreeds 'n eerste stap wees in die rigting van die waardebesef t.o.v. die outonomie wat die tegnies-wetgewende vormtaalelemente in die skildery moontlik kon bereik.

Dat hierdie nuwe tegniese strewe buite die akademiese tradisie nog steeds sou inhou dat of die vorm of die inhoud - na gelang die manier waarvolgens die kunstenaar die tegniese vormtaalelemente eers tens ter wille van hulle funksionele waardes binne die plan van die skildery naasmekaar sou inspan - 'n predominerende rol in die artistieke werklikheid sou kon vervul, word ook alreeds deur die verskillende Post-Impressionistiese oeuvres geïllustreer. Dat die sintese tussen subjek en objek noodsaaklik gepaard gaan met die verskillende moontlike maniere waarvolgens die subjek die objek of eerstens ter wille van die formele waardes daarvan of eerstens ter wille van die ekspressiewe waardes daarvan binne die tegnies-wetgewende begrensing van die artistieke werklikheid - met sukses,

volgens 'n goeie balansverhouding - sou kon verbeeld, word uiteindelik deur die selfstandige karaktere van die verskillende stylrigtings van die XXe eeu geïllustreer. Dat die strewe na 'n geslaagde balansverhouding tussen vorm en inhoud, vir sover die kunstenaar die formele en die ekspressiewe waardes van die tegniese vormtaalelemente primêr ter wille van hul funksies binne die artistieke werklikheid sou kon gebruik, as 'n maatstaf geneem kan word om 'n waardebepaling t.o.v. 'n spesifieke oeuvre te maak, is een van die hipotetiese standpunte wat in die onderhawige studie m.b.t. die Jespers-oeuvre behandel word.

Met die oog op die kern van ons studie waarin ons die karakter van die Jespers-oeuvre binne die sfeer van die selfstandige karakter van die Vlaamse Ekspressionisme as 'n XXe eeuse stylrigting wil probeer vasstel, is dit nodig dat ons eerstens gaan let op die spesifieke aard van die volkseie oorspronklikheid in die skilderkuns soos wat dit veral gedurende die XIXe eeu en die oorgang na die XXe eeu binne die begrensing van die sentralistiese Belgiese staat nagegaan kan word.

Die agterstand van meestal 'n paar decennia met betrekking tot die algemene kulturele en artistieke vernuwing wat België ten opsigte van Frankryk gedurende die XIXe eeu ondervind het, hang nou saam met die stryd vir die behoud van die Vlaamse nasionale selfstandigheid. Die besondere wyse waarop België as nuwe sentralistiese staat sedert die Brusselse Revolusie van 1830 sy verhouding t.o.v. Nederland enersyds en Frankryk andersyds sou handhaaf, speel 'n beslissende rol vir sover die Vlaamse maatskappy hom hoe later hoe meer konsekwent van sy Waalse landgenote in die toekoms sou gaan onderskei. Reeds voor 1830, te wete gedurende die sogenaamde Franse Tyd (1794 - 1814), vind 'n sistematiese verfransing - en daarom 'n denasionalisering - van die openbare lewe en veral van die sosiale bolaag in die Suidelike Nederlande plaas. Met die hervereniging van die Nederlande onder Willem I (1815 - 1830) was die verfransing in die offisiële en sosiale dienste alreeds sover deurgevoer, dat 'n heropblœi van die Groot-Nederlandse kultuur in die Suide gedurende hierdie kort tydsbestek heeltemal ondoenlik blyk te gewees het.<sup>5)</sup> Belangwekkend is die feite dat Frankryk die Brusselse Opstand gesteun het en dat Willem I dit aanvanklik nie belangrik genoeg geag

het om kragdadige stappe te neem om die monargieverdeling teen te gaan nie. Uiteindelik, met die eindverdrag van 1839 en nadat die nuwe Belgiese staat 'n eie koning in die persoon van Leopold van Saksen-Coburg op die troon geplaas het (1831), moes Willem I hom met die skeiding tussen Suid en Noord versoen. Op 'n afstand beskou, skyn dit nie so merkwaardig te wees "hoe weinig sympathie men in het Noorden voor het gehele experiment der samevoeging had getoond en hoe weinig diep de Belgische Opstand in het leven van ons land (Nederland) heeft ingegrepen"<sup>6)</sup>, as hierdie onverskilligheid deels verklaar sou kon word deur die feit van die vroeëre skeiding van meer as tweehonderd jaar (1579 - 1815). Die verskille op die gebied van sedes, karakter, godsdiens, taal en kunsuitings wat gedurende hierdie periode van skeiding ontwikkel en toegeneem het, het immers meegebring dat beide volke reeds in 1815 weinig met mekaar in gemeen sou gehad het.

Die van meet af aan politieke en ekonomiese voorsprong wat Wallonië op Vlaandere geniet het, asook die feit dat die Franse kultuur deur bemiddeling van die Franse taal 'n goeie teelaarde in die Vlaamse intellektuele middens gedurende die XIXe en selfs nog gedurende die XXe eeu sou vind, bring steeds verdere en sterker onderskeidings tussen Vlaming en Nederlander te weeg. Alhoewel hy hom heeltemal in die Franse taal tuisgemaak het, en alhoewel hy hom met goeie wil geprobeer aanpas het by die Franse kultuurwaardes wat vanuit Parys via Brussel met heelhartige steun van sy Waalse landgenoot binnegenooi is, het die intellektueel ontwikkelde Vlaming tog steeds vanaf 1830 die gemis aan 'n eie Vlaamse kultuur binne die sfeer van 'n Groot-Nederlandse waardeskaf ondervind. As bewys hiervoor geld die georganiseerde kultuuraktiwiteite van die sogenaamde Vlaamse Beweging wat kort na die totstandkomming van die Koninkryk van België spontaan in die lewe geroep is.<sup>7)</sup> Die gunstige omstandigheid van die Nederlandse kultuur, bevoordeel deur 'n bloeiende ekonomie en 'n lewendige nasionale bewussyn, is steeds as voorbeeld voor oë gehou. Van slaafse navolging was geen sprake nie; terselfdertyd was die Vlaamse Beweging nooit anti-Belgies georiënteer nie.<sup>8)</sup> Die Vlaming bewys hiermee die behoefté om dus ook as Belg - onafhanklik van Nederland enersyds en onafhanklik van Frankryk andersyds - sy eie kulturele heil binne die raamwerk van die verhou-

dingsklimaat met sy Franssprekende landgenoot te soek.

Wend ons ons blik na die Belgiese literêre en skilderkunstige ontwikkeling gedurende die XIXe en vroeë XXe eeu, kan ons "wat speciaal Vlaanderen betreft, als een stelregel vooropzetten, dat het niet eerder een kunst van internationale betekenis voortbracht, dat het er in slaagde zijn volkseigen oorspronkelijkheid ten opzichte van de Franse invloed te bevestigen".<sup>9)</sup> Oorsigtelik gesien, bereik Vlaanderen die hoogtepunt van hierdie oorspronklikheid nie voor na die Eerste Wêreldoorlog met die Ekspressionisme nie. Die ontworstelingsgeskiedenis in België vergeleke met die van Holland duur langer, geskied moeisamer en langs meer ingewikkeld weë wan-neer ons in gedagte hou met watter selfstandigheid en skerper toe-gespitste individualisme die Hollanders vanaf 1880 op letterkundige gebied met die "Beweging van Tagtig" en wat die skilderkuns betref, reeds vanaf 'n dekade vroeër met die Haagse Skool en die Amsterdamse Impressionisme, die Franse invloed verwerk het. Terselfdertyd moet in gedagte gehou word dat die algemene kunsbesef in Holland a.g.v. 'n selfstandiger stellingname spoediger op 'n hoër vlak gedurende die XIXe eeu geplaas is as wat dit in België, in beide Vlaamse en Waalse milieus, die geval was. Alvorens die Vlaming sy volkseie oorspronklikheid in die kuns kon laat geld, moes hy eers 'n omweg langs die denasionaliseringsbeleid volg: derhalwe 'n eensydiger beïnvloeding as die Hollander vanuit Parys ondergaan, die gemis aan kulturele selfversekerdheid ondervind en terselfdertyd rekening hou met die burgerlike konservatisme binne sy eie geledere.

Die toenemende vryheid waarmee die Franse skilders sedert Eugène Delacroix (1798 - 1863) die objek op subjektiewe wyse met sinlikheid - meer bepaald met die oog - vertolk het en uiteindelik gedurende die Impressionisme die subjektiewe "sien" op 'n positivis-ties-wetenskaplike manier in die kuns laat domineer het, het die innerlike waarde van die objek in die agtergrond gedwing. Bygevolg is die XIXe eeuse Vlaamse skilder met sy tipiese bekommernis om die innerlike gehalte van die objek - en veral daar dit hier 'n interpretasie van die visueel-waarneembare werklikheid veronderstel het - ongetwyfeld met 'n reuse probleem gekonfronteer. Aanvanklik was verwarring die gevolg van hierdie eensydige beïnvloeding vanuit Parys. In die geledere van selfs die mees progressiewe letterkundige

en artistieke kringe in Vlaandere is die moderne formules soos "Kuns is Waarheid", "Kuns is Selfdoel" en "Kuns is Vorm" deur kunstenaar en kritikus meestal verkeerdelik geïnterpreteer as synde harmonieuze, vloeiende en vormlike skoonheid.<sup>10)</sup> Die klem op die konstitutief-estetiese element "vorm" soos wat dit volgens die Fransman se interpretasie van die visueel-waarneembare werklikheid ter wille van die sinlike genot in die artistieke werklikheid verteenwoordig is, is immers in lynregte teenspraak met die tradisionele Vlaamse beklemtoning van die konstitutief-estetiese element "inhoud". Steeds met die wil om getrou te bly aan sy eie tradisie deur aan die voorgestelde 'n betekenisvolle inhoud te gee, probeer die XIXe eeuse Vlaamse kunstenaar sy voorstellingswyse volgens Franse voorbeeld aan te pas. Gebrek aan volle begrip vir die Franse sisteem en die uitbly van genoegsame talent om 'n oorspronklike verwerking daarvan te bewerkstellig, is kenmerkend van die ontworstelingsgeskiedenis van die Vlaamse kuns gedurende die tweede en die derde kwartale van die XIXe eeu.

Die eerbied vir die realistiese betekeniswaarde van die objek as mededelingsmiddel tussen die subjek en die toeskouer asook die onvermydelik daarby behorende beklemtoning van die ekspressiewe kwaliteite van die tegniese vormtaalelemente soos wat dit in die Vlaamse kuns sedert die XVe eeu alomteenwoordig is, bereik gedurende die laaste kwartaal van die XIXe eeu en die eerste dekade van die XXe eeu met die uitdagende invloed van die Impressionisme uiteindelik 'n ernstige krisis. Die tweevoudige karakter van die volkseie oorspronklikheidseienskappe - m.a.w. die visioenêre en die tegnies-ambagtelike metodiek - van die Vlaamse kuns vir sover 'n aantal talentvolle letterkundiges en 'n enkele skilder doelbewus gesoek het na 'n gelukkiger balansverhouding tussen vorm en inhoud in hulle onderskeie estetiese produksies kom veral gedurende die tagtiger jare van die vorige eeu in die gedrang.

Danksy die optrede van 'n aantal jeugdige, talentvolle, Franskrywende Vlaminge, waaronder Georges Rodenbach (1855 - 1899), Emile Verhaeren (1855 - 1916) en Camille Lemonnier (1844 - 1913), asook die verskyning van 'n aantal strydlustige Fransmedium tydskrifte waaronder La Jeune Belgique (1881) en L'art Moderne (1881) die belangrikste was, word reeds gedurende die tagtiger en negentiger

jare die nodige bewys gelewer dat die Vlaamse letterkunde nie geheel en al aan die eensydige Franse beïnvloeding sou beswyk nie. Die volkse inslag blyk duidelik uit die Vlaamse temas wat in die onderwerpstudies behandeling vind terwyl die epies-realistiese manier van aanbieding as 'n positiewe resultaat t.o.v. 'n voorlopig-oorspronklike metode van verwerking gesien kan word. Die estetiese flamigantisme in die werk van Lemonnier en Verhaeren besorg aan hulle om hierdie redes 'n selfstandige plek in die Franse letterkunde van hulle tyd. Sonder die tussenkoms van die "La Jeune Belgique"-beweging en sy verteenwoordigers is die Vlaamse woordkuns van 'n ouer Guido Gezelle (1830 - 1899), 'n August Vermeylen (1872 - 1945), 'n Karel Van de Woestyne (1878 - 1929) en 'n Stijn Streuvels (1871 - 1968) asook die wakker voorbeeld van die Van-Nuenen-Straks-beweging (vanaf 1893) vir die ontwikkeling van die Vlaamse letterkunde na die negentiger jare nie denkbaar nie. Algehele oorspronklikheid en estetiese selfstandigheid in die Vlaamse letterkunde soos wat dit na die Eerste Wêreldoorlog in die poësie van o.a. Paul Van Ostaijen (1896 - 1928) en die prosa van o.a. Felix Timmermans (1886 - 1947) en 'n ouer Streuvels aangetref word, word hier nog nie bereik nie. "Kortom, het peil van de Cultuur in Vlaams-België was nog niet hoog genoeg gestegen, om in onze literatuur aan de idee - welke idee ook, - de plaats te gunnen, die ze in de literatuur der naburige volkeren en bv. in Noord-Nederland inneemt".<sup>11)</sup> Ongeveer gelyktydig met die letterkundige ontwaking word ook vir die skilderkunstige ontwikkeling in België 'n nuwe periode - danksy die jeugwerk van 'n enkele figuur, naamlik James Ensor (1860 - 1949), - aangekondig. Kunshistorici is dit met mekaar eens dat eers na die optrede van Ensor, d.w.s. vanaf 1880, daar in België van 'n Vlaamse skilderkuns sprake kan wees. Die periode voor 1880 word oor die algemeen liever met "Belgiese skilderkuns" betitel; - en met reg, aangesien daar vanaf die Neo-Klassisisme tot en met die Impressionisme ongeveer eweveel middelmatig-talentvolle Waalse asook Vlaamse skilders, en soms ook nog in dieselfde skole, arbeidsaam was.<sup>12)</sup>

## DIE SKILDERKUNS IN BELGIË VOOR DIE OPTREDE VAN ENSOR

Volkome betekenisloos was die Vlaamse aandeel in die ont-

wikkeling van die Belgiese skilderkuns voor 1880 egter nie. Weliswaar sou die Franse Neo-Klassisisme met sy weinig koloristiese gevoeligheid niks aangetrekliks vir die nog laat-Barokbewuste Vlaamse skilder kon bied nie. Dit is eers met die anti-Klassistiese reaksie, nl. die Romantiek dat die kans vir die deelname aan die skilderkunstige ontwikkeling enigsins die Vlaamse mentaliteit sou aanspreek. Heeltemal toevallig is dit nie dat die Belgiese Romantiek sy verskyning ten tye van die Brusselse Omwenteling (1830) gemaak het nie en dat die uiterlike karakter daarvan bepaal sou word deur 'n besorgdheid om die in-eer-herstelling van die Vlaamse volksbestaan. Vandaar dat historieskildering, met die doel om die Groot-Nederlandse verlede te verheerlik, as een van die hoofkenmerke van die Belgiese Romantiek kan geld. Ongelukkig, by gebrek aan oorspronklikheid, ontaard hierdie tradisionalisme algou in 'n op-eie-basuin-blasende grootdoenerigheid, - 'n kenmerk wat hand in hand gepaard gegaan het met die kunsmatigheid waarmee o.a. 'n Gustaaf Wappers (1803 - 1874), 'n Nicaise De Keyser (1813 - 1887) en 'n Antoine Wiertz (1806 - 1865) volgens 'n eklekties-akademiese metodiek die skilderkuns in eie land met historiese skilderye van groot en imponerende afmetings wou verryk. Esteties beskou, is die impuls m.b.t. die eklektiese standpunt vanuit Frankryk afkomstig. As gevolg van die algemene politieke omstandigheid sou die Franse Romantiek spoedig te Brussel 'n vrugbare bodem vind. Die oeuvres van veral Paul Delaroche (1797 - 1856) en Delacroix met hulle ontroerende historiese onderwerpstudies en hulle sin vir die koloristiese stemmingsgevoelighede sou dadelik aanklank en bewondering in die Vlaamse kring uitlok. Dit is egter slegs die heroïese en idealistiese werklikheidsverbeelding, deur Delacroix in die eerste plek geput uit Venesië (Tintoretto) en die Barokkolorisme (Rubens) wat Vlaminge soos De Keyser sou imponeer en aanspoor om verder na te speur. Op hierdie wyse bereik die Romantiese skilderkuns in België 'n geaffekteerde skynwerklikheidsverbeelding in die artistieke werklikheid; 'n teatrale illusionisme wat die Vlaamse sin en eerbied vir die waarde van die objek as mededelingsmiddel tussen subjek en die toeskouer alleen tydelik sou kon bevredig.

Minder uiterlik-romanties gerig en daarom minder kunsmatig en akademies van aard, is die werk van die Antwerpenaar Hendrik Leys

(1815 - 1869). Sy oewre na 1850, nadat hy langs die weg van 'n eklektisme, in die eerste plek ontleen aan die XVIe eeuse Duitse vormtaal: Cranach, Dürer en Holbein, 'n eie Romantiese styl ontwikkel het, baan die weg na 'n meer realistiese weergawe van die werklikheid. Belangwekkend is dit dat Leys met sy reaksie teen die Frans-Brusselse Romantiese Skool sou sorg dra dat Antwerpen naas Brussel op die XIXe eeuse skilderkunstige kaart geplaas word. Antwerpen bly egter ten spyte hiervan, in vergelyking gesien met Brussel, tot en met die Eerste Wêreldoorlog die sentrum vir die meer konservatief gesinde kunstenaars en kunsminnende publiek. Dit verklaar ook ten dele die ongelukkige omstandighede en innerlike konflikte waarmee Jan Stobbaerts (1838 - 1914) en Hendrik De Braekeleer (1840 - 1888) - die twee mees vooruitstrewende leerlinge van Leys - tydens die uitbouing van die nuwe en minder romanties-realistiese tendens in hulle kuns te Antwerpen af te reken gehad het.

Genoegsame oorspronklikheid kon Hendrik Leys nie aan die dag lê om direk, d.w.s. sonder om stil te staan by die teatrale en droomagtige waardes van die keuse van die onderwerpstudie en die daar mee gepaardgaande dekoratiewe gebruik van kleur en lyn, in die realiteit op te gaan nie. Aan die ander kant is sy werklikheidsverbeelding saakliker, is die stemmingskwaliteite soos wat dit in sy kolonisme vervat is meer beheersd en meer ingetoë as die na uiterlik gerigte kwaliteite van die Frans-Brusselse Romantiese Skool (De Keiser). Die sukses wat Leys onder sy stads-, tyds- en Vlaamse landgenote ingeoes het, hang vir die grootste deel saam met die suggestie van aandoenlikheid waarmee hy die Suid-Nederlandse verlede met genoegsame idealiteit in die lewe roep om die denasionaliserende invloed van die Brusselse Skool te bestry. Om hierdie rede sou die kuns van Leys ook 'n verstrekende en duursame invloedsfeer in Vlaanderse handhaaf, - veral te Antwerpen waar historieskildering 'n langdurige aanhang tot die einde van die eeu sou ken, sy dit dan meestal in tweede- en derderangse oeuvres.

Die twee opeenvolgende geslagte na Leys lewer 'n aansienlike aantal verdienstelike skilders, sowel Vlaminge as Wale, in België op. 'n Hernieuwe belangstelling vir die natuur en 'n strewe na die daarstelling van 'n getroue weergawe van die visueel-waarneembare werklikheid in die artistieke werklikheid is kenmerkend van hierdie

twoe generasies van portretskilders, diereskilders, seestuk- en landskapskilders. Dit is dan ook in hierdie verwantskaplike karaktertrek dat die ooreenkomste en die verskille met die Realistiese generasies in Frankryk en in Nederland gesoek moet word.

Die opspraakwekkende skildery van Gustave Courbet (1819 - 1877), nl. die Steenbrekers van 1849 word reeds in 1851 by die Brusselse Salon tentoongestel. Verbasend is dit nie dat ook hier, net soos wat dit die geval by die Salon te Parys 'n jaar vantevore was, 'n storm van verontwaardiging uitgelok word deur die onbevangendheid waarmee Courbet sy realistiese doktrine in hierdie skildery uitbeeld. Die duidelike bedoeling van Courbet "... men mocht alleen schilderen wat men kon zien, niet wat de geest ervan dacht"<sup>13)</sup>, d.w.s 'n onbevoorioordeelde "objektief natuur-zijn" sonder bepaalde inagneming van die subjektiewe betekeniswaarde van die objek sou inderdaad aanvanklik 'n teenstrydigheid - veral in die Vlaamse geledere - tot gevolg hê. Aan die ander kant sou die materialistiese objektivisme van Courbet, paradoksaal genoeg, vir die later meer teoreties-ingestelde Realis in België, weereens sprekend tot die Vlaamse skilderinstink in die eerste plek, 'n middel in die hand gee om die realisme in eie geledere tot 'n beslissende sege te lei.

Die eerste generasie Belgiese Realiste wat oorwegend empiries te werk gegaan het, sou al dadelik blyk gee van 'n vernieuwe belangstelling vir die realistiese betekeniswaarde van die voorgestelde asook die kwaliteit van die voorstellingswyse wat daarby sou aanpas, en so die verskil met die idealistiese Belgiese Romantiek bewerkstellig. Wale soos o.a. Constant Meunier (1831 - 1909) en Charles De Groux (1825 - 1870) beeld by voorkeur die sosiale probleme van die maatskappy uit deur middel van koel, grys en donker kleurkombinasies. Die liriese eentonigheid van De Groux vertoon 'n uitgesproke ooreenkoms met die eenvoud en die vroomheid van Millet (1814 - 1875). Meunier, as skilder en later as beeldhouer, vertoon meer vooruitstrewendheid, minder sentimentaliteit en meer objektiwiteit vir sover hy minder die ellende en meer die adel van die arbeider met 'n verhelderde maar steeds koelkoloristiese palet en liniër-plastiese vormgewing verbeeld. Vlaminge soos o.a. Jozef Stevens (1822 - 1892) met sy talryke hondestudies en Lieven De Winne (1821 - 1880) met sy portrette sou in teenstelling met Waalse landgenote eerder opgaan in

die kwaliteit van die voorstellingswyse van die objek. Geïnspireer deur die meegevoel met die voorgestelde objek en met die doel om die natuurlikheid van die objektiewe verskyning meer persoonlike waarheid te gee, word 'n nuwe koers vir 'n louter-pikturale uitvoering aangedui: warmer en breedser uitgevoerde koloriet - hoewel steeds oorwegend somber en gedemp om aan te pas by die gevoelsfeer van die voorgestelde objek - sou later weerklank vind in die oeuvres van die vooruitlopers van die Vlaamse Impressionisme soos wat dit o.a. in Jan Stobbaerts se werk voorkom.

Verteenwoordigers van die tweede generasie Realiste in België wat vir die grootste gedeelte gedurende die dertiger jare van die vorige eeu die eerste lewenslig sien, sou in opvolging van die vorige generasie in groeps- of in enkelverband meer teoreties die visueel-waarneembare natuur na voorbeeld van die Franse Barbizonners gedurende die sestiger jare en begin-sewentiger jare getrouer - met ander woorde meer objektief - gaan probeer verwesentlik in die skilderkuns. Landskapskildering ontvang die meeste aandag by twee groepe skilders wat hulle in die landelike omgewings te Brussel en te Antwerpen gaan vestig het.

Te Brussel tree die Waal Hyppoliet Boulenger (1837 - 1874) as leier van die sogenaamde Skool van Tervuren op. Hierdie groep landskapskilders<sup>14)</sup>, alhoewel hulle dit nie verder gevoer het as die natuurskilders te Barbizon nie, wou die "natuur weergeven zoals zij zich aan ons vertoont, om haar zelfs wil alleen en om de gewaarwordingen, die zij opwekt, zonder er iets aan te willen verbeteren of veranderen, zonder ze zelfs voorafgaandelijk te stofferen met mensen of vee, of althans, als men dit deed, zonder aan de figuren meer waarde te hechten dan aan hut of keet of berg of boom of lucht of water; ja, zonder ze zelfs met opzet te bekijken van zulk een stand en onder zulk een gezichtshoek, dat zij door zeker spel van lijnen 'stijl' verkrijgt; dat was voortaan het doelwit, dat Boulenger, en met hem de beste onder de jongeren, voor ogen zouden houden."<sup>15)</sup> 'n Totale breuk word dus met die idealistiese Romantiese konvensies gemaak. Wat die koloristiese hoedanighede betref, word die traditionele grysagtige en donker toonwaardes tot 'n groot mate opgelos in verhelderende en los gepenseelde effenhede van gebroke kleurwaardes. By Boulenger vind ons soms ook nog 'n bykomstigheid: 'n

vlokkige impasto; in elk geval met dieselfde doelstelling, nl. om deur middel van hierdie tegniese hoedanighede 'n visueel-verantwoordelike kleureffek en speling die lig in die natuur op die doek te bewerkstellig. In kort, formele waardes het voorrang en die innerlike betekeniswaarde van die objek geraak sodoende op die agtergrond. In hierdie opsig sluit die begaafste Brusselaars by Manet (1832 - 1883) aan, alhoewel hulle weens gebrek aan die nodige talent nie dieselfde selfstandige gebruik van die kolorisme genoegsaam deurvors het nie.<sup>16)</sup>

Minder behep met die formele waardes van die koloriet en meer besorgd oor "de geheimzinnige poëzie, welke de kunstenaar alleen in een liefdevolle beschouwing van de Natuur putten kan", <sup>17)</sup> m.a.w. die strewe om die betekeniswaardes van die voorgestelde objekte met eerlike oortuiging steeds eer aan te doen, geld as doelstelling van die groep Antwerpnaars wat weens hulle aktiwiteite in die landelike streek van die Antwerpse Kempen bekend sou staan as die Skool van Kalmthout. <sup>18)</sup> 'n Skool in die betekenis van die gelyktydige Brusselaars te Tervuren was hulle nooit nie, aangesien hulle geen leier en geen werklike gemeenskaplike leerstelling verkondig het nie. As groep sou hulle 'n aangepaste voorstelling lewer van die empiriese voorbeeld wat deur die eerste generasie Vlaamse Realiste m.b.t. die pikturele uitvoering daar gestel is. As landskapskilders ontsnap hulle nie aan die invloed van die Barbizonners en die Brusselaars nie; vandaar die vrymoedigheid wat hulle openbaar t.o.v. 'n meer direkte kontakneming met die vrye natuurverskyning en -verskynsels soos wat dit onder verskillende beligtingsomstandighede aan die oog geopenbaar word. Die Antwerpnaars onderskei hulle van die Brusselaars wat die voorstellingswyse betref, aangesien hulle die natuur op 'n andersoortige wyse "ondergaan": 'n Heymans lewer 'n minder formele, uiterlik-getroue afskrif van die gesiene dinge as 'n Boulenger; eerder 'n meer persoonlike en 'n meer liriese vertolkningsbeeld daarvan. 'n Ryker met meer sonlig deurweekte en deurleefde palet wat nie noodsaaklik die logiese vervolg is van die uiterlike ooreenkoms met die lokale kleurwaardes van die gesiene dinge is 'n gevolg hiervan, - sy dit dan nog en ook steeds oorwegend grysagtig van aard.

Elkeen van die laasgenoemde Realistiese skole, elkeen hoofsaaklik in eie lokaliteit, sou 'n bydrae vir die toekomstige skilder-

kunstige ontwikkeling na 'n Impressionisme in België lewer. Die belangrikste invloed op die toekomstige ontplooiing van die Vlaamse skilderkuns na 1880 word egter deur die volgende drietal meer talentvolle Vlaamse alleenlopers bewerkstellig, nl. die twee Antwerpnaars, Jan Stobbaerts en Hendrik De Braekeleer, en die Brusselaar Willem Vogels (1836 - 1896). Gesamentlik en tog afsonderlik sou hierdie belangrike Vlaamse skilders d.m.v. hulle sterk oorspronklike vermoëns en toevallige keuse van onderwerpstudies die suiwer teoretiese formules van die Realisme verontagsaam, minder idealisties die visueel-waarneembare werklikheid wou verbeeld en 'n baie persoonlike en saakliker verstandhouding tot die betekeniswaarde van die objek handhaaf. Dat die kwaliteit van die voorstellingswyse terselfdertyd meer persoonlik en vryer as die van hulle generasiegenote sou wees, is 'n logiese gevolg hiervan. Belangwekkend is die feit dat Stobbaerts, De Braekeleer en Vogels a.g.v. hulle vrye en subjektiewe manier van vertolking van die natuur as objek 'n beslissende bydrae lewer t.o.v. die herstel van die eeuwoue Vlaamse volkseie oorspronklikheidséienskappe: die eerbied vir die waarde van die objek as mededelingsmiddel - en die daarby behorende innerlike hoedanigheid van die objek - asook die voorkeur wat aan die suiwer koloristiese waardes as draer van die idee gegee word. Hierdie neiging tot 'n herstel van die tradisie word hoe later hoe meer konsekwent in hulle oeuvres merkbaar; en voorts in 'n belangrike mate uitgelok deur die stygende invloed wat die lynnistiese formules van die Franse Impressionisme in die algemeen op hulle voorstellingswyse sou uitoefen. Dit is immers die inwerking van die lig op die kleurwaardes en die dienooreenkomsstige vrye vertolkingsmoontlikhede daarvan waarmee hierdie kunstenaars hulle gedurende die laaste jare van hulle onderskeie oeuvres sou besig hou. Die suksesvolle daarstelling van "aanhouend nieuwe stemmingen"<sup>19)</sup> in hulle uiteenlopende onderwerpstudies lewer genoegsame bewys dat daar 'n moontlikheid sou bestaan om 'n eie inheemse Vlaamse Impressionisme te bereik wat sou kon beantwoord aan die tradisioneel-Vlaamse sin vir weelderige kolorisme. Hiermee is die skakel met Ensor gelê, - en daarmee ook die skakel met die uiteindelike moontlikheid vir die bestaansreg van 'n Vlaamse Ekspressionisme.

Die luister van die in lig pralende kleure en die ambagtelike versorging daarvan d.m.v. ligte toetsbehandeling of senuweeagtige gewemel van kort penseelhale op die doek met die doel om bepaalde stemminge te verewig, beteken nie noodwendig dat die totaaleffek van die kolorisme oorwegend helderheid in die hand werk nie. Selfs 'n donker en die allersomberste palet, wanneer daar genoegsame kontraste gebruik word, kan die resultaat wees van ligskildering. Dit alles word bewys deur 'n Vogels, 'n Stobbaerts en 'n De Braekeleer, hetsy dit in 'n marine of 'n landskap of 'n interieur bewerkstellig is. Ook is dit 'n bewys dat 'n totaal selfstandige soort impressionisme in Vlaandere – los van die Franse Impressionisme – moontlik sou kon wees. Verwonderlik is dit dan nie dat Ensor met waardering kennis sou maak met juis hierdie kwaliteite van die nie-offisiële kuns toe hy as sewentienjarige leerlingskilder in 1877 vanuit Oostende in die sterk verfranste sfeer van die Brusselse Akademie beland.

Die rol wat die Vlaming gespeel het, of liewer die plek wat die Vlaamse volkseie oorspronklikheidseienskappe, visioenêre en tegniese eienskappe, te België ingeneem het gedurende die skilderkunstige ontwikkeling van die jare 1830 tot ongeveer 1880 is dus duidelik aan te toon; ook vir sover dit na gelang van die veranderende omstandighede in die belangrikste lokaliteit, Brussel en Antwerpen, en t.o.v. die opeenvolgende invloede stand gehou het, aanpassings gemaak het en die teelaarde vir verdere ontwikkeling voorberei het. Antwerpen met sy konserwatiewe artistieke milieu sou gelyktydig 'n positiewe en 'n negatiewe funksie gedurende hierdie ontwikkelingsproses vervul het; positief, omdat die leiding in Vlaandere m.b.t. die reaksie teen die denasionalisering in die belangrikste mate van hier sou uitgegaan het, - 'n belangrike funksie wat sorg sou dra dat die skilder en burger in Vlaandere blywend geesdriftig gehou sou word m.b.t. die grondslag waarop die Vlaams-nasionale skilderkunstige verlede gebou is en die moontlike heropstanding daarvan - sy dit dan soms na aanleiding van 'n "vaak overschatte kwaliteit van artistieke productie, waarmee Vlaanderen zichzelf en het buitenland te overtuigen zocht, dat het nog altijd het land van Van Eyck en Rubens, van Sluter en Ruusbroek was ...."<sup>20)</sup> Negatief, omdat Antwerpen, a.g.v. die heersende burgerlike konserwatisme aldaar en ondanks die feit dat van die mees begaafde Vlaamse skilders gedurende die Romantiek, die

Realisme, en spesifieker gedurende die eerste aankondiging van die Impressionisme in eie kring, hulle aldaar bevind het, die gevaar gehuisves het dat die Vlaamse volk in die algemeen "een al te overwegend belang ----- hechten aan het voorgestelde ten nadele van de voorstellingswijze; aan de inhoud ten nadele van de vorm".<sup>21)</sup> As bewys hiervoor geld in die eerste plek die gemis aan die modernistiese vernuwingssproses in die geledere van die offisiële kringe; sodat die Antwerpse Akademie voor Schone Kunsten "er nog toe bijdroeg om de verouderde en reactionnaire sfeer, die op de artistieke milieu's van de Scheldestad drukte, ondoordringbaar te maken".<sup>22)</sup> Om hierdie rede sou die eensame en talentvolle De Braekeleer onder invloed van die sterk heersende Romantiese realisme (Leys) 'n vertragende stryd ondervind in die verdere ontplooiing van sy oeuvre na 'n oorspronklike en vry-persoonlike interpretasie van die natuur.<sup>23)</sup> Verder sou die Antwerpse tradisionalisme veroorsaak dat Stobbaerts na 'n lang en verbitterende stryd uiteindelik sy geliefde geboortestad moes verlaat om hom in 1866 te Brussel te gaan vestig.<sup>24)</sup>

#### DIE SKILDERKUNS IN BELGIË NA DIE OPTREDE VAN ENSOR

Alhoewel Brussel as artistieke sentrum vanaf die sestiger jare die leiding van Antwerpen oorneem, sou dit t.o.v. die Vlaamse kuns eers 'n deurslaggewende betekenis lewer met die eerste deelname aan 'n tentoonstelling deur Ensor in 1881, gereël deur die kunsvereniging La Chrysalide.<sup>25)</sup> Van nog groter belang vir die bekendstelling van die Ensor-oeuvre en die dientengevolge verdere ontwikkeling van die Vlaamse skilderkuns na 'n eie selfstandige karakter is die aktiwiteitete van die kunstenaarskring Le Vingt. Hierdie kring het vanaf 1884 tot en met 1893 onder leiding van Octave Maus (1839 - 1916) gereeld jaarlikse tentoonstellings georganiseer met die doel om aan sowel binnelandse as buitelandse "avant-garde"-kunstenaars die geleentheid te bied om hulle werke aan die publiek te vertoon.<sup>26)</sup> In die verloop van hierdie tien jaar vind ons sy aan sy, gelyktydig op die jaarlikse tentoonstellings verteenwoordig, die diverse oeuvres van baanbrekers vir die moderne rigtings soos die Impressionisme<sup>27)</sup>, Simbolisme<sup>28)</sup>, Pointillisme<sup>29)</sup>, en die vroeë Ekspressionisme<sup>30)</sup>. In die grond verteenwoordig Le Vingt 'n bewuste en georganiseerde

opstand teen die Akademisme en is al die lede en diegene wat as uitgenodigdes aan die aktiwiteite deelneem onverskrokke voorstanders van één prinsipe, nl. die individualisme. As sodanig sluit die vernuwers hulle aan by die hoofgedagtes wat reeds in die programme van die in Brussel vroeër bestaande kunstenaarsgroepes La Chrysalide, die Société Libre des Beaux-Arts<sup>31)</sup> en L'Essor<sup>32)</sup> vervat is, en wat 'n verenigde stryd aangevoer het teen die mengsel van Klassisisties- en Romantiesgeoriënteerde realisme, - soos wat dit vanuit die offisiële standpunt deur die Brusselse Akademie voor Schone Kunsten verkondig is om die op tradisiegestelde burgery tegemoet te kom en so 'n deurbraak vir die Realisme te probeer bewerkstellig.<sup>33)</sup>

Anders as die baanbrekers vir die Realisme wat min of meer een bepaalde teorie en metode in hulle algemene program van aksie voorgeskryf het, sou die gemeenskaplike nie-akademiese en individualistiese vryheidsbeginsels van die selfs teenstrydigste tendense en tegnieke, gelokaliseer binne die skoot van die Vingiste, geen bewuste streve tot eenheid probeer bewerkstellig nie.

Oorsigtelik beskou, sou daar onder die gelede van die beloftevolle Vlaamse lede van laasgenoemde kring 'n bepaalde voorkeur bestaan het vir 'n impressionistiese tegniek vir sover die kleur d.m.v. ligskildering onderskeidelik op 'n vry-persoonlike wyse vertolk is. Vergelyk byvoorbeeld die werke van die ouer geslag uit hierdie jare: De Braekeleer, Stobbaerts, Heymans en Vogels.<sup>34)</sup> Vergelyk verder ook die werke van die jonger lede soos o.a. Theodoor Van Rijsselberghe (1862 - 1926) en Henry van de Velde (1863 - 1957) wat gedurende hierdie jare al hoe meer probeer opgaan in 'n pointillistiese tegniek wat ooreenkoms met die werkwyse van Seurat en Signac vertoon.<sup>35)</sup>

Vir die jong Vlaamse skilder wat 'of as lid 'of as uitgenodigde aan die aktiwiteite van Le Vingt deelgeneem het, of as 'n tydgenootlike toeskouer alles van 'n afstand meegemaak het, sou die direkte konfrontering met die allerjongste artistieke tendense vanuit Parys en ander sentra soos Londen en Amsterdam 'n vrugbare voedingsbodem vir eie oorspronklike verwerkingsmoontlikhede kon beteken. Gesien die verdere ontwikkeling van die Vlaamse skilderkuns tot en met die Eerste Wêreldoorlog, sou alleen die genialiteit en

oorspronklike metodiek van die Ensor-oeuvre die jongste geslag van die Vingiste tot eer strek. Soos "een leeuw die eenzaam staat te brullen, zich bewust anders voelend" <sup>36)</sup>, lewer Ensor juis gedurende die bestaansjare van Le Vingt van sy allerbeste werk, in geen geringe mate uitgelok deur die som van die vernuwingsgees wat gedurende hierdie jare in hierdie Brusselse midde geheers het. Dat Ensor reeds toe 'n selfstandige werkwyse gehuldig het wat sy tyd ver vooruit was, word bewys deur die talryke konflikte met die beoordelingskomitee vir wie sy revolusionêre durf soms te gewaagd was om op die tentoonstellings toegelaat te word. <sup>37)</sup> Van offisiële kant sou erkenning ook nog lank uitbly. <sup>38)</sup>

Die essensiële waardes m.b.t. die selfstandigheid wat die Ensor-oeuvre vanaf 1879 tot 1892 openbaar, lê opgesluit in die oorspronklikheid waarvolgens Ensor sy interpretasie van en verhouding tot die ligwerking op die koloristiese en liniêre hoedanighede van die natuur en die dienooreenkomsstige oorspronklikheid van sy werkwyse laat geskied. In teenstelling tot sy luministies-georiënteerde Vlaamse tydgenote wat hoofsaaklik geïnspireer deur hulle eie vrye interpretasie van die Franse Impressionisme, die natuur volgens 'n subjektiewe weergawe van die ligwerking op die suiwer koloristiese waardes ter wille van of die objektiewe stemmingskwaliteit of die sinlikheidswaarde daarvan op die doek trag vas te lê en dientengevolge die vorm verwaarloos, sou Ensor die innige verband tussen kleur en vorm in verhouding tot die ligwerking daarop volgens 'n intuïtiewe wyse binne die begrensing van die artistieke werklikheid se wetgewende faktore in toepassing probeer bring. Aan die ander kant onderskei Ensor hom van die Franse Impressioniste deurdat hy die kleur probeer losmaak van die analitiese objektiwiteitswaarde daarvan en 'n meer persoonlike en vryer draende ideewaarde daaraan probeer heg. By wyse van implikasie erken hy hiermee die selfstandige waarde van die kleur as uitdrukkingsmiddel en sluit hy hom in hierdie opsig aan by die volkseie oorspronklikheids-eienskappe van die Vlaamse skilderkuns wat enersyds die waarde van die objek as mededelingsmiddel tussen subjek en toeskouer wil eerbiedig, en andersyds die tegniese en ambagtelike gevoeligheidswaarde van die kolorisme erkenning gee.

Uit 'n tegniese oogpunt gesien - veral wat sy eerste "donker"-periode betref, is Ensor onder die Impressioniste te klassifiseer<sup>39)</sup>; beter gestel, kan ons konstateer dat hy tuis hoort onder die Vlaamse Luministe wat die XXe eeuse kuns sou help voorberei. Vir die Vlaamse Ekspressionisme - en dus ook vir Floris Jespers as 'n verteenwoordiger van hierdie rigting - sou sy betekenis daarin lê dat hy langs die weg van die ekspressiewe waarde van die ligwerking op die kleur die subjek nader probeer bring aan die objek. 'n Volledige sintese van hierdie twee komponente vind voorlopig nog nie plaas nie.<sup>40)</sup>

Die antwoord op die vraag waarom hierdie sintese nog nie by Ensor kon plaasgevind het nie, lê opgesluit in die omstandigheid dat hy aan die ligwerking op die vorm nie dieselfde ekspressief-kwalitatiewe waarde gegun het as wat hy evoluerend van 'n donker na 'n ligter palet die ligwerking op die kleur beklemtoon het nie. M.a.w. Ensor ken nie dieselfde ekspressiewe waarde aan die lyn toe as wat hy by voorbaat aan die kleur sou gee nie. Verder: die liniëre waardes in die Ensor-oeuvre, hoewel aanwesig, verdwyn in die vorm, word opgeneem deur die ligwerking op die kleur en speel dus steeds 'n sekondêre rol t.o.v. die kleur in die ekspressief-gesuggererde vormgewingsproses binne die artistieke werklikheid.<sup>41)</sup> Hierdie tegniek pas in alle opsigte met sukses aan by die besondere interpretasie van die werklikheidsbeeld wat hoe later hoe meer konsekwent gedurende die betekenisvolle "oggendstone" van die Ensor-oeuvre 'n fantasmagoriese uitsig verkry. Die metafisiese wêreld van Ensor se fantasie veronderstel 'n soeket na 'n werklikheid agter die sigbare werklikheid; - 'n skynwerklikheid, uiterlik opgebou met maskers, spoke en onsinnighede, ooglik getooi met in lig pralende kleure, maar innerlik gelaai met wat 'n mens die "sappigheid der materie"<sup>42)</sup> sou kon noem.

Opgesom, produseer Ensor dus 'n artistieke werklikheid wat, terwyl dit afwyk van die logiese sigbare werklikheid en ondanks die subjektiewe gefantaseerde vlugte, tog steeds en altyd tred hou met die essensiële kwaliteite van die sigbare werklikheid. Subjek en objek neig dus na 'n sintese. 'n Volledige sintese word egter nie bereik nie, aangesien die skynwerklikheidsbeeld binne die artistieke werklikheid 'n blywende afhanklikheid aan die formele

eienskappe van die sigbare werklikheid vertoon. Hier staan Ensor dus tussen die Impressionisme en die Ekspressionisme, is sy rol as oorgangsfiguur duidelik aan te toon en word terselfdertyd ook die bewys gelewer dat die betekenisvolheid van sy oeuvre - in die eerste plek wat betref sy visioenêre vormtaal - eerder in die XXe eeu as in die XIXe tuishoort.

Die ontbinding van Le Vingt in 1893 sou geensins in die teken gestaan het van óf vertwyfeling óf wantroue t.o.v. die algemene vernuwingssgees waarmee die voortrekkers van die "individualisme" 'n dekade vroeër hulle aktiwiteite begin het nie.<sup>43)</sup> Min of meer dieselfde vooruitstrewendheid sou steeds aangetref word in die kunstenaarsgeledere wat vanaf die negentiger jare tot en met 1914 vir korter of langer tyd te Brussel die leidende funksies verrig het.<sup>44)</sup> Opmerklik is dit dat hierdie vooruitstrewendheid aldaar nie altyd konsekwent met oorspronklikheid gepaard gegaan het; en dit nie alleen te Brussel nie, maar ook te Antwerpen en ander sentra waar kunstenaarskringe en -kolonies, meestal in navolging van die Brusselse anti-akademiese voorbeeld, gedurende hierdie ongeveer twintigtal jare die kieme van progressiwiteit geopenbaar het. Die meeste Vlaamse skilders uit hierdie periode het dit nie verder gebring as net 'n oppervlakkige en persoonlike vertolkingswyse van 'n soort los stippelgepenseelde lig-op-kleur-skildering nie.<sup>45)</sup> Dit het gebeur tenspyte van die aanwesigheid van Ensor. Onder invloed van die Franse Impressionistiese visie en tegniek wat in België nooit tenvolle deursien of begryp is nie, het die eerste generasie Vlaamse Luministe die formele waardes van die ligwerking op die kleur ten koste van die én formele én ekspressiewe waardes van die lyn beklemtoon. Die resultaat hiervan sou inhoud dat die vorm - omdat die lyn nie dieselfde gelykmatige behandeling as die kleur ontvang het nie - en die inhoud - omdat die lyn en die kleur ter wille van die vooropgestelde totaalindruck van die momentele verskyning van die objek onder 'n bepaalde vibrerende beligting hulle ekspressiewe kwaliteit grootskaloos verloor het - verwaarloos is. Om hierdie rede bereik vorm en inhoud meestal geen geslaagde balansverhouding nie. Dit verklaar die feit waarom die onoorspronklike en in wese vreemdsoortige visioenêre en tegniese voorbeeld van sekere "leidende" Vlaamse Luministe weinig of selfs geen weerklink

; 1574 6093

21.

in die oeuvres van die daaropvolgende meer ekspressiefbewuste generasies van Simboliste en Ekspressioniste in eie lokaliteit sou kon ondervind nie. As praktiese bewyse hiervoor geld enersyds die veroordelingsgesindheid van die eerste Latemse groep Simboliste jeens en die maar tydelike bewondering van die tweede Latemse groep Ekspressioniste vir die oppervlakkig-impressionistiese landskappe van Emiel Claus (1849 - 1924) wat nie ver van Latem langs die Leie, nl. te Astene, arbeidsaam was; en andersyds die weinig konsekwente invloed van die Akademieleermeester Franz Courtens (1854 - 1943) se gematigde stippelmetode op sy leerling Floris Jespers te Antwerpen aan die begin van hierdie eeu.<sup>46)</sup>

Danksy 'n tweevoudige reaksiepatroon wat ongeveer vanaf die negentiger jare op die invloed van die Franse Impressionistiese tegniek in die Vlaamse middens gevolg het, sou die weg tot die bereiking van 'n volkseie oorspronklikheid in die skilderkuns na 1914 voorlopig - behalwe vir die geniale rol van Ensor - ook deur 'n aantal vooruitstrewende alleenlopers voorberei word: met dieselfde doelgerigtheid, maar langs verskillende weë sou 'n Jacob Smits (1856 - 1928), 'n Eugène Laermans (1864 - 1934), 'n George Minne (1866 - 1941) en die jong gestorwe Rik Wouters (1882 - 1916) gedurende die skepping van hulle onderskeie oeuvres 'n definitiewe standpunt t.o.v. die Impressionisme inneem. Elkeen sou op sy eie manier die uiterlike verskyningsvorme van die objek terwille van 'n persoonlike ekspressie in hulle onderskeie kunswerke in toepassing bring. In hulle werk bereik die verhouding van subjek tot objek 'n "gesonder" toestand as wat dit by die meeste Vlaamse Luministe die geval was, - en wel vir sover dit as 'n beter teelaarde vir die ontwikkeling in die rigting van 'n Vlaamse Ekspressionisme sou kon dien.

Aan die een kant dui die eiesoortige simbolisme van Smits, Laermans en Minne op die naderende bereiking van 'n sintese tussen subjek en objek: by elkeen van hulle is daar 'n definitiewe strewe merkbaar om innerlike belewenisse d.m.v. simboolwaardes van spesifieke werklikheidsbeelde te objektiveer.<sup>47)</sup> Aan die anderkant, en terwyl die kunstenaar blywend van die sigbare werklikheid uitgegaan het, veronderstel die Wouters-oeuvre 'n soeking na ekspressie d.m.v. die funksionele kwaliteite van die kunswerk self - m.a.w.

'n strewe na die skepping van 'n artistieke werklikheid wat 'n eie bestaansreg opeis en beantwoord aan die funksies van die wette van die kunswerk. Waar die werke van die Vlaamse Simbolistiese generasie in 'n sekere sin 'n reaksie teen die vlugtige skyn van die Impressionisme verteenwoordig, is die kuns van Wouters 'n verdere etappe van die impressionistiese naturalisme.<sup>48)</sup> Waar die Vlaamse Simboliste die uiterlike vormgewing van die sigbare dinge ter wille van hul psigies-lewende en literêre eienskappe d.m.v. 'n vrye spel van lig-op-kleur-skildering trag te veruiterlik - hoewel nie altyd gunstig genoeg gelaai met die volheid en welluidendheid van bykomstige suggestieryke waardes nie en ook nie altyd konsekwent in samehang met simbolies-ekspressiewe en beskrywende lyne nie - maak Wouters van die formele skoonheidseienskappe van die werklikheidsbeeld gebruik om 'n nuwe, oorspronklike en objektief-estetiese werklikheidsbeeld d.m.v. suiwer in lig gekonsentreerde en dinamiese piktureliale waardes te skep, gelyktydig en doelbewus uitgewerk in samehang met ritmies vloeiende, arabeskagtige, liniëre waardes. Wouters bereik d.m.v. hierdie tegniek 'n lewendige en 'n onderling met mekaar verbandhoudende spel van lig-op-kleurvlakke.<sup>49)</sup> Hierdie strewe na 'n ewewigtige komposisie van kleurvlakke beantwoord m.a.w. aan die funksie wat hulle t.o.v. mekaar en t.o.v. die eenheidsbeeld binne die afmetings van die skildery verrig. Subjek en objek bereik hiermee 'n saaklike sintese.

Vir Wouters gaan dit dus in die eerste plek om die verwesenliking van 'n suiwer en harmonieuze tegniese vormtaal. Alhoewel die tegniese metodiek suggestieryk is, geniet die betekeniswaarde van die objek as mededelingsmiddel 'n minimum aandag in sy oeuvre.<sup>50)</sup> Gevolglik sluit Wouters alleen wat die tegniese vormtaal betref by Ensor aan; hy sou die sintetiserende hoedanighede van die gelykmatige ligwerking op kleur en lyn ter wille van die vormgewende eienskappe daarvan nog verder en meer konsekwent as Ensor deurgevoer het, maar terselfdertyd minder aandag aan die suiwer ekspressiewe waardes van die ligwerking op die kleur geskenk het.<sup>51)</sup> Niteenstaande hierdie feitelikheid sou die Wouters-oeuvre 'n vrugbare bron - en spesiaal wat die moontlikhede van 'n selfstandige tegniese vormtaal betref - vir die toekomstige Vlaamse Ekspressioniste kon bied.

As 'n kenmerkende eienskap van die Vlaamse generasie Simboliste sou kon geld dat hulle in die eerste plek begaan was om die geestelike, morele, sosiale en religieuse betekeniswaardes van die onderwerp-studies as mededelingsmiddels. Wat die erns van hulle spesifieke intensie t.o.v. die keuse van die objek betref, sluit hulle digter aan by die eerste generasie Vlaamse Realiste as by die generasie wat hulle onmiddellik voorafgegaan het, nl. die Vlaamse Luministe.<sup>52)</sup> Dit is egter opmerklik dat selfs die talentvolste onder die Vlaamse Simboliste, soos o.a. 'n Smits en 'n Minne, ondanks die feit dat hulle getuies was van die artistieke omwenteling wat te Brussel en te Parys afgespeel het en terwyl die revolusionêre voorbeeld van Ensor in hulle skoot gelê het, vir 'n deel nog aansluit by die analiserende, visuele waarnemingskarakter van die Franse Impressionisme.<sup>53)</sup> Die teenstrydigheid tussen 'n sensuele aardsgesindheid en 'n nie-konsekwente verinnerliking, d.w.s. tussen 'n rasionalisme en 'n soort intuïtiewe sensitivisme is 'n fundamentele kenmerk van die Vlaamse Simbolistiese beweging. Dit verklaar ook meteens die aarseling t.o.v. die tegniese werkwyse wat die skilderkunstige produksies van hierdie generasie Simboliste betref. Waar kleur en lyn in samehang met mekaar gebruik is om vlakverhoudings en vormverhoudings te skep, is hierdie samehang meestal ter wille van die logies-visuele verband toegepas en die selfstandige, ekspressiewe waardes van die kleur nie noodsaaklik met dieselfde kwalitatiewe waardes van die lyn gebruik nie, - en andersom. 'n Doelbewuste vervorming van die visueel-waarneembare werklikheidsbeeld vir sover dit 'n selfstandige tuiste binne die artistieke werklikheid sou kon hê, was dus nie 'n doelstelling by die Vlaamse Simboliste nie - alhoewel die weg daartoe nie uitgesluit was nie. Om hierdie rede sou die Vlaamse Ekspressioniste 'n vrugbare voedingsbodem by die Simbolistiese alleenlopers in Vlaandere kon vind.

Die generasie Latemse Simboliste het in skoolverband onder leiding van Georges Minne vanaf 1899 langs die Leierivier, digby Gent, min of meer dieselfde program m.b.t. hulle visie op die werklikheid en die uitbeelding daarvan binne die sfeer van 'n artistieke werklikheid gevolg, alleen met die verskil dat daar in die Latemnare se werk oorwegend 'n religieuse impuls aanwesig is: "een intellektuele en morele sympathie tegenover het katolisisme,

maar weinig effektiewe of systematische praktijk dienaangaande".<sup>54)</sup> Hierdie godsdienstige allegorisme wat stuk vir stuk simbolistiese idees vertolk, ly egter meestal skipbreuk, aangesien die tegniese vormtaal daarvan nie voldoende ekspressiewe krag besit het om die bedoelde vergeesteliking van die stoflike werklikheid los te maak nie.

Die eensydige beklemtoning van die allegoriiese betekeniswaarde van die objek as mededelingsmiddel enersyds, en van die serebraal-georiënteerde metodiek t.o.v. die kleur- en lyngebruik, die vlak-, volume- en ruimteverhoudings "op grond van een uit een stuk bestaand, een plastische en psygologische eenheid vormend beeld" <sup>55)</sup> andersyds, het vir die meeste van die talentvolste onder die Latemse Simboliste 'n langdurige en tweestrydige probleem opgelewer. Die sintese van die simbolisme van onderwerp met die simbolisme van kleur en vorm is in die meeste gevalle maar net ten dele benader. <sup>56)</sup> Dit verklaar byvoorbeeld die byna sieklike gevoeligheid en fotografiese noukeurigheid wat Gustaaf Van de Woestyne (1881 - 1947) se meeste werke kenmerk. <sup>57)</sup> Duideliker is ook nou die tot byna vervelens toe herhalende stemmingstrant en die verfynde, monotoonagtige komposisies van Vlaamse heuwellandskappe van Valerius De Saedeleer (1867 - 1941) <sup>58)</sup>, asook die verhalende prentjiesagtigheid van die in somber kleur-gepenseelde, godsdienstige stukke wat Albert Servaes (1883 - 1967) voor sy bekering na die Ekspressionisme in 1919 gemaak het.

Sint-Martens-Latem, omdat hierdie gehug maklik vanuit Gent bereikbaar was en ook omdat die nie-akademiese sfeer rondom die Latemse groep Simboliste 'n sterk aantrekkingkrag op veral die jong akademiese studente te Gent uitgeoefen het, sou vanaf ongeveer 1905 tot 1912 die versamelpunt word van die sogenaamde Tweede Latemse Generasie. Die talentvolste van hierdie generasiegenote, Constant Permeke (1886 - 1952), Gustaaf De Smet (1877 - 1943) en Fritz Van den Berghe (1883 - 1939) sou na die Eerste Wêreldoorlog uitgroei tot kragtige persoonlikhede wat met gemeenskaplike aspirasies onder die vleuels van die Brusselse tydskrif "Selection" <sup>59)</sup> gedeeltelik sorg sou dra dat die volkseie oorspronklikheidseienskappe van sowel die visioenêre as die tegniese vormtaal van die Vlaamse kuns gedurende die jare 1920 - 1930 tot 'n hoogtepunt in die Vlaamse

Ekspressionisme gevoer wou word.

Geskool in die tradisie van die XIXe eeuse standpunt dat die kuns in benadering van die visueel-waarneembare werklikheid sy hoogste waarde verkry, sou die jong kwekelinge van die Gentse Academie voor Schone Kunsten aanvanklik sonder uitsondering aanhangers word van 'n impressionistiese tegniek. In hierdie sin het die persoonlikheid en luministiese werk van Emiel Claus, met wie hulle in gereelde kontak verkeer het, aanvanklik 'n definitiewe invloed op hulle werk gehad.<sup>60)</sup> Verrassend is dit weereens dat ook die Tweede Latemse Generasie die voorbeeld van Ensor voorlopig verby gesien het.<sup>61)</sup> Aan die ander kant sou, ondanks die ouerdomsverskille en die onvermydelike psigologiese en estetiese afstand, betekenisvolle vrien skapsbande tussen die twee generasies Latem nare ontstaan. Van besondere betekenis vir die verdere ontwikkeling van die skilderkuns is die vrien skaplike verhouding wat tussen Servaes en Permeke en tussen De Saedeleer en Permeke ontwikkel het. Onder die indruk van die panorama-landskappe van Valerius De Saedeleer en die aangrypende stilte wat daaruit straal, skilder Permeke op die einde van sy verblyf te Latem 'n aantal winterlandskappe met eindeloze hemels en silhoeëttagtige bome teen sneeubedekte horisonne. Oor die algemeen is die resultaat van die jonger skilder meer skilderagtig, kleurvoller, maar losser, minder netjies, minder natuurgetrou en gevolglik meer ekspressief. Die invloed van die maar drie jaar ouer Servaes op sy jeugvriend Permeke sou van nog deurslaggewender betekenis wees: behalwe die landskap, word by hom ook die belangstelling vir die mens - meer bepaald die boere tipe - gekweek. Simbolisties getinte tekeninge en skilderye, meestal landskappe waar die landbouer dikwels as die belangrikste in die komposisie oorweeg en wat aan die einde van sy Latemse periode ontstaan getuig van anti-impressionistiese brutaliteit en 'n meer oorspronklike improvisasie van die stippelverfmetode wat die uitvoering daarvan betref. Die doeke wat Permeke geskilder het te Oostende waar hy hom sou gaan vestig het nadat hy Sint-Martens-Latem in 1912 verlaat het, asook die in aanvanklik somber gekleurde en later in helder lig gepenseelde interieurs en landskappe uit Engeland waarheen hy as gewonde soldaat reeds vanaf 1914 gemobiliseer is, getuig van min of meer dieselfde pre-ekspressionis-

tiese eienskappe. Eers na sy terugkeer te Oostende sou die styf geboë lyne en vervloeiende kleurskakerings wat primêr terwille van hulle realistiese waardes gebruik is, langssamerhand begin plek maak vir reguitlynige en hoekige vlakke waarvan die koloristiese eienskappe hoe later hoe meer heftige kontraste met mekaar sou vertoon, ter wille van sowel die komposisionele as die ekspressiewe waardes daarvan. 'n Doelgerigte ontwyking van die visueel-waarneembare werklikheidsbeeld en 'n doelmatige tegniese oplossing om die artistieke werklikheid met sy bedoelde gevoelsekspressie te laat sintetiseer, lei Permeke dus tot die Ekspressionisme na 1918. Subjek en objek sou hiermee ook 'n uiteindelike gelukkige sintese kon bereik.

Vir Gustaaf De Smet en vir Fritz Van den Berghe sou die tweeledige sintese tussen oorspronklikheid van visie en tegniek andersyds, en tussen subjek en objek andersyds, ruim vier jaar later 'n volle werklikheid word toe hulle vanuit Nederland waarheen hulle met die aanvang van die oorlog verhuis het, na België teruggekeer het. In Nederland sou hulle met Hollandse "avant-garde"-kunstenaars en hulle werk in kontak gekom het. Terselfdertyd sou hulle langs hierdie weg ook vir die eerste keer kennis gemaak het met die non-figuratiewe werke van Kandinsky terwyl die eksperimente van die Italiaanse Futuriste, Franse Fauviste en Kubiste hulle belangstelling geprikkel het. Die Duitse Ekspressioniste se werke was hulle ook nie vreemd nie. Le Fauconnier wat gedurende die oorlog ook te Nederland woonagtig was, sou o.a. onder hulle vriendekring getel het. Die som van die voordele wat uit hierdie aanvanklik-chaotiese beïnvloedingsfeer uiteindelik sou kristalliseer, het vir albei die Latemnare ingehou dat hulle hul langssamerhand bevry het van 'n op sonnige uiterlikheid berekende impressionistiese tegniek.

De Smet sou sy donker maar gloeiende kleurerykdom en sy bloklig-gekonstrueerde vormgewing gedurende sy Hollandse periode grotendeels van die Fauve, Le Fauconnier, ontleen. Ook die invloed van Franz Marc se serebraal-konstruktiewe komposisies is nie heeltemal in De Smet se werk weg te reken nie. Ofskoon heelwat doeke met allerlei uiteenlopende onderwerpstudies wat hy gedurende hierdie periode vervaardig het die indruk sou skep dat die formele

waardes van die tegniese vormtaal die eerste aandag van die kunstenaar sou geniet het - en om hierdie rede dreig om tot 'n dekortiewe spel van komposisionele kleur- en vormverhoudings te veryl - sou die waarnemer na ondersoek tog tot die besluit kom dat die betekeniswaarde van die objek in elke geval die meeste oorweging geniet het. Na sy terugkeer te België, toe hy hom te Afsnee en nog later te Deurle gevlestig het en doelmatiger te werk gegaan het deur minder skematisies en meer ekspressief d.m.v. vereenvoudiging van kleur en vorm 'n gelukkige aanpassing te vind met die landelike motiewe wat hy die graagste verkies het om uit te beeld, bestaan daar geen twyfel meer oor die belangrikheid van die ekspressiewe betekeniswaarde van die objek as mededelingsmiddel nie. Op hierdie wyse bereik subjek en objek 'n sintese.

Waar Permeke en De Smet, niteenstaande hulle onderskeie beweegredes tot die toepassing van vervorming of vereenvoudiging van die visueel-waarneembare beeld en hulle aanvanklike tegniese mistastings, steeds blyk gegee het van hulle gebondenheid aan die sosiale en humanistiese tradisies van die bewussyn, sou Fritz Van den Berghe al hoe meer doelgerig 'n belangstelling getoon het vir die psigologiese betekeniswaarde van die objek. Die wyse waarop hy steeds meer doelgerig en radikaal deformasies in sy voorstellings van veral naak monsteragtige figure in 'n nie-realistiese ruimte tuisbring, terwyl die gloeiende kleurgebruik die spanning van die spookagtigheid verhoog, stel hom instaat om die ryk van die onderbewuste op die plan van die bewussyn oor te dra. Vanaf 1925 sou hy die eerste Vlaamse kunstenaar word om deel te neem aan die internasionale Surrealisme.

Nie een van die Tweede Latemse Generasiegenote keer na die oorlog weer na Latem terug nie. Die kontak tussen hulle word te Oostende waar Permeke hom weer gaan vestig het, opgevat. Hier sou De Smet en Van den Berghe hulle jeugvriend vanuit Holland enkele kere opgesoek het voordat hulle hul ook in Oos Vlaandere, nl. te Afsnee, uiteindelik gedurende 1922 gaan vestig het. Onmiddellik na hulle aankoms in België word 'n verkoopsooreenkoms deur Paul-Gustave Van Hecke (1887 - 1967) met medewerking van André De Ridder (1888 - 1964) en die Brusselse kunshandelaar, Walther Schwarzenberg, aan die driemanskap aangebied.<sup>62)</sup> Van Hecke se

bedoeling was om "de publieke opinie in beroering te breng" <sup>63)</sup> vir die moderne kuns in die algemeen. Aanvanklik sou slegs Permeke niks voel vir die geleentheid om van 'n vaste maandelikse inkomste langs hierdie weg verseker te wees nie. Vanaf 1920 egter vind ons sy naam saam met die van die ander twee en 'n horde ander anti-akademiese kunstenaars in die verkoopskatalogi van die pas gestigte Selection-verkoopsaal vermeld; hy sou trouens ook in die tydskrif Selection wat deur Van Hecke en De Ridder in dieselfde jaar tot stand gebring is, onoffisieel bekend gaan staan as die leier van die Vlaamse Ekspressionisme in die algemeen en van die driemanskap in die besonder. <sup>64)</sup>

Die sogenaamde Selection-beweging onder leiding van Paul-Gustave Van Hecke en André De Ridder het hom ten doel gestel om "iedere vorm van vernieuwende kunst" te verdedig, "maar het expressionisme wordt als soeverein behandeld". <sup>65)</sup> Die Vlaamse Ekspressionisme en die verskillende verteenwoordigers daarvan sou in die artikels van die Selection-tydskrif die meeste aandag geniet. Om hierdie rede is die Selection-beweging en die Vlaamse Ekspressionisme integraal met mekaar verbind, - en is die hoogtepunt wat hierdie stylrigting in Vlaandere gedurende die jare 1920 - 1930 bereik, tot 'n groot mate deur hierdie beweging teweeggebring.

Die skilderkunstenaar wat saam met die bovermelde driemanskap binne die kring van die Selection-beweging die meeste kommentaar uitgelok het - en wel omrede sy verbluffende tegniese kunde, was Floris Jespers. Die tegniese kwaliteite van Jespers se oeuvre gedurende die jare 1920 - 1930, en ook daarna, sou aan hom die bynaam "goochelaar van het expressionisme" <sup>66)</sup> besorg - 'n benaming wat meestal in negatiewe sin, dikwels ten onregte, deur kritici met sy naam en werk verbind is.

In hierdie eerste hoofstuk is by wyse van implikasie gewys dat rekening gehou moet word met visioenêre en tegniese faktore wat kenmerkend vir 'n Vlaamse volkseie oorspronklikheid in die skilderkuns is. Bygevolg sou genoemde faktore in aanmerking geneem moet word om die selfstandigheid van 'n enkele kunstenaarsoeuvre binne die totale ontwikkelingsfeer van die XIXe eeuse tradisie na die XXe eeuse Ekspressionisme in Vlaandere as 'n studie-onderwerp te regverdig.

Waar ons met hierdie studie 'n monografiese ordelikheid t.o.v. die Jespers-oeuvre as doelstelling beoog, het dit reeds met die aanvang daarvan duidelik geword dat die verskillende variasies t.o.v. Jespers se tegniese metodiek gedurende sy lang en vrugbare loopbaan wat ruim vanaf 1913 tot 1965 gestrek het, enersyds verskille en andersyds ooreenkomsmeet die van sy ekspressionisties-georiënteerde Vlaamse tydgenote vertoon. Uit ons ondersoek het dit geblyk dat die tegniese ooreenkomsmeet hoofsaaklik verband hou met die gemeenskaplike doelstelling wat die som van die Vlaamse Ekspressioniste t.o.v. die visioenêre faktor in hulle strewe na 'n volkseie oorspronklikheid gehuldig het, nl. die eerbied t.o.v. die ekspressiewe betekeniswaarde van die objek as mededelingsmiddel. Van nog groter belang vir die selfstandigheidswaarde van die Jespers-oeuvre het dit geblyk dat die tegniese verskille met byvoorbeeld die Tweede Generasie Latemnare hoofsaaklik verband hou met die besondere weg wat Jespers as stedeling te Antwerpen vanaf sy vormingsjare noodsaklikerwys moes bewandel: die konflik tussen die akademiese en nie-akademiese standpunte het in 'n groot mate 'n invloed op sy algemene tegniese ontwikkeling laat geld. Dit raak in besonder die uiteindelike bereiking van 'n sintese tussen subjek en objek terwille van die ekspressie.

Permeke, De Smet en Van den Berghe was aanvanklik te Latem in hoofsaak a.g.v. hulle persoonlike kontak met die Vlaamse Simboliste, soos o.a. Servaes, beïndruk deur die belangrikheid waarmee die ekspressiewe betekeniswaarde van die objek as mededelingsmiddel in funksie toegepas is. Terselfdertyd het die op uiterlikheid berekende skoonheidsgehalte van die luministiese stippelverfmetode van 'n Emiel Claus by hulle bewondering geniet. Hier teenoor was Jespers in hoofsaak a.g.v. sy byna gelyktydige kontak met die werke van Franz Courtens, Rik Wouters, Ensor, Cézanne en Van Gogh meer een-sydig beïndruk deur die suiwer tegniese revolusie aan die begin van hierdie eeu.

In die volgende hoofstukke wens ons langs die weg van 'n monografiese ordelikheid die uiters komplekse slingerproses in die evolusie van die veranderlike Jespers-oeuvre enigsins toe te lig. Bygevolg is dit ons betragting om uiteindelik die betekenis van Floris Jespers se unieke posisie as een van die medebaanbrekers vir die Ekspressionisme in Vlaandere te probeer bepaal.

- 1) Read, H.: Kunst zien en begrijpen, (Prisma-boeken nr. 639), Utrecht / Antwerpen, 1962, p. 87.
- 2) sien: Read, H.: Art Now, London, 1948, p. 56 - 62.
- 3) sien: Croce, B.: Brevier van Aesthetica, Arnhem, 1926; Bergson, H.: L'énergie spirituelle, Paris, 1949; Husserl, E.: Idées directrices pour une phénoménologie, Paris, 1931.
- 4) sien: Haftmann, W.: Painting in the Twentieth Century, London, 1960, I, p.10.
- 5) sien: Geyl, P.: Noord en Zuid, (Aula-pocket nr. 40), Utrecht / Antwerpen, 1960, III, p. 173 - 210.
- 6) Geyl, P.: Groot-Nederlandsche Gedachte, Antwerpen, 1925, I, p. 111.
- 7) sien: Van Haegendoren, M.: De Vlaamse Beweging - Nu en Morgen, (Vlaamse pockets nr. 81), Hasselt, 1962, I, p. 41.
- 8) sien: Wils, L.: De Ontwikkeling van de Gedachteninhoud der Vlaamse Beweging tot 1914, Antwerpen, 1955, p. 16.
- 9) Stubbe, A.: België sinds 1830, in: Kunstgeschiedenis der Nederlanden, (Redacteurs: J. Duverger en H.E. van Gelder), Utrecht, 1956, III, p. 250.
- 10) sien: Fontaine, A.: L'art belge, Paris, 1925, p. 23 - 30.
- 11) Vermeylen, A.: De Vlaamse Letteren van Gezelle tot Heden, (Vlaamse pocket nr. 75), Hasselt, 1963, p. 86.
- 12) sien ondermeer: De Mont, P.: De Schilderkunst in België van 1830 tot 1921, 's - Gravenhage, 1921; Haesaerts, Luc en Paul.: Flandre, Paris, 1931; Vanbeselaere, W.: De Vlaamse Schilderkunst van 1850 tot 1950, Van Leys tot Permeke, Brussel, 1959.
- 13) Wentinck, C.: De Geschiedenis van de Europese Schilderkunst, (Phoenix-pockets nr. 37), Utrecht, 1960, p. 112.

- 14) Behalwe H. Boulenger was die vernaamste verteenwoordigers van die Skool van Tervuren die volgende: Jozef Coosemans (1828 - 1904), Alfons Asselberghs (1839 - 1917), Henri van der Hecht (1841 - 1901) en Jules Montigny (1847 - 1899) - almal gebore Brusselaars.  
 sien: Van Zype G.: Maitres d'hier, Bruxelles, 1922;  
 Fierens, P.: Le Paysage en Belgique, Bruxelles, 1928;  
 De Taeye, E.L.: Les Artistes belges contemporains, Bruxelles, 1894.
- 15) De Mont, P.: op. cit., p. 162.
- 16) sien: Wentinck., C.: op. cit., p. 114.
- 17) De Mont, P.: op. cit., p. 168.
- 18) Die vernaamste verteenwoordigers van die Skool van Kalmthout was die volgende: Isidoor Meyers (1836 - 1917), Adriaan Heymans (1839 - 1921), Florent Crabeels (1829 - 1896) en Jacques Rosseels (1828 - 1912) - almal gebore Antwerpenaars.  
 sien ondermeer: Siret, A.: "L'Ecole d'Anvers en 1870", Gazet des Beaux-Arts, Paris, 11(2): 42 - 46, 1870;  
 De Taeye, E.L.: Les Artistes belges contemporains, Bruxelles, 1894;  
 De Mont, P.: Koppen en Busten, Brussel, 1903;  
 Fierens, P.: Le Paysage en Belgique de Fourmois à Vogels, Bruxelles, 1928.
- 19) Vanbeselaere, W.: op cit., p. 52.
- 20) Stubbe, A.: op. cit., p. 260.
- 21) Ibid.
- 22) Stubbe, A.: De Vlaamse Schilderkunst van Van Eyck tot Permeke, Brussel / Amsterdam, 1953, p. 373.
- 23) sien: Vanbeselaere, W.: "Henri De Braekeleer (1846 - 1888)", Kunsthistorische Bijdragen van het Jaarboek 1939 - 1941 van het Koninklijk Museum voor Schoone Kunsten te Antwerpen, Antwerpen, 1942.
- 24) sien: Marlier, G.: Jan Stobbaerts (1838 - 1914), Bruxelles, 1944.

- 25) La Chrysalide funksioneer vanaf 1876 tot 1881. Met die steun van amateurkunstenaars het hierdie kunsvereniging hom ten doel gestel om tentoonstellings in te rig vir die "avant-garde"-kunstenaars van België, - meestal in nageleenthede van Brussel. Op hierdie wyse is debutante met belowende talente soos o.a. Ensor, Vogels, Courtens en die beeldhouer Lambeaux tot algemene erkenning bevorder.  
 sien: Lemonnier, C.: L'École Belge de Peinture, 1830 - 1905, Bruxelles, 1906, p. 47.
- 26) Die lede van die groep Les Vingt was die volgende: Paul Du Bois (1859 - 1938), Fernand Khnopff (1858 - 1921), R. Picard, Theo Van Rysselberghe (1862 - 1926), Henry van de Velde (1863 - 1957), Georges Lemmen (1865 - 1916), Guillaume Charlier (1854 - 1925), Alfred William Finch (1854 - 1930), Anna Boch (1848 - 1933), James Ensor (1860 - 1949), Guillaume Vogels (1836 - 1896), Dario de Regoyos (1857 - 1913), Jan Toorop (1858 - 1928), Paul Signac (1863 - 1935), Félicien Rops (1833 - 1898), Auguste Rodin (1840 - 1917), Willy Herman Schlobach (1865 - 1951), G. Charlet, Guillaume Van Strydonck (1861 - 1937) en George Minne (1866 - 1941).  
 sien: Tentoonstellingskatalogus: De Twintig en hun Tijdgenoten, Koninklijke Musea voor Schone Kunsten van België, Brussel, 17 Februarie tot 8 April 1962.  
 'n Relaas oor die stigting van die kunstenaarskring Les Vingt verskyn in L'Art Moderne, Bruxelles, 3(4): 31 - 32, 7.10.1883, - 'n weeklikse tydskrif vir beeldende kunste, literatuur en musiek wat vanaf 1881 tot 1914 verskyn en waarvan Octave Maus een van die mederedakteurs was. Gereelde kennisgewings en kritiese artikels omtrent die jaarlikse tentoonstellings van Les Vingt is hierin opgeneem. Vanaf 1894 tot 1914 rapporteer die tydskrif ook die verskillende aktiwiteite van die kunstenaarskring La Libre Esthétique wat onder leiding van Octave Maus die funksies van die groep Les Vingt vanaf 1894 opvolg.
- 27) Uit die verskillende jaarlikse tentoonstellingkatalogi van die groep Les Vingt leer ons die volgende, dat:

- Claude Monet (1840 - 1926) as uitgenodigde deelneem aan die tentoonstellings van 1886 (tien skilderye, waaronder die Brug te Argenteuil een was) en 1889 (vier landskappe);
- Pierre-Auguste Renoir (1841 - 1919) in 1886 en 1890 uitgenooi word;
- Nederlandse Impressioniste soos o.a. George Hendrik Breitner (1857 - 1923), Isaac Israels (1865 - 1934) en Floris Verster (1861 - 1927) onderskeidelik in 1886, 1884 en 1891 as uitgenodigdes aan die groepstentoonstellings deelneem;
- Post-Impressionistiese oeuvres van Paul Cézanne (1839 - 1906) en Paul Gauguin (1848 - 1903) onderskeidelik 1890, en in 1889 en 1891 op die jaarlikse tentoonstellings verteenwoordig is.

- 28) G. Lecomte berig in sy artikel "Des tendances de la peinture moderne. Conférence faite aux 'XX' en 1892", L'Art Moderne, Bruxelles, 8(6): 42, 10.2.1892, dat die werk van Maurice Denis (1870 - 1943) wat hierdie jaar as uitgenodigde aan die jaarlikse salon van Les Vingt deelneem, onder die beste werke tel.
- 29) - Georges Seurat (1859 - 1891) word agtereenvolgens gedurende 1887, 1889 en 1891 uitgenooi om tentoon te stel by Les Vingt. In 1892 word 'n huldetentoonstelling aan hierdie pas oorlede kunstenaar deur Octave Maus en sy komitee georganiseer. Signac en Theo Van Rysselberghe neem ook aan hierdie geleentheid deel.  
- Nadat Paul Signac in 1888 as 'n uitgenodigde by Les Vingt tentoongestel het, word hy in 1890 as lid van hierdie vereniging verkies.  
sien: Maus, M.O.: Trente ans de Lutte pour l'Art (1884-1914), Bruxelles, 1926, p. 46.
- 30) Vincent van Gogh (1853 - 1890) word in 1890, terwyl hy toe reeds te St. Rémy verblyf het, uitgenooi om ses werke - waaronder twee studies van sonneblomme - ten toon te stel. In 1891 besluit die komitee van Les Vingt om ter gedagtenis aan

Van Gogh, - nog vóór die retrospektiewe tentoonstelling van sy werk in die Salon des Indépendants te Parys - agt van sy werke by die jaarlikse salon in te sluit. Die verwarde en veroordelende kommentaar wat in die Belgiese pers m.b.t.

Van Gogh se werk se werk verskyn, lewer genoegsame bewys dat die kunsbesef omtrent die pre-Ekspressionistiese visioenêre en tegniese vormtaal van Van Gogh nog ver nie ten volle begryp is nie.

sien: Destrée, J.: "Une brute à l'état pur", La Wallonie, Liège, 25 - 11, 18.9.1890;  
Verlant, d'E.: "Chronique des Arts", Le Journal de Bruxelles, 27 - 1, 28.8.1891.

- 31) Die Société Libre des Beaux-Arts bestaan reeds vanaf 1868 en is t.o.v. sy manifestasies om d.m.v. landskap- en genreskildering die realistiese tendens tot erkenning te lei, in hoofsaak gedra deur die Brusselse tydskrif, L'Art Libre wat vanaf 1871 tot 1872 verskyn; hoofredakteur: Louis Dubois. Verskeie lede van hierdie vereniging, soos bv. Louis Artan, Constant Meunier en Eugène Smits, sou van tyd tot tyd as uitgenodigdes aan die tentoonstellings van Les Vingt deelneem. 'n Retrospektiewe tentoonstelling van die vernaamste lede vind in 1932 in die Palais des Beaux-Arts te Brussel plaas.
- sien: Katalogus: Les Maîtres de la Société Libre des Beaux-Arts, Société des Grandes Rétrospectives, Bruxelles, 1932.
- 32) L'Essor bestaan gedurende die jare 1876 tot 1891. Stigterslede was o.a. J. Dillens, L. Herbo, L. Lambier en Henri Permeke. Die ondersteuners van hierdie vereniging neem aanvanklik almal die verdediging op vir die realistiese tendens in die kuns. In Oktober 1883 word besprekings in die boesem van die bestuur gehou wat die stigting van Les Vingt tot gevolg sou hê. 'n Skeuring wat 'n volgende progressiewe stap in dieselfde geledere sou veroorsaak, gebeur in 1891 toe Pour L'Art ontstaan. Laasgenoemde vereniging funksioneer vanaf 1892 tot 1939 en hou hom aanvanklik hoofsaaklik besig met die uitbouing van die Simbolisme in België.

- sien: Croquez, A.: Les peintres flamands d'aujourd'hui,  
Bruxelles, 1910, p. 26 - 29.
- 33) Maus, O.: L'art et la vie en Belgique - 1830 - 1905,  
Bruxelles, 1921, p. 12 - 18.
- 34) sien: Du Jardin, J.: L'Art Flamand - Les artistes anciens et modernes, Leur vie et leurs oeuvres,  
Bruxelles, 1896 - 1900, IV en V.
- 35) sien: Ibid., VI
- 36) Legrand, F.-C.: Inleiding tot die katalogus: De Twintig en hun Tijdgenoten, Koninklijke Musea voor Schone Kunsten van België, Brussel,  
17 Februarie tot 8 April 1962, Brussel,  
1962, p. 29.
- 37) sien: Haesaerts, P.: James Ensor, Brussel, 1958, p. 70 - 74.
- 38) sien: Ibid., p. 90 - 97.
- 39) sien: Avermaete, R.: James Ensor, Monographieën over Belgische kunst, Antwerpen, p. 6.
- 40) sien: Van Ostaijen, P.: Ekspressionisme in Vlaanderen, in:  
Verzameld werk: Proza, Antwerpen, 1956, IV, p. 9 - 66.
- 41) sien: Ibid.
- 42) Vanbeselaere, W.: De Vlaamse Schilderkunst van 1850 tot 1950, Van Leys tot Permeke, Brussel,  
1959, p. 141.
- 43) sien: Legrand, F.-C.: op. cit., p. 32 - 34.
- 44) Kunstenaarsverenigings wat gedurende hierdie jare te Brussel die toon aangegee het, was ondermeer die volgende:  
Pour L'Art (vanaf 1892); Le Sillon (vanaf 1894); La Libre Esthetique (vanaf 1894); L'Art Idealiste (vanaf 1896); Le Labeur (vanaf 1898).
- sien: Haesaerts, P.: Histoire de la Peinture Moderne en Flandre, Bruxelles, 1959, p. 261 - 263.
- 45) Te Antwerpen het die kunstenaarsvereniging Als Ik Kan wat vanaf 1883 gereelde tentoonstellings in die binne- en buite-

land georganiseer het, nooit heeltemal afgesien van 'n romanties-realistiese tradisionalisme wat die visioenêre vormtaal betref nie. Minder konservatief, maar met 'n enigsins oordreve voorkeur vir 'n tegniese vormtaal wat afhanklikheid aan dié van die Franse Impressionisme vertoon het, was die eenjarige aktiwiteite van die lede van die kring Les XIII gedurende 1885 te Antwerpen. Die meeste Vlaamse Luministe was lede van lg. vereniging: Emiel Claus, Théodore Verstraete, Charles Mertens e.a. Eers vanaf 1905, die jaar waarin Francois Franck die vir die toekoms mees belangrike kunsvereniging te Antwerpen, nl. Kunst van Heden gestig het, sou die Vlaamse beeldende kunste met die gereelde jaarlikse salons, voordragte en ander aktiwiteite mettertyd - en definitief na die Eerste Wêreldoorlog - 'n vrugbare akker in die Scheldestad gekry het. Leidende Vlaamse kunstenaars vanaf Hendrik De Braekeleer tot en met Permeke sou aan hierdie groepstentoonstellings deelneem. Retrospektiewe tentoonstellings van erkende kunstenaars se oeuvres is ook gereeld georganiseer. Die moderne Vlaamse kuns, vir sover dit buite die grense van België bekendheid vanaf 1908 begin geniet het, is ook veel verskuldig aan Kunst van Heden; gereelde groeps-tentoonstellings is in die belangrikste Wes-Europese hoofstede (Berlyn, Parys, Amsterdam, Stockholm ens.) vanaf 1908 tot en met 1935 georganiseer.

sien: Haesaerts, P.: op. cit.

sien oock: Koninckx, W.: Trente ans au service de l'art. Bilan de l'activité de 'L'Art Contemporain' depuis sa fondation en 1905, Anvers, 1935.

- 46) sien: Stubbe, A.: op. cit., p. 331 - 2.
- 47) sien: Vanbeselaere, W.: op. cit., p. 102.
- 48) sien: Stubbe, A.: op. cit., p. 370.
- 49) sien: Van Ostaijen, P.: op. cit., p. 23.
- 50) sien: Avermaete, R.: Rik Wouters, Brussel, 1962, p. 135 - 36.
- 51) sien: Ibid., p. 138, 144 en 145.
- 52) sien: Vanbeselaere, W.: op. cit., p. 102.

- 53) Van de Voorde, U.: Herkomst der Hedendaagsche Vlaamsche Schilderkunst, Antwerpen, 1943, p. 41.
- 54) Haesaerts, P.: Sint-Martens-Latem, Gezegend Oord van de Vlaamse Kunst, Brussel, 1966, p. 85.
- 55) De Ridder, A.: Valerius De Saedeleer en Zuid Vlaanderen, Antwerpen, 1938, p. 11.
- 56) sien: Haesaerts, P.: op. cit., p. 91.
- 57) sien: Van Hecke, F.: Gustave Van de Woestijne, Monographieën over Belgische kunst, Antwerpen, 1949, p. 16.
- 58) sien: Van de Velde, H.: Gesprekken met Valerius De Saedeleer, Brugge, 1943, p. 23.
- 59) Sélection, 'n maandelikse tydskrif, verskyn te Brussel vanaf 1920 tot 1927 onder redaksie van André De Ridder en Paul-Gustave Van Hecke. Die strydlustige gees waarmee die kommentaar van die redaksie en sy medewerkers (o.a. Georges Marlier, Paul Fierens, Luc en Paul Haesaerts, Maurice Roelants en Waldemar George ten gunste van die moderne internasionale strekkinge in die beeldende kunste gelewer is, sou hoe later hoe meer konsekwent die Vlaamse Ekspressionisme as 'n selfstandige stylrigting propageer. Die Sélection-verkoopsaal wat deur Van Hecke in 1920 tot stand gebring is, bly egter net tot 1921 bestaan.
- 60) sien: De Ridder, A.: Sint-Martens-Latem, Kunstenaaarsdorp, Brussel, 1946, p. 346.
- 61) Haesaerts, P.: op. cit., p. 195.
- 62) sien: De Ridder, A.: "Gustave De Smet et l'Expressionisme", L'Art Libre, 8: 90 - 92, 1920.
- 63) Haesaerts, P.: op. cit., p. 324.
- 64) Ibid., p. 325; sien ook voetnoot <sup>59)</sup> van ons teks.
- 65) Ibid., p. 328.
- 66) Ibid., p. 329.

## HOOFSTUK II

### JESPERS SE AANLOOP TOT DIE EKSPRESSIONISME

#### A. JEUG EN VROEË VORMINGSJARE (1889 - 1913)

Florent (alombekend as Floris) Egidius Emiel Jespers word as derde kind van beeldhouer Emiel Lodewijk Jespers en Catharina Philomena Verelst op 18 Maart 1889 te Borgerhout, 'n voorstad van Antwerpen, gebore.<sup>1)</sup> Die egpaar Jespers se twee oudste spruite, Emelia Maria Philomena en Oscar Frans Maria - hy word later beeldhouer - is ook te Borgerhout gebore voordat die familie vanaf Maart 1891 na die middestad van Antwerpen verhuis.<sup>2)</sup>

By hulle eerste adres alhier, Provinciestraat 122, waar die gesin tot Mei 1897 woonagtig sou wees, word nog vier kinders gebore: 'n dogter, Ludovica Augustina Catharina, 'n tweeling wat slegs 'n paar maande die lewe sou hou en 'n seun, Leander Jules Gustaaf. Hiermee was die gesin voltallig. Op 24 Mei 1897 verhuis die familie na Boitsotstraat 25, Wyk 8 van die stad Antwerpen. Na die afsterwe van vader Jespers by hierdie adres in 1918, bly die weduwee en haar drie jongste kinders, Floris, Ludovica en Leander, voorlopig nog hier aan. Die twee oudste kinders, Emelia en Oscar, het met hulle huwelike, onderskeidelik in 1909 en 1916, die ouerhuis reeds verlaat. Drie maande na sy vader se heengaan tree Floris in die huwelik en verlaat hy ook die huis. Ludovica volg sy voorbeeld in 1926. Moeder Jespers sou voortaan by haar jongste seun, Leander, verblyf.

Aan die einde van Mei 1928 verlaat Leander wat toe reeds getroud was, saam met sy moeder die middestad van Antwerpen om hulle in 'n voorstad, Berchem, te gaan vestig. Die huis wat hulle betrek het, was langs dié van die oudste dogter. Hier in die Mercuriusstraat 36, te Berchem, sou moeder Jespers in geselskap van haar kinders tot en met haar oorlye in 1934 woonagtig wees.<sup>3)</sup>

Vader Emiel Jespers, 'n seun van 'n polisiekommisaris, was 'n Akademie-opgeleide kunstenaar. Alhoewel hy nie 'n eersterangse beeldhouer sou word nie, verwerf hy reeds voor die geboorte van sy

twee later meer beroemde seuns, Oscar en Floris, 'n redelike bekendheid in eie streek met sy werke "in gebakken aarde en plaster".<sup>4)</sup> As lid van die Borgerhoutse Kunskring, "Eigen Vorming", stel hy gedurende Augustus 1886 drie werke ten toon. In 1887, terwyl hy in diens was van 'n orrefabrikant vir wie hy beeldjies uit hout gesny het, stel "hij enkele in gebakken aarde te Namen en Spa en Mechelen" ten toon.<sup>5)</sup>

Te Antwerpen geniet Emiel Jespers gedurende twee opeenvolgende jare, 1887 en 1888, erkenning toe van sy werke op die tentoonstellings van die Koninklijke Maatschappij tot Aanmoediging der Schone Kunsten aanvaar en tentoongestel is. Met hierdie geleenthede behaal hy "zoo 'n groot succes" dat die gemeentebestuur van Borgerhout aan hom 'n bedrag van 150 Belgiese Franke skenk wat hom in staat sou stel om die "Exposition Universelle et Internationale" te Parys gedurende 1889 te besoek met die doel om die werke "van vooral Fransche beeldhouwers" te gaan bestudeer.<sup>6)</sup> Later sou hy getuig dat dit veral die werk van Carpeaux en Rodin was wat by hom 'n voorkeur geniet het.<sup>7)</sup> Dit sou dan ook enigsins die barokkagtige en romanties-realistiese tendens in sy eie werk kon verklaar; – en terselfdertyd lewer dit enigsins bewys van 'n gestadigde ontwaking binne die sfeer van die konserwatief-denkende kunsminnende publiek te Antwerpen gedurende die eind-taalgiger jare van die vorige eeu.

Floris Jespers sou dus bestem wees om in 'n rustige, artistieke, huislike milieu groot te word. Ons kan aanneem dat hy en sy broer, Oscar, van vroeg af aan deur hul vader aangemoedig sou word toe hulle die eerste tekens van belangstelling en talent vir die beeldende kunste sou vertoon. Verbasend is dit dus nie dat beide – Floris en Oscar reeds vanaf 1900, onderskeidelik op elf- en dertienjarige ouderdom, terwyl hulle nog besig was met laerskoolonderwys, ingeskryf word as leerlinge vir die middag- en aandkursusse van die Koninklijke Academie voor Schone Kunsten te Antwerpen.<sup>8)</sup>

Aanvanklik is Floris en Oscar saam vir die eerste studiejaar ingeskryf, maar binne verloop van 'n paar maande word Oscar bevorder tot die tweede studiejaar. Die rede hiervoor blyk nie alleen sy hoëer ouderdom t.o.v. die van Floris te gewees het nie. Die feit dat Oscar aan die einde van sy eerste studiejaar die meeste punte uit 31 leerlinge behaal, bewys dat hy op daardie stadium oor

uitsonderlike talent beskik het.

Floris Jespers volg vanaf 1900 - 01 tot en met 1904 - 05 gereeld die aandklasse van die laer onderwyskursusse van die Koninklijke Academie voor Schone Kunsten te Antwerpen. Gedurende sy jare van primêre onderrig maak hy nog nie kennis met die skilderkuns as vak nie, aangesien dit nie as dissipline op hierdie vlak aangebied is nie. Hy ontvang les by verskillende leeraars in verskillende kursusse van die Tekenkuns wat, blykens die vakafdelings, 'n stewige akademiese ondergrond weerspieël: Geheue-, Sier-, Perspektief-, Projeksie- en Gelaatstekening. Selfs Rekenkunde, Deursigskunde en Meetkunde is jaarliks by hierdie kursusse ingesluit. Sy prestasies was gedurende hierdie tydperk bo gemiddeld goed. Op vyftienjarige leeftyd onderbreek hy waarskynlik sy dagskoolopleiding as ons dit mag aflei van die inskrywing van die Akademieregister van 1904 - 05, waar sy beroep nie meer as "schclier" maar as "sierraadschilder" aangeteken staan. Die inskrywings van 1905 - 06 en 1906 - 07 vermeld hom weer as 'n student van beroep, - iets wat daarop dui dat hy weer sy dagskoolopleiding hervat het en waarskynlik voltooi het.

Vir die volgende vier studiejare skryf hy in as deeltydse student vir die middelbare onderwysafdeling aan die Akademie en volg hy meestal die middagklasse van die vierde graad in die Tekenkuns wat deur verskillende leeraars jaarliks aangebied word. Hy ontvang sy eerste les in die Skilderkuns gedurende 1905 - 06. Uit die registeraantekeninge wil dit voorkom asof die "bijzondere leer-gang" van die vyfde graad kursus in die Skilderkuns en die vierde graad kursus in die Tekenkuns wat hy gedurende hierdie jaar gevolg en met onderskeiding geslaag het in verband gebring sou kon word met sy belangstelling in die Versieringskuns. Die feit dat sy beroep gedurende die studiejaar 1907 - 08, 'n jaar nadat hy die middelbare dagskool verlaat het, weer as "sierraadschilder" aangeteken staan, dui daarop dat Floris waarskynlik op hierdie stadium van plan was om sy toekoms aan die sierskildering te wy. In hierdie verband word ons getref deur die sorgsaamheid wat hy gedurende hierdie jare aan die dag gelê het om hom - wat sy formele kunsopleiding betref - doelmatig in die beheersing van die lyn se tegniese waardes tuis te maak, eerder as wat hy dit t.o.v. die tegniese waardes van kleur

gedoen het. Oscar het ook immers wat die keuse van vakke sedert sy eerste jaar aan die middelbare onderwysafdeling van die Akademie betref, hom doelbewus as beeldhouer bekwaam.

Aan die ander kant is dit ook opmerklik dat Floris vanaf 1907 - 08 stelselmatig belangstelling begin toon vir die figuurstudie na die lewe. Onder leiding van leeraar Juliaan de Vriendt neem hy gedurende die studiejaar 1908 - 09, afgesien van die Tekenkunskursus, ook 'n kursus in die Skilderkuns wat hierdie onderwerpstudie behandel. Verder is dit ook opvallend dat hy gedurende hierdie jaar sy beroep as die van "kunstschilder" in die Akademieregister laat aanteken, - 'n bewys dat hy sy uiteindelike beroep gevind het.<sup>9)</sup>

Vervolgens, net soos in die geval van Oscar, vind ons Floris Jespers as 'n ingeskreve student aan die Hooger Gesticht voor Schone Kunsten te Antwerpen waar hy vir die duur van vier jaar, 1909 - 10 tot en met 1913 - 14, onder die leiding van Franz Courtens landskapskildering beoefen. Hy sou seker nog langer hier aangebly het, was dit nie vir die oorlogsomstandigheid wat sou veroorsaak dat hierdie instituut vanaf Mei 1914 tot September 1919 gesluit is nie. Gedurende lg. jaar was hy reeds konstruktief aan die werk en besig om sy eie rigting te bepaal.

Courtens<sup>10)</sup> wat reeds voor die eeuwisseling 'n erkende posisie as marine- en landskapskilder in die Antwerpse offisiële en kunsminnende kringe gehandhaaf het, sou as Vlaamse Luminis, minstens een les aan sy nog onervare leerling in die skildervak voorgeskryf het, nl. om in die natuur sy belangrikste opdragte te ontvang; meer spesifiek om die hoedanigheid van die lig as 'n skeppende fenoomeen van visueelwaarneembare objekte te ondersoek en dit in sy skilderwyse te herlei.

Gedurende sy eerste jare aan die Instituut skilder Floris 'n aantal Scheldegesigte en Polderlandskappe. (Sien: Kat. A.1 - 1, - 4, - 6 en - 7). Dit is die eerste werke wat van hom bekend is en waarvan ons lees dat hy later heelwat daarvan verbrand het.<sup>11)</sup> Verassend is die monumentaal-ekspressiewe sfeer van hierdie eerste stukke. Die ruimtelikheid wat daarin gesuggereer is, kontrasteer opvallend met die gedronge stippelmetodiese komposisies van Courtens. Dat die kern van die verskille in verband gebring kan word

met die mate van tegniese selfstandigheid wat Jespers t.o.v. dié van sy leermeester reeds gedurende hierdie vroeë jare aan die dag lê, word bewys deur sy byna anti-impressionistiese stellingname: breë penseelhale wat die komposisionele waardes vanveral liniëre elemente ritmies met mekaar in 'n definitiewe verhouding stel, is kenmerkend van die onafhanklikheid- en oorspronklikheidsin van sy eerste werke. Weliswaar bereik hy hiermee nog nie 'n geslaagde, lewendige en gevoelige vormvastheid soos wat dit in sy werk ná 1914 sou voorkom nie. Voorlopig sou sy ruimtebegrip afhanklik bly aan die uiterlike noodwendigheid van die natuurverskyning en 'n dienoor-eenkomsstige tegniese oplossing. 'n Gestadigde maar sekere vooruitgang is merkbaar wanneer Op de Schelde, Winter (Kat. A. 1 - 1, fk. 1) van 1911, De Polder (Kat. A. 1 - 4, fk. 4) van 1912 en Op de Schelde, lage tij (Kat. A. 1 - 7, fk. 5) van 1913 met mekaar vergelyk word: monotoonagtige kleurvlekkies en silhoeëtagtige liniëre waardes is stelselmatig vervang deur groter en vaster koloristiese, liniëre, en vlak- en vormverhoudings. Lae horisonne, breedse toneelopset en dramatiese lig-donker kontraste, verhef die natuurvertolking stelselmatig uit 'n objektiewe verskyning tot 'n sfeer van 'n suggestiëryke, monumentale en subjektief-georiënteerde verhoudingspatroon, - sy dit dan steeds oorwegend ter komplimentering van die natuurverskyning ten doel.

In 1911 maak Floris Jespers sy debuut in publieke kring deur deel te neem aan die driejaarlikse tentoonstelling van die Koninklijke Maatschappij tot Aanmoediging der Schone Kunsten te Antwerpen. Hier sou sy enkele werk, Op de Schelde, Winter, tussen 312 ander stukke, meestal landskappe, van o.a. Jan Stobbaerts, Valerius de Saedeleer, Edmond Verstraeten en Georges Minne voorlopig ongemerk verbygegaan word, terwyl die werk van sy broer, Oscar, vermelding kry deur een van die begaafde kritici van hierdie tyd, Ary Delen.<sup>12)</sup>

Dit moes gedurende hierdie tyd gewees het dat Jespers hom as tjellis begin bekwaam, want vir die duur van ongeveer vyftien jaar "zag hij zich om wille van het dagelijks brood, verplicht als cellist in schouwburg-, music-hall- en bioskooporkestens op te treden."<sup>13)</sup> Gemaklik het die jong skilder wat na vertel word gelukkig ook 'n uitstekende musikant was, dit nie gehad nie.

Desondanks hierdie feit weet ons dat Floris wel daarin kon

slaag om gedurende 1910 te Melsele en weer vanaf 1912 tot 1915 te Rupelmonde verskillende ateljees te huur.<sup>14)</sup> Hierheen het hy van tyd tot tyd gegaan om sy Polderlandskappe en Scheldegesigte te skilder. In Mei - Junie 1912 neem hy vir 'n tweede keer deel aan 'n groepstentoonstelling, nl. te Luik. Landskapskildering na voorbeeld van die Luminis, Emiel Claus, geniet weereens die gunstigste aandag en kritiek terwyl Jespers se tentoongestelde Stilleven (Kat. A. 1 - 5) heeltemal geen kommentaar uitgelok het nie.<sup>15)</sup>

Vanaf 1913 sou sake wat betref erkenning begin verander. Gedurende die somer van daardie jaar word tot sy groot verwondering een van sy Scheldegesigte vir die indrukwekkende Exposition Universelle et Internationale de Gand vir tentoonstelling aanvaar. Dit is die stuk Gestrande Sloep (Kat. A. 1 - 6). 'n Leersame geleentheid moes hierdie vir die jong skilder gewees het; uitgesonder die werke van Ensor, Wouters en die gewone span helde van die dag (o.a. Stobbaerts, Claus, Courtens, Jacob Smits, Laermans, Valerius de Saedeleer) wat in die Belgiese afdeling "oeuvres-modernes" vertoon is, was daar ook werke van Franse, Hollandse en Engelse kunstenaars, soos o.a. Odilon Redon, Eduard Vuillard, Degas, Rencir, Monet, Signac, Rodin, Isaac Israëls, Willem Maris en George Sauter in die internasionale afdeling te sien. Vir die eerste keer kry die jong Jespers die geleentheid om sy eietydse landgenootlike luministies-georiënteerde gewrogte (van Stobbaerts tot Courtens) met die werk van ander van aangesig tot aangesig te vergelyk. Ons neem aan dat hy hierdie tentoonstelling sou besoek het.

Die Koninklijke Maatschappij tot Aanmoediging der Schone Kunsten te Antwerpen organiseer gedurende die herfs van 1913 'n salon van waterverfskilderinge en beeldhouwerke waaraan vader Jespers en sy twee seuns op uitnodiging deelneem. Floris se drie tentoongestelde gouaches Op de Schelde, lage tij (Kat. A. 1 - 7, fk. 5), Stilleven, groenten (Kat. A. 1 - 8, fk. 6) en Arm Volk uit Vlaanderen (Kat. A. 1 - 9) lok vir die eerste keer kommentaar van Ary Delen uit; gunstig vir sover die essensie van die tegniese vormtaal raak opgesom is: "dat knapheid, kleuren-zin en gevoel tot een harmonisch evenwicht"<sup>16)</sup> in die werk betrek is. Wat betref Floris se Regen en Wind (Kat. A. 1 - 10) wat teen die eindjaar op

die Kerstmistentoonstelling van die Kunstverbond van Antwerpen vertoon is, maak Delen gewag van sy "ernstig strevend temperament"<sup>17)</sup>, 'n eienskap net soos die voorafgaande uitspraak – wat in die eerste plek op die formele waardes van die tegniese metodiek van Jespers duい.

Dat sy opleiding as tekenaar gedurende sy Akademiejare 'n beslissende betekenis vir sy manier van skildering ingehou het, blyk reeds die geval te wees in sy eerste rivier- en polderstukke wat aan sy toenmalige interpretasie van die formule "l'art pour l'art" beantwoord het. Die enkele stillewes en figuurstudies in olie en gouache wat voor 1914 ontstaan, getuig van dieselfde volgende hiedanighede: donker monotoonagtige skaduwerking en kontoerlyne wat objekte skerp teen 'n ligte agtergrond laat uitstaan en die weinig aanwesige skilderagtige effekte wat ter wille van hulle ligwerkende aksente d.m.v. helder kleurtonaliteit volgens 'n uiters ekonomiese wyse in funksie gestel is. Stilleven, groenten (Kat. A. 1 - 8, fk. 6) illustreer hierdie "tekenagtige" manier van skildering duidelik genoeg: die oorwegend-donkergroen koolkop in die agtergrond wat d.m.v. los penseelhale 'n byna te massief-plastiese vormgewing bereik het, verdwerp die res van die in oordrewe lig gekonsentreerde groentes, regs voor op die tafel, in so 'n mate dat die onderlinge komposisionele balansverhoudings van voorwerpe hierdeur in gevaar gestel word; gelukkig verhelp die in lig-en-donkerblou geruite tafeldoek, links voor, dat 'n min of meer geslaagde balansverhouding – wat die geheel betref – komposisioneel bewerkstellig is.

In van sy tekeninge van voor 1914 maak Jespers soms gebruik van kleur ter wille van vlakvulling, – eerder as wat dit in tonaliteite ter wille van skaduwerking diensbaar gestel word. Die wisseling van ligwaardes op verskillende vlakke word bewerkstellig in ooreenstemming met die tekenwyse wat hy reeds op die Akademie sy eie gemaak het d.m.v. fyn aaneenskakelende lyne, afwisselend swaar en lig opgesit. Kyk ons na die twee tekeninge, Mijn Moeder (Kat. A. 1 - 2, fk. 2) en Sittende Dame (Kat. A. 1 - 3, fk. 3), sien ons dat die kontoerlyne, soos wat dit by die skilderinge gedurende hierdie jare die geval is, oock hier aanwesig is. Maar anders as in die skilderinge is liniëre waardes egter sagter,

vloeiender en word dit ter wille van 'n minder objektiewe suggestie op 'n meer subjektiewe wyse in funksie betrek, - 'n bewys dat Jespers se kunstenaarskap op hierdie stadium eerder nog in sy tekeninge as in sy skilderye tot volle uiting kom. Die los, suggestieryke manier van voorstelling in die twee laasgenoemde tekeninge van 1912 kan in kontras gesien word met sy De Polder (Kat. A. 1 - 4, fk. 4) van dieselfde jaar waar hy d.m.v. 'n swaar, oorwegend-donker impasto 'n polderlandskap met 'n laaggeleë horison, 'n meule en 'n paar bome wat teen 'n helder hemellug gesilhoeëtteer staan, in die eerste plek ter wille van die uiterlike noodwendigheid geskilder het.

Minder beskrywend en meer vorm-suggestieryk, hoewel die liniëre elemente steeds 'n kontouer- en silhoeëtagtigheid vertoon, is Jespers se Op de Schelde, lage tij (Kat. A. 1 - 7, fk. 5) van 1913. Hier maak hy weer gebruik van 'n lae horison en 'n indrukwekkende wolkehimmel in sy komposisie. Die waarde van die ligwerking op die lyn is egter meer daadwerklik in ooreenstemming met die ligwerking op die kleur beproef as by die laasgemelde geleentheid. Liniëre kwaliteite dreig om met die koloristiese hoedanighede te versmelt en neig tegelyk om op 'n meer geslaagde wyse in die vormsuggestie opgeneem te word. Hierdie laasgenoemde subjektief-georiënteerde werkwyse word voorlopig nog volgens 'n intuïtiewe manier bewerkstellig. Dit sou nie meer lank duur eerdat Jespers huis hierdie hoedanigheid in die werk van Ensor, Wouters, Van Gogh en Cézanne sou raaksien en dit op 'n bewuste en 'n verantwoorde wyse in sy werk vanaf 1914 in toepassing sou probeer bring nie,- ooreenkomsdig sy veranderende visie t.o.y. die selfstandige, funksionele betekeniswaarde van die artistieke werklikheid.

B. KENNISMAKING MET DIE POST - IMPRESSIONISME: Paul van Ostaijen, James Ensor, Vincent van Gogh en Rik Wouters (1913 - 1918)

In feite vertoon die tegniese vormtaal van Floris Jespers se geskilderde oeuvre reeds voor die aanvang van die Eerste Wêreldoorlog post-impressionistiese hoedanighede. 'n Enigsins blywende afhanklikheid aan 'n objektiewe uitdrukking van 'n geanalyseerde indruk van die natuurwerklikheidsvorm lewer vir ons die bewys dat die visioenêre vormtaal van Jespers gedurende hierdie jare steeds en hoofsaaklik

onder invloed van Luministe soos Courtens gestaan het, ofskoon hy nie in die eerste plek d.m.v. die formele waardes die liniëre elemente van die objekte wou konkretiseer nie en dit om hierdie rede as paradoksaal mag voorkom. Jespers was egter 'n man van "ernstig strevend temperament" soos ons reeds gesien het, en blyke van 'n moontlike veranderlike visie op die werklikheid vir sover dit in die artistieke werklikheid minder objektief 'n tuiste sou kon vind, is reeds bewys waar ons die koloristiese metodiek in verhouding met die liniëre metodiek in sy werk vanaf 1913 nagegaan het. Dat die post-impressionistiese oeuvres van Ensor, Wouters, Van Gogh en Cézanne, asook die besielende vriendskapsverhouding met die ewe-voortuitstrewende Paul van Ostaijen vanaf 1914 positief sou bydra om Jespers op sy weg te plaas na die bereiking van 'n groter selfstandigheid t.o.v. 'n tegniese en visioenêre vormtaal, sal ons aanstoms probeer aantoon.

Digter en prosaïs, Paul van Ostaijen, word dikwels beskryf as die Guillaume Apollinaire van die sogenaamde ekstremistiese kunsbewegings te Antwerpen aan die begin van hierdie eeu.<sup>18)</sup> Hy sou rondom hom 'n aantal jong beeldende kunstenaars vanaf 1914 getrek het waarvan die gebroeders Jespers en Paul Joostens (1889 - 1960) die belangrikste workers was. Kubistiese, Futuristiese en Ekspresionistiese stellings sou afwisselend en gelyktydig in die program van Van Ostaijen se teoretiese, kritiese en artistieke aktiwiteite binne hierdie kring aandag geniet. Hoewel hy en sy vriende nooit so ver gekom het om 'n bepaalde groepsvorming met 'n eie naam en 'n eie manifes te bewerkstellig nie, was hulle bydrae tot die daarstelling van blywende en vooruitstrewende waardes van suiwer estetiese aard gedurende die oorlog groter as enige van die toenmalige modernistiese groepe wat te Antwerpen ontstaan en artistieke aktiwiteite onderneem het. Roger Avermaete getuig met reg in 'n geskrif oor sy herinneringe wat hierdie oorlogsjare betref, dat Paul van Ostaijen "zeker de sterkste figuur van deze generatie" was en dat die gebroeders Jespers en Paul Joostens op daardie oomblik "de leidende figure van de moderne kunst, niet alleen te Antwerpen maar in gans het land" was.<sup>19)</sup>

As gevolg van die politieke en oorlogsomstandigheid waarin Antwerpse kunstenaars hulle vanaf 1914 sou bevind, het die eietydse

sosiologiese en humanistiese bekommernisse tendensieus 'n weerklang in hulle groepsaktiwiteite - en dienooreenkomsdig ook in die visioenêre en tegniese vormtaal van hulle werk - gehad. 'n Kenmerkende eienskap van die toenmalige tydsgees was dat eties-sosiale en estetiese norme as wisselwerkende faktore in die konkretisering van kunswerke dienspligtigheid ontvang het. Die neerslag van hierdie tendens sou uiteindelik na die oorlog in die verskillende letterkundige en artistieke verenigings by monde van hulle tydskrifte tot uiting kom, in die belangrikste maat aangevoer deur daardie medewerkers wat onder die benaming "Vlaamse Activiste" deurgaan en gedurende die besettingstyd reeds onoffisieel in groepe bestaan het. Hoewel Paul van Ostaijen as digter en kritikus in die meeste van hierdie tydskrifte sy werk later publiseer, sou hy reeds gedurende die oorlog 'n sekere graad van onafhanklikheid handhaaf. Die rede hiervoor kan sonder twyfel in verband gebring word met sy buitengewone talent en die oorspronklikheid van sy oordeel t.o.v. die teoretiese benadering van die rewolusionêre kunsopvatting aan die begin van hierdie eeu.

In sy eerste belangrike kunsteoretiese opstel "Expressionisme in Vlaanderen"<sup>20)</sup> wat Van Ostaijen in Junie 1918 geskryf het kort voor sy vlug na Berlyn, kom sy etiese en estetiese beskouinge oor die modernisme in die beeldende kunste duidelik na vore. In die eerste deel hiervan spreek hy hom uit teen die formule "l'art pour l'art" soos wat dit deur die Impressioniste in hulle werk geondersteun is, aangesien dit volgens sy mening "geen konsekwentie van een levensaanschouwing" is nie, maar "enkel een soort arbitraire verontschuldiging tegenover de bourgeoisie, algemeen geldende kunstsmaak van die periode, ..." <sup>21)</sup> Volgens hom geld dit ook vir wat betref die kuns van die XIX<sup>e</sup> eeu wat die Impressionisme voorberei; en verder, dat hierdie formule tot gevolg sou hê dat die kuns "zich niet zelfstandig tegenover het maatschappelijk gebouw verhield, wel dat haar styl daarvan afhanklik was; dat het subjektivisme en de souverainiteit besloten in de 'l'art pour l'art' - formule slechts in zeer relatieve zin te begrijpen zijn, voor zover zulks met de artistieke fantasie van deze by uitstek bourgeoisie periode strookt."<sup>22)</sup>

Die selfstandigheidswaarde wat hierdie formule vir die kuns

vanaf die optrede van Van Gogh en Cézanne sou inhoud, vind egter geen veroordeling by Van Ostaijen nie. Die teendeel is waar. As post-impressionistiese teoretikus bepleit hy die standpunt al sou die eensydige subjektivisme van die "bourgeoise impressionisme" wat die uiterlike noodwendigheid van objekte tot uitdrukking bring, vervang moet word deur 'n subjektiewe uitdrukking "van een naar synthese doelende indruk" en dat die innerlike noodwendigheid "van de aangebrachte vormen en kleuren" terselfdertyd 'n selfstandige doelstelling in die artistieke werklikheid moet wees.<sup>23)</sup> Dienoordeensomstig eis hy wat hy 'n "dubbele zelfstandigheid" noem, vir die subjek en die objek binne die sfeer van die formule "l'art pour l'art" op. So is dit trouens ook vir die eerste keer deur Van Gogh en Cézanne in hulle skeppende werk ter wille van "een breder socialisme"<sup>24)</sup> gestel. Hierdie begrip van dubbele selfstandigheid van die natuurwerklikheidsvorm as objek en die künstenaar as subjek, veronderstel dat 'n "gesubjektiveerde objek" in die artistieke werklikheid bereik sou kon word, - m.a.w. 'n sintese van die objek en die subjek. Uitgaande van sy kennis omtrent kunsteoretiese geskrifte<sup>25)</sup> wat pas voor die aanvang van en gedurende die Eerste Wêreldoorlog in Frankryk, Duitsland en Italië gepubliseer is, maak hy die afleiding dat daar vanaf 1910 in Europa "de richting van het geestelike tegenover de materialistiese bourgeois opvatting, in algemeen kunsthistorische zin de ideoplastiek na eeuwen van fysioplastiek in de kunst"<sup>26)</sup> as dubbele selfstandighede, gesien as altoos in polêre verhouding met mekaar, aan die ontwikkel was. Die byna gelykydighe ontstaan en groei in Duitsland, Frankryk en Italië van onderskeidelik die Ekspressionisme, die Kubisme en die Futurisme met die doel om d.m.v. 'n anti-materialistiese noodwendigheid die ideoplastiek in ere te herstel, sien Van Ostaijen as 'n proklamering van hierdie rewolusionêre rigting.

Uit meer as een bron verneem ons dat tot en met die datum van die skrywe van bovermelde opstel nog Paul van Ostaijen, nog die gebroeders Jespers, nog Paul Joostens die geleentheid gehad het om kennis te maak met oorspronklike voorbeeld van of die Duitse Ekspressionisme, of die Franse Kubisme of die Italiaanse Futurisme vanweë die oorlogsomstandigheid.<sup>27)</sup> René Victor in sy geleent-

heidsgeskrif ten tye van die Retrospektiewe Tentoonstelling van Floris Jespers se oeuvre in 1966, getuig dat die bovermelde buite-landse stylrigtings aan hierdie klein groepie Vlaamse vooruit-strewende belangstellendes "slechts door reproducties en de kunst-critiek"<sup>28)</sup> bekend was; - so ook wat betref die werk van Cézanne en Matisse. Ongeveer gelyktydig daarmee sou hulle met wat Victor betitel "een literatuur en een onconformistische geestesrichting", gedurende die oorlogsjare kennis maak. Behalwe vir die poësie en "Peintres Cubistes" van Apollinaire, die boeke van Gustave Conquiot en die teoretiese geskrifte van Gleizes en Metzinger uit Frankryk, is die aandag van die groepie Antwerpenaars ook gevestig op die geskrifte van o.a. Kurt Hiller, Max Scheler en Wassily Kandinsky<sup>29)</sup>; laasgenoemde ná 1914 met die Duitse besettingsperiode en voorgenoemde reeds voor die tyd. Tewens, soos wat ons kan af-lei uit Paul van Ostaijen se bovermelde opstel oor die Vlaamse Ekspressionisme, was die manifeste van Der Blaue Reiter van 1912 en die Futuriste van 1910 ook aan hulle bekend.

Paul van Ostaijen ontmoet Floris Jespers in een van die Antwerpse Music Halls kort nadat die skilder gedurende die herfs van 1913 aan die Salon van die Koninklijke Maatschappij tot Aanmoediging der Schone Kunsten te Antwerpen deelgeneem het. Hierdie ontmoeting geskied deur die bemiddeling van 'n gemeenskaplike kennis, Rik Cox (1892), en word vier jaar later deur Van Ostaijen self in sy eerste artikel omtrent die werk van die gebroeders Jespers beskryf.<sup>30)</sup> Van Ostaijen se getuienis omtrent sy eerste kennismaking met die werk van Floris verklaar al dadelik die rede vir die besondere geesgenootskap wat tussen die twee kunstenaars vanaf 1913 sou begin ontwikkel. "Toen kwam ik op zijn atelier. Zulks was reeds voor mij een openbaring. Dat er naast mij, in dit ander kunstvak, iemand leefde met vaak dezelfde betrachtingen, had ik niet vermoed"<sup>31)</sup> Net soos Floris, was Van Ostaijen op daardie stadium ook op soek na 'n geskikte tegniese vormtaal wat ten volle aan sy veranderende visioenêre vormtaal sou kon beantwoord. In die verloop van die volgende vier jaar sou hulle mekaar in hierdie soeke steun en aanmoedig. Gereelde ontmoetings, meestal in geselskap van René Victor, Oscar Jespers en Paul Joostens "en dan de bijna dagelike gemeenskappelike gesprekken en discussies op de

menigvuldige ateliers die Floris Jespers achtereenvolgens heeft betrokken en in zovele Café's waar we ontelbare uren hebben gesleten, gesprekken meestal vol jeugdige jolijt, doch ook soms zwaar van metaphysische ernst"<sup>32)</sup> sou van deurslaggewende belang gewees het vir die verdere ontwikkeling van albei die kunstenaars se oeuvres.<sup>33)</sup>

'n Kenmerkende eienskap van hierdie eerste modernistiese kuns-kring wat aldus te Antwerpen ontstaan, is die teoretiserende aard van hulle estetiese doelstellings. Van Ostaijen wat hom hoe later hoe meer met die teoretiese problematiek van die beeldende kunste begin besig hou, sou later herhaaldelik klem lê op teenstellings met die voorafgaande Luministiese generasie in Vlaandere nadat hy tot die gevolgtrekking gekom het dat die kernverskil met die Impressionisme alhier ten gevolge van "een denkende" verset teen die "bloot objektiewe" prinsipe "lig voor alles" en "kleur voor alles" bewerkstellig is.<sup>34)</sup> Inderdaad gebeur dit so dat verskillende nuwe en gevarieerde tegniese oplossings - in geheel gesien, voorlopig as kousale faktor - deur hierdie "avant-garde"-kunstenaarsgroep onder die vergrootglas geplaas en gaandeweg daadwerklik beproef is om dienooreenkomsdig gehoor te gee aan die strewē na 'n gemeenskaplike visioenêre vormtaal.

Die voorbeeld van Ensor se kuns sou hulle die eerste 'n weg aanwys. Deur sy wil tot denke was hy immers die eerste kunstenaar ná die Luministe om 'n oorspronklike visioenêre vormtaal ten behoeve van die Vlaamse volkseie oorspronklikheidseienkappe daar te stel. Wat by Ensor intuïtief aanwesig was, sou van toe af aan 'n lewensnoodsaaklikheid word. Die leemte in Ensor se tegniese vormtaal, vir sover subjek en objek nog geen volledige sintese ter wille van 'n doeltreffender ekspressie sou kon bereik nie, is voorlopig nie raakgesien nie.<sup>35)</sup> Hoewel minder bekend, maar wat plotseling ook ter sake gebring sou word, is die bewuste aard van Wouters se werk - en in die besonder die dinamies-sintetiserende kwaliteite van sy simplistiese vlak- en vorm harmonieë,<sup>36)</sup> terwyl die daarstelling van 'n gesubjektiveerde objek d.m.v. 'n verhewigde tegniese vormtaalgebruik van Van Gogh eweneens op hulle weg as direktiewe voorbeeld sou verskyn.

Van 'n deurslaggewende betekenis vir die verdere ontwikkeling

van die tegniese vormtaal van Floris Jespers vanaf 1914 was die merkwaardige tentoonstelling van Kunst van Heden in Mei van daardie jaar. 'n Groot aantal werke van Ensor, Wouters, Van Gogh en Jacob Smits is op die agste tentoonstelling van hierdie ondernemende kunsgenootskap aan 'n meestal verontwaardigde Antwerpse publiek opgedis. In 'n artikel van Onze Kunst uit hierdie jaar vertel Ary Delen met nadruk van "een honend spotgelach der niet-begrependen", en aan die ander kant van "de bewonderende geesdrift der waarachtige kunstvoelenden" wat meer as voldoende bewys dat hierdie tentoonstelling "een gebeurtenis was van zeer ongewoon belang." <sup>37)</sup> Van Van Gogh is nie minder as negentig werke van alle afmetings, sowel uit sy Brabantse tyd as uit die later Franse periode gehang, terwyl Jacob Smits met honderd en twintig werke, Ensor met honderd en agt doeke en Wouters ook met 'n totaal van 'n honderd stuks skilderye en beeldhouwerke verteenwoordig is. Dit was voorwaar 'n pragtige geleentheid vir Jespers en sy makkers om kennis te maak met die vroeë oorwegend ideoplastiese rigting wat aan die begin van hierdie eeu sy verskynning maak en waarvan Van Ostaijen 'n paar jaar later die besondere betekeniswaarde vir die Vlaamse Ekspressionisme sou beklemtoon. <sup>38)</sup>

Waarskynlik lê die trefkrag van hierdie tentoonstelling vir Jespers in die betekenis van die gelyktydige verskyning van hierdie tentoongestelde oeuvres op 'n tydstip toe hy intuïtief tot die besef gekom het, dat daar in 'n objek veel meer waar te neem is as bloot net die uiterlike plastiese verskyningsvorm daarvan; en dat die vryheid van ligwerking op vlakke en vorms in 'n artistieke werklikheid as 'n positiewe faktor diensbaarheid t.o.v. die skeping van 'n groter waarheid van die visueel-waarneembare werklikheid kan ontvang. Die oeuvres van die bovermelde meesters sou afsonderlik en gesamentlik hierdie besef by Jespers bevestig.

Met die aanvang van die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914 het Jespers reeds die Hoger Instituut verlaat. <sup>39)</sup> Sy woonadres bly in die Bevolkingsregister van Antwerpen vir die duur van die oorlog nog steeds as sy ouerhuis, Boitsotstraat 25, aangegeteken staan. <sup>40)</sup> Hy het, soos wat ons reeds op gewys het, gedurende hierdie jare meer as een ateljee gehad; een in die stad en 'n ander op die platteland, meestal langs die Schelde. <sup>41)</sup> Hy het

voltyd geskilder en dit wil ons voorkom dat hy weinig of geen werk gedurende hierdie moeilike oorlogsjare verkoop gekry het nie. Behalwe die inkomste wat hy as tjellis in Music Hall - en bioskoop- orkeste ontvang het, weet ons uit 'n brief<sup>42)</sup> van hom aan Rik Cox dat hy en sy broer elkeen steungeld van eers 15 en later 25 Belgiese Franke per maand van 'n Amerikaanse Steunkomitee vir kunstenaars ontvang het. Oor die algemeen is die geriewe vir kunstenaars om hulle werk in die publiek te vertoon en van die hand te probeer sit, drasties deur die besetters ingekort. Daar was dus weinig geleenthed vir kunstenaars om aan tentoonstellings deel te neem. Kuns-handels is gesluit en die aktiwiteite van die meeste kunsverenigings in die land is tydelik tot 1919 a.g.v. die oorlogscsomstandighed gestaak. Gedurende hierdie tyd vertoon Jespers sy werk slegs by twee geleenthede in die publiek.

Aan die einde van 1915 stuur Jespers twee van sy werke na die Kerstmistentoonstelling wat deur die Kunstverbond van Antwerpen ingestig is. Vroeg in Februarie van 1917 vind 'n tweemanstentoonstelling van Floris en Oscar Jespers se werk in die saal van die bo-vermelde vereniging plaas. Daar is 'n totaal van vyf en vyftig olies, waterverfskilderinge en tekeninge van Floris en vyf en dertig beeldhouwerke en tekeninge van Oscar vertoon; die resultaat van ongeveer drie jaar se arbeid. Dit is opvallend dat Floris gedurende hierdie jare byna geen landskappe of riviergesigte geskilder het nie. Stillewes en figuurstudies geniet die meeste van sy aandag.

Uit die werk van laasgenoemde tentoonstelling van 1917 kan ons die ontwikkeling van die Jespers-oeuvre gedurende die vroeë oorlogsjare goed nagaan. Let ons dan op die evolusie wat die werk van Floris Jespers gedurende die jare 1914 tot 1917 vertoon, kan ons by voorbaat konstateer dat daar 'n stelselmatige en 'n bewuste weg na binne gevolg word, terwyl die kunstenaar ook steeds bewustelik 'n realistiese lewensaanskouing sou bly handhaaf. In 'n sekere sin breek hy nog nie met die formule "l'art pour l'art" nie, soos wat dit deur die Luministe in die voordeel van die natuurverskyning as objek gebruik is. Aan die ander kant huldig hy gaandeweg 'n sterker subjektiewe standpunt wat betref die uiterlike noodwendigheid van die objek in die natuur, om tot 'n ewewaardige weergawe in

die artistieke werklikheid te geraak. 'n Soeke na die essensiële eienskappe van die objek en 'n bewuste oordrywing in die weergawe daarvan, terwyl die inhoud tegelykertyd aan waarde sou win, is kenmerkend van sy werk gedurende hierdie evolusie. Subjek en objek beweeg nader aan mekaar nitemstaande die heersende realiteitsin. Tegnies gesien, openbaar sy werk eerstens 'n bewuste-like dissipline wat betref die beheersing van die formele waardes van veral koloristiese kwaliteite in hulie verhoudings tot die lyn vir sover die essensiële eienskappe van die objek volgens 'n hoe later hoe meer oorspronklike vlakverdeling binne die sfeer van die artistieke werklikheid herlei word. Sy tegniek vertoon om hierdie rede vereenvoudiging. 'n Sekere graad van sintetisering van die vormtaalelemente word voorlopig hierdeur bereik. Dit sou vanaf 1917 die weg na 'n toenemende ekspressionistiese geladenheid van die koloristiese en liniére elemente kon baan, - weereens, nitemstaande die blywend-heersende realiteitsin van die kunstenaar.

Dit is seker dat die laaste Salon van Kunst van Heden gedurende die lente van 1914 'n geweldige indruk op Floris Jespers gemaak het. Direk na hierdie opspraakwekkende gebeurtenis teken en skilder hy 'n aantal stillewes en boomgaarde in die trant van Van Gogh wat "zoveel als een onvoorwaardelik gemanifesteerde sympathie-betuiging betekend."<sup>43)</sup> Hierdie werk kan ook gesien word as 'n soort dissipline waaraan Jespers hom uit 'n behoefte vir dié soort tegniese vormtaal onderwerp het wat hy intuïtief as progressief aangevoel het. Dit verklaar ook waarom hy op hierdie tydstip in sy oeuvre 'n klein aantal werke vervaardig wat herinner aan Cézanne en Matisse.<sup>44)</sup>

Die heilsame resultaat van hierdie soort tegniese oefenmetode ontmoet ons in sy werk vanaf 1915, - en meer daadwerklik in 1916; 'n veranderende lichter palet en 'n losser gepenseelde metodiek maak hulle verskynning. Hierdie tendens is byvoorbeeld opeenvolgend in Stilleven met Appelen (Kat. A. 1 - 16, fk. 11), Portret van G. van der Bempt (Kat. A. 1 - 17, fk. 12) en Weerkaatsingen (Kat. A. 1 - 26, fk. 19) duidelik merkbaar. Ligwerking op die kleur wat in 'n stelselmatigegraad van oordrywing toegepas word, is die oorsaak hiervan. Ook in sy tekeninge<sup>45)</sup> kom die pen- en penseelhale haastig en opsommend voor en gebruik hy die ligwerkende

effek van groot openinge ter wille van die logiese plastiese waarde daarvan.

In 'n sekere tegniese opsig sluit Jespers hom egter hoe later hoe meer by Ensor en dan nog later by Wouters aan. Net soos by Ensor die geval was, verdwyn die liniére elemente in die kolorisme gedurende 'n toenemende subjektiewe en ekspressief-bewuste vorm-gewingsproses. Die lyn word stelselmatig deur die kleurtonaliteite a.g.v. 'n steeds geintensifiseerde ligwerking opgeneem.

Kleur wen aan formeel-komposisionele en ekspressiewe krag, terwyl die liniére elemente hierdie funksies egter verloor. De Klare Werkplaats (Kat. A. 1 - 25), Weerkaatsingen en Olympe met de Moffel (Kat. A. 1 - 28, fk. 20) is goeie illustrerende voorbeelde hiervan. Die bewuste drang om d.m.v. die geintensifiseerde ligwerking op die kleurwaardes gelyktydig 'n geslaagder objektiwiteit en ekspressiwiteit te bekom, kan nog verder geillustreer word in Jespers se eie woorde: "Terwyl ik schilder, weet ik het lig brandend op de vensterruiten achter mij, het licht tuimelt mij over de rug. Ik moet mijn doek ruimer maken door ook dat er in te brengen wat objektiief buiten het doek valt." <sup>46)</sup> En tog, nieteenstaande hierdie bewuste drang, sou Jespers voorlopig eerder intuïtief as bewustelik die ligwerkende krag op kleur aanwend, en omdat hy in teenstelling met Ensor sy logiese realiteitsin vooropstel, bewaar hy sy selfstandigheid t.o.v. Ensor. Anders gestel, kan ons konstateer dat, aangesien Jespers in sy tegniese vooruitgang gedurende hierdie kort bestek van tyd nog steeds 'n blywende realiteitsin openbaar, die Ensor-invloed slegs kortstondig en tydelik 'n heilsame uitwerking op sy oeuvre sou kon bemagtig. Die fantasmagoriese visioenêre vorm-taal van Ensor <sup>47)</sup> wat uiteraard meer suksesvol by sy soort lig-metafisika in die tegniese oplossing gepas het, het buite die ideaal van Jespers se realiteitsin geval. Dit verklaar waarom die laas-vermelde doeke van Jespers 'n ietwat te uitbundig en onplanmatig vertoon. Hierdie feit kon 'n leemte geword het, maar word egter algou deur sy bewondering vir die bewusgeordenheid van vlak- en kleur-verhoudings van Wouters se werk aangevul.

De Groene Spiegel (Kat. A. 1 - 34, fk. 26), een van die jongste werke op die tentoonstelling van 1917, vertoon sy eerste stap in die rigting van nuwe vlakverdelings en -verhoudings. Hoeveel

minder luidrugtig en meer ingetoë is die stemming in hierdie laaste doek in vergelyking met Weerkaatsingen (Kat. A. 1 - 26, fk. 19). Warmer en lewendiger kleurtonaliteit verhoog die ekspressiwiteit van die doek, nog steeds veroorsaak deur 'n intense beligting op die voorwerpe en gemeet na 'n sintetiserende realiteitsin. Die vlakverdeling word eenvoudiger en vertoon 'n konsekwenter opsomming van die essensiële eienskappe van die natuurobjekte as wat vroeër die geval was. 48)

Gelyktydig met sy doelbewuste aandag wat aan die kleurvlakke in komposisie met mekaar geskenk word, begin Jespers langamerhand ook meer klem lê op die formele waarde van die lyn as 'n komposisionele middel in 'n bepaalde verhouding met die deur die intens-beligte en ekspressief-bewuste gebruik van die kolorisme. Hierdie georganiseerde manier van lynbehandeling is reeds vanaf 1916 in sy tekeninge merkbaar. Die dinamiese en opsommende tekenwyse waarmee Jespers trag om die essensiële vormgewing van die menslike figuur d.m.v. haastige penseelstrepe op die papier vas te lê, kom duidelik en trapsgewys na vore in die volgende tekeninge: Thérèse, (Kat. A. 1 - 29, fk. 21) tot Selfportret, Sittend in 'n Stoel voor sy Esel, (Kat. A. 1 - 33, fk. 25). In die laasvermelde waterverfskets is die eenvoud van vlakverdeling a.g.v. die losgepenseelde, formele, liniëre elemente in verhouding met die haastige tonale vlakverdeling wat ter wille van die plastiese waarde daarvan gebruik is in ooreenstemming met die formele waardes van kleur- en lyntoepassing in die doeke De Groene Spiegel en Roode Cello (Kat. A. 1 - 35, fk. 27), en die akwarel Olympe (Kat. A. 1 - 36, fk. 28) van 1917.

### C. KUBISTIESE AVONTUUR (1917 - 1921)

Met De Groene Spiegel wat aan die einde van 1916 klaargekom het, bereik Floris Jespers die hoogtepunt van sy post-impressionistiese oeuvre. Terselfdertyd sou hierdie hoogtepunt ook 'n keerpunt inhou vir sover dit 'n elementêre konstruktivisties-ekspressionistiese program vir die ongeveer vier daaropvolgende jare sou aankondig. Futuristiese en in die besonder Kubistiese verwantskaplike stellings, tegniese eksperimente en afleidings sou afsonderlik en gesamentlik vanaf 1917 as kenmerkende eienskappe die steeds

laaiende ekspressionisties-georiënteerde tegniese en visioenêre vormtaal van die Jespers-oeuvre kwalifiseer. Om 'n selfstandige tegniese vormtaal te bereik wat in alle opsigte in staat sou kon wees om by die ontwikkelende ekspressiwiteit van sy besondere realiteitsin aan te pas, moes Jespers voorlopig eers langs verskillende weë die formele en emosionele waardes van liniëre en koloristiese elemente teen mekaar opweeg. Geslaagde balansverhoudings wat betref die gebruik van fisio- en ideoplastiese vormtaalelemente in ooreenstemming met 'n geslaagde subjek-objek sintese in die voordeel van die ekspressie, gehuisves in die skildery as 'n outonome werklikheid, sou uiteindelik deur Jespers vanaf 1922 gedurende sy integraal-ekspressionistiese periode bereik word.

Een van die weinige eksperimente van Jespers wat duidelik as Futuristies aangedui kan word, is sy Haven (Kat. A. 1 - 38, fk. 30 en fk. 30 d) van 1917. In hierdie doek probeer die kunstenaar die gelyktydige verskynning van objekte wat gewoonlik by hawetoneel aangetrof word in lewendige kleur- en lynbehandeling vas te lê. Na 'n besoek van Eugene de Bock, 'n joernalis van die dagblad "Het Vaderland", gedurende Mei aan Floris Jespers se ateljee te Mortsel, gee hy die volgende beskrywing van hierdie doek: "Ik zou zoo kunnen spreken over een 'synthese van de haven'. De schilder wandelde door de haven en word getroffen door brûte en fijnere kleuren van een grote afwisseling en warrelinge van vormen. Enorme karkassen van schapen rood en zwart, een zinkende Novemberzon, de schuin het water schijnt in te zakken, kleinere blanke zeilen, in de verte een fabriekschouw, bruggen, kranen, wagens, een rood paard, vlaggen en wimpels, starre straatstenen en het gestuw van water onder de logge rompen."<sup>49)</sup>

Die dinamiese vlakverdelings wat hier in hoofsaak d.m.v. diagonale belyning en kontrasterende helder kleure verkry is, gehoorsaam aan 'n logiese perspektiwiese planmatigheid. Dit beantwoord m.a.w. ook aan die logiese realiteitsin van Jespers. Anders as Paul Joostens se Futuristiese kuns wat via Ensor se "lichtmetafysika"<sup>50)</sup> en via Gauguin se peitisme met "konsentrering van licht binne intensiteitsvlakken"<sup>51)</sup> minder verantwoordelik teenoor die natuur optree om 'n eties-ingetoë en sintetiserende vlakkespel van kleure en lyne te bewerkstellig, is die futurisme van Jespers

meer uitbundig, aan die aarde gebonde en meer realisties-lewens-aanskoulik. Hierdie was egter net 'n oefening vir Jespers. Van daar dat Jespers gedurende 1918 weer tydelik sou terugkeer na 'n sintetiese planmatigheid van vlakke en kleure wat getrouer die voorbeeld van die visueelwaarneembare werklikheid sou gehoorsaam. Sien in hierdie verband: Barmeid (Kat. A. 1 - 39, fk. 31) en Stillewe met Blou Vaas (Kat. A. 1 - 40, fk. 32).

Die mees positiewe waarde van hierdie tegniese oefening na Futuristiese voorbeeld vir die Jespers-oeuvre kom duidelik tot uiting in die daaropvolgende werke vanaf La Maitresse (Kat. A. 1 - 41, fk. 33) tot Hella Moja (Kat. A. 1 - 47, fk. 39). Die som van hierdie aantal werke, wat betref die verskillende vlakverdelings, beantwoord nog steeds aan 'n perspektivisme volgens 'n logiese realiteitsin. Die liniëre en koloristiese hoedanighede van elkeen van hierdie komposisies is meer dinamies en ekonomies gesintetiseer om 'n sentrale objek of gebeurlikheid in teenstelling met doeke wat vroeër meer direk onder die invloed van Wouters tot stand gekom het. Sien in hierdie verband byvoorbeeld De Klare Werkplaats (Kat. A. 1 - 25) en Weerkaatsingen (Kat. A. 1 - 26, fk. 19). Die planmatigheid begin oorgaan in 'n soort konstruktivismus: sommige geboë lyne en vlakke begin mekaar opeenvolgend herhaal sodat 'n komposisie as geheel vereenvoudig word. Ofskoon die liniëre en koloristiese elemente hier meer dinamies-ekspressief aandoen as vroeër, word die uiting van suiwer ekspressiwiteit aan bande gelê deur formele funksies wat op hierdie stadium nagekom moes word.

'n Evidente vervolg op hierdie manier van skildering is dat Jespers sy belangstelling vir die Kubisme ook teoreties sou bevorder. Dit gebeur ook inderdaad so dat hy in 1919 in korrespondensieverkeer met Metzinger, medeskrywer van "Du Cubisme" – soos wat dit uit 'n brief van Paul van Ostaijen aan J. Cantré blyk.<sup>52)</sup> Jespers het alreeds gedurende die oorlog in geselskap van Paul van Ostaijen en sy makkers goed kennis gemaak met hierdie geskrif wat die grondbeginsels van die Kubisme uiteensit. Dit is egter vanaf die einde van 1918 dat hy sou oorweeg om die teorie in die praktyk toe te pas. Die bewys hiervoor vind ons in die briefwisseling tussen Jespers en Van Ostaijen nadat die digter Antwerpen in November 1918 verlaat het en 'n paar dae voor die Wapenstilstand na Berlyn vertrek het.<sup>53)</sup>

Gedurende Mei 1918 is Floris Jespers se vader te Antwerpen oorlede. Ongeveer 'n maand na hierdie gebeurlikheid tree hy met Olympia Johanna Leonie Gardien in die huwelik, verlaat hy sy ouerhuis en gaan vestig die paartjie hulle in Haantjeslei 39 waar hulle tot die einde van 1919 sou bly woon. Direk na sy huwelik, betrek hy 'n ateljee in Zuidergrensstraat te Mortsel, 'n voorstad van Antwerpen. Teen die einde van 1918 is sy eerste seun, Paul Fermin Leandre, gebore.<sup>54)</sup>

In November 1919 publiseer Jespers 'n album van ses linogravures met daarby 'n geskrewe inleiding deur Paul van Ostaijen.<sup>55)</sup> Volgens die datums in potlood onderaan dieselfde versameling linoafdrukke in besit van die Stadsbibliotheek te Antwerpen wat almal gedurende Januarie van daardie jaar geparafeer is, lei ons af dat die kunstenaar reeds gedurende 1918 daarmee begin het. Styloanalities toon hierdie linogravures egter sowel ooreenkomslike as kontrasterende kenmerke met oliewerke uit hierdie jaar, soos o.a. met La Maitresse (Kat. A. 1 - 41, fk. 33) en De Soldaat (Kat. A. 1 - 42, fk. 34), nienteenstaande die verskil van medium. Vaste dinamiese belyninge in swart wat ritmies in samehang met die wit vlakke van die papier skakel, het as resultaat doelbewuste vereenvoudigde komposisies wat aan die realiteit herinner. In sommige stukke soos o.a. De Verliefden (Kat. A. 1 - 55, fk. 47), word dit nog verder verryk met suggestiëryke halwe tone wat d.m.v. die linografiese tegniek bewerkstellig is. Die argitektoniese konstruksiegehalte van die tegniese vormtaal soos wat dit in die objekte in die ses komposisies voorkom, is in ooreenstemming met die betekeniswaarde per objek weergegee. In sy inleidingswoord bestempel Van Ostaijen hierdie doelbewuste ooreenkoms tussen die tegniese en visioenêre vormtaal as liriek: "Het geeft het transcendente wezen, de lyriek van de voorwerpen weer. Het vertrekt van de voorwerpen en geeft daar het wezentlike van: de Lyriek."<sup>56)</sup> Subjek en objek beweg bewus nader aan mekaar in die guns van 'n duideliker ekspressie.

Hierdie manifestasie van Jespers om 'n skakeling tussen die idee van 'n objek in die artistieke werklikheid en die tegniese metodiek te bewerkstellig, is van deurslaggewende betekenis vir die verdere ontwikkeling van sy oeuvre. Die besondere tegniese vorm-

taal in hierdie lino's gebruik, kan as die kousale faktor vir hierdie manifestasie geld. In kort kom dit daarop neer dat Jespers hier vir die eerste keer daarin slaag om die ekspressiewe kwaliteite van die liniëre elemente in 'n enigsins bevredigende balansverhouding met die suggestierykheid van die kleurhoedanigheid binne dieselfde komposisie te bereik. Die dramatiese effek van wit-swart kleur- en tonaleverhoudings moet hier natuurlik as 'n positiewe faktor gesien word. Die realiteitsin wat Jespers in hierdie lino's handhaaf, verskil egter met die logiese perspektiwiese kwaliteite van vorige komposisies – grotendeels veroorsaak deur die betreklikheid van wit-swart liniëre en koloristiese vlakverhoudings. Die karakter van Jespers se nuut-ontdekte perspektief beantwoord aan 'n tweedimensionaliteit, eerder as wat dit die visuele natuurwetmatigheid komplimenteer. As gevolg hiervan word die eenvoud en gesintetiese hoedanighede van die objekte beklemtoon en vind daar enigsins 'n outomatische deformasie plaas, gevolg deur heftiger ekspressiwiteit. Gesien in die lig hiervan, word die volgende beskrywende samevatting deur Van Ostaijen van die lino De Verliefden (Kat. A. 1 - 55, fk. 47) wat in 1920 in 'n doek herhaal is, duidelik: "De kunstenaar streeft in 'De Verliefden' naar het beeldende synthese van het onmiddellijk gegevene. De parole van dit werk is: door het synthese naar het begrip. De brandende zon verenigt in loodrecht-smalle vlakken zon en aarde: smal en loodrecht-plassen van de zon. De nacht is zacht; het karakter van de nacht is fantastisch, daarom schijnen zijn beeldende vormen, wanneer men het bewustzijn hun karakter nader komen wil, willekeurig. Tegenstelling die het ganse omsluit; scherpe-links-dag; weekheid-rechts-nacht. In dit ritme staan de geliefden. Men bedenke even hoe zij daar geplaat zijn: de man links, de vrouw rechts. Van daaruit volgt men de lyrische ontwikkeling: dag-man-vrouw-nacht."<sup>57)</sup>

Dit wil vir ons voorkom asof Jespers vanaf die produsering van bovermelde linogravures aan die einde van 1918 die Kubistiese kernboodskap van Gleizes en Metzinger<sup>58)</sup> stadig maar seker vir sy eie praktyk en ekspressiewe doelstelling begin aanvaar, veral m.b.t. die noodsaaklikheid om die objek doelbewus en volledig te herskep en sodoende 'n plastiese konstruksie daarvan te maak wat 'n eie bestaansreg opeis. Vanuit Berlyn sou Van Ostaijen herhaaldelik op die

heilsame waarde van die Kubistiese teorie in die algemeen wys. 59) 'n Selfstandig-aangepaste konsekvensie van hierdie teoretiese stelling gebeur in Jespers se werk eers vanaf die tweede helfte van die volgende jaar.

Soos verwag kan word, word die kentering vooraf in sy tekeninge uit hierdie jaar aangekondig. Die deformatiewe eienskappe van die menslike figuur soos wat hy dit in die artistieke werklikheid 'n selfstandigheid sou kon gee, word geïllustreer deur Sittende Naakfiguur op Strand (Kat. A. 1 - 50, fk. 42) en Twee Vrouefigure op Strand (Kat. A. 1 - 51, fk. 43) wat Jespers waarskynlik tydens 'n besoek aan Knokke waarheen hy en sy familie van nou af aan min of meer gereeld gedurende die somer sou gaan, geskets het. Eenvoud van lyn en vlak en die byna suiwer tweedimensionale verhoudings is in hierdie stukke nog verder versterk met donker monotone van gouache-vulling. Dieselfde metodiek is oorgedra in die haastige pen op papierskets, Olympe en Paul (Kat. A. 1 - 49, fk. 41) wat eintlik 'n portretstudie van sy vrou en babaseuntjie veronderstel te wees.

Van nou af aan sou Jespers - voorlopig nog onbewus - voor die volgende probleem te staan kom: as skilder moes hy sy liniëre en koloristiese elemente in samehang met mekaar op so 'n wyse rangskik dat dit as outonome elemente funksioneer en tog terselfdertyd 'n gelade ekspressiwiteit in ooreenstemming met die betekeniswaarde van die gesubjektiveerde objek huisves. Aan hierdie probleem sou hy gedurende 1920 en 1921 meer daadwerklik en bewustelik worstel en dit voorlopig intuïtief skilderkunstig probeer oplos deur oorver-eenvoudiging aan te wend. Massieve of minimale monotoonagtige vlakke word met mekaar en met skerp liniëre elemente in rangskiking gebring, sodat die uiterste lig-donker kleurkontraste verkry word. Sien byvoorbeeld De Zanger (Kat. A. 1 - 58, fk. 50) en Amerikaan (Kat. A. 1 - 59, fk. 51), albei van 1920. So non-figuratief en formeel-dramaties is die eindresultaat egter dat die ekspressiwiteit bykans verdwyn en die formele elemente dreig om as dekoratiewe gesintetiseerde eenhede te domineer. Die een eksperiment na die ander word beproef om 'n oplossing vir die proefonder-vindelike leemte te soek. Daar word deur Jespers selfs doelbewus teruggekeer na 'n vereenvoudigde sintese van die visueelwaarneembare

beeld met die toepassing van dramatiese ligeffekte in ooreenstemming met die sinteties-kubistiese formule soos wat ons dit aantref in Komposisie met Koeie (Kat. A. l - 60, fk. 52) en Herfs (Kat. A. l - 61, fk. 53). Die eindresultaat in hierdie gevalle is 'n aksentuering van liniëre elemente in 'n te drastiese kontrasverhouding met die kolorisme – en dit mis dus die ekspressiewe doelstelling van Jespers.

Gedurende Desember van 1919 verhuis Jespers en sy vrou met hul baba na 'n nuwe adres in Antwerpen, Robert Molstraat 31, waar hulle tot aan die einde van 1924 sou vertoeft. Vanaf 1919 sou die artistieke aktiwiteite in Antwerpen en Brussel weer stadigaan begin opleef. Tentoonstellings word weer ingerig, tydskrifte en kunsverenigings neem weer hulle juk op of word van nuut af in die lewe geroep.<sup>60)</sup> Waar eie geleentheid hom op hierdie terreine sou voor doen, het Floris Jespers hom van die begin af ten volle in die revolutionêre sfeer van hierdie aktiwiteite gewerp .

Te Antwerpen vestig hy algou die aandag op hom deur deel te neem aan drie opeenvolgende tentoonstellings waar hy eerstens sy nog Luministies-georiënteerde De Groene Spiegel van 1916 in die conservatieve milieu van die Koninklijke Maatschappij tot Aanmoediging der Schone Kunsten se Driejaarlijksche Salon van 1920 vertoon.

Groot was die verbasing van die publiek en die ouer kunskritici toe hy – terwyl die laasgenoemde tentoonstelling nog geloop het – met drie konstruktivistiese doeke by die eerste groepstentoonstelling gedurende Julie en Augustus van die pasgestigte Sélection-groep van Brussel in die Kunstverbondzaal te Antwerpen uitpak.<sup>61)</sup>

Die eerste publieke aankondigings van sy konstruktivistiese stylbewussyn in die gepubliseerde album met ses linogravures en die paar pentekeninge wat in Ruimte en Ça Ira verskyn het<sup>62)</sup>, gemeet aan die kommentaar wat dit in die pers van 1920 uitgelok het, is blykbaar nie as 'n ernstige manifestasie van Jespers se kant beskou nie.<sup>63)</sup> Die finale beslag van sy nuwe doelgerigtheid word egter bewys met sy deelname aan die Salon der Kubisten gedurende Augustus te Antwerpen en die tentoonstelling Oeuvres de Cubistes et Neo-Cubistes gedurende September van dieselfde jaar te Brussel in die nuwe Sélection-tentoonstellingslokaal.

Dat Jespers met sy konstruktivismre reeds in 1920 sowel 'n hoog-

tepunt as 'n keerpunt in sy skilderkunstige evolusie bereik het, word in dieselfde jaar alreeds deur Victor Brunclair in sy artikel in die tydskrif *Ruimte* gesuggereer: "Is hier wellicht het tijdvak ingezet, waarbij Jespers na jarenlang realisme (in wezen, niet in verschijning) zijn scheppingsdrang meer naar het bovenzinnelike verlegt? Zoc we zeiden verfijning, is dit niet als neerslagskunst ... en subtilisering van het verworwene te beschouwen? Dit ware, creatief, volslagen onmacht. Een dood punt. Maar hier ging zijn beelding uit realiteit op naar een spiritualistiese hoogte, vanwaar zijn kijk op de dingen zich wijzigt en een techniek schept eraan gelijkwaardig. Na het volbrengen van deze ontwikkelingsfase zal uiteindelik van hem gezegd zijn, dat zijn kunst geen zinnelike genieting is, wat ze tot voor jaren her traditioneel bleef, maar geestelik impuls, zoals de toekomst ze in haar wording begroeten zal."<sup>64)</sup> Hierdie insiggewende voorspelling maak Brunclair na aanleiding van die vyf tentoongestelde werke op die laasvermelde Salon der Kubisten te Antwerpen.<sup>65)</sup>

Let ons dan op die kwaliteite van hierdie stukke moet ons dadelik aanstip dat die verskil met voorafgaande konstruktivistiese eksperimente in die eerste plek t.o.v. die kleurbehandeling aan te dui is. Hoewel die vlakke soos in die verlede georden is volgens 'n konstruktiewe sisteem, gryp die koloristiese hoedanigheid daarvan in op die gemoed vanweë die suggestierykheid daarvan - 'n suggestierykheid wat doelbewus in ooreenstemming met die gesintetiseerde objek of gebeurlikheid uitgevoer is. Ryk en stewige tonale waardes van kleure wat harmonieus met mekaar as idee-draende elemente ineenskakel en sierlike lyne met sterk geometriese eienskappe, is kenmerkend van hierdie stukke wat sekerlik na urelange besinning ontstaan het. Die realiteitsin van Jespers bereik hiermee 'n eerste stewige trap na vergeesteliking. Die beeldrykheid in 'n oliestuk soos De Verliefden (Kat. A. l - 69, fk. 59)<sup>66)</sup> is nie as 'n sigbare verskynsel opgevat nie, maar eerder as 'n idee. Dit is asof hy d.m.v. die diepte van die koloriet 'n transcendente besieling omtrent die idee "Liefde" tussen man en vrou sy eie gemaak het, en op hierdie wyse 'n mistiese manifes vir die toekoms verower het.

Die liniêre elemente van die oorwegend tweedimensionale vlakke se suggestierykheid sit egter nog in die meeste gevalle voorlopig

vasgevat in harmonieuse sierlikheid. Die essensie van hierdie waarheid kan op hierdie stadium voldoende aan die hand van Hockey-Sport (Kat. A. 1 - 68, fk. 58) geïllustreer word. Hoewel hierdie stuk wat betref sy kleurhoedanighede 'n vergeesteliking van hierdie sportsoort volgens dinamies-ruimtelike verhoudings is, en hoewel die liniëre waardes die beweeglikheid van die gebeurlikheid intensifiseer, word die verbeeldingskriterium van die lyn nog oorwegend ter wille van 'n uiterlike vormtaal gebruik. As gevolg hiervan bereik die subjek en objek egter nie 'n gelukkige sintese nie en verloor die stuk aan die bedoelde ekspressiwiteit. Dieselfde analise kan dienooreenkomsdig t.o.v. onder andere die volgende stukke gemaak word: De Groote Magazijn (Kat. A. 1 - 62, fk. 54), Jong Slowaakse Jodin (Kat. A. 1 - 63), Offerande aan Gauguin (Kat. A. 1 - 67, fk. 57), Ledige Mannen (Kat. A. 1 - 64), Komposisie (Kat. A. 1 - 65, fk. 55) en De Wereld (Kat. A. 1 - 70, fk. 60).

Kenmerkend van sommige werke - veral die figuurstudies - van Floris Jespers gedurende 1921 is die doelbewuste aksent op die sintetisering en geometriese verhoudingsbeeld van objekte wat uit die natuur afgelei is. In 'n sekere sin is dit vir hom 'n stap agteruit, aangesien die logiese vorm-perspektief as 'n lastige hinderpaal in die rigting van 'n deformasie ter wille van 'n suiwer ekspressiemoontlikheid weer opduik. Aan die ander kant sou dit vir Jespers voorlopig die middel tot sy eintlike doel kon wees indien hy daarin kon slaag om die liniëre elemente - sy dit dan voorlopig in logiese verband - as ekspressiewe middels in hulle verhouding tot die kolorisme te kan beheer. Dit volgroei egter op hierdie stadium nie met sukses genoeg nie. Die rede hiervoor skyn weereens sy eksperimentele drif in die sfeer van die konstruktivisme te wees. Roger Avermaete maak ook gewag hiervan nadat hy die jaarlikse Salon van Kunst van Heden te Antwerpen in 1921 bygewoon het en die "multi-variatie" van Jespers se vyftienstuks werke opgemerk het.<sup>67)</sup> Afwisselend en gelyktydig word ondermeer puristiese en tubistiese arbeid van Léger en neo-kubistiese werk van André Lhote deur Jespers tegnies op die proef gestel. Sien in hierdie verband byvoorbeeld Hawe (Kat. A. 1 - 72, fk. 62), Twee Matrose en 'n vrou (Kat. A. 1 - 73, fk. 63) en Meisje

(Kat. A. 1 - 74, fk. 64), almal voorbeeld van geometriese vlakverhoudings in 'n mindere of meerdere mate afgelei van die Franse Kubisme en die newestromings daarvan.

Gedurende 1921 vervaardig Jespers ook 'n aantal verdienstelike stillewes wat hy op die Salon van Kunst van Heden van hierdie jaar tentoonstel. In twee daarvan maak hy gebruik van musiekinstrumente: (Sien: Kat. A. 1 - 77, fk. 67 en Kat. A. 1 - 78, fk. 68) - en sekerlik nie vanweë hulle totale gebrek aan literêre of simboliese betekenis, soos wat George Marlier in die tydskrif *Ça Ira*<sup>68)</sup> dit feitelik stel nie. Dit gaan vir Jespers nie alleen om die "purement plastiques" van die instrumente soos wat Marlier dit noem nie. Sierlike en ritmies-liniêre elemente wat beantwoord aan analitiese hoedanighede van musiekinstrumente is wel aanwesig, maar die suggestierykheid van die warm en gloedvolle kolorisme wat met sorg uitgewerk is in ritmies-harmonies aaneenskakelende tonaliteit, verhef albei hierdie stillewes uit 'n starre "purement plastiques"-omhulsel tot 'n vergeestelikte planmatigheid en ekspressiewe sfeer sodat dit die idee "musiek" sou kon komplimenteer. Om hierdie redes verskil die twee stillewes van Jespers met die talle musiekinstrument-stillewes van Picasso wat hy ongeveer 1910 - 11 omrede hulle suiwer plastiese hoedanighede in sy Analities-Kubistiese tegniek met weinige aandag aan die kolorisme verbeeld.

Floris Jespers se selfstandigheid en die mees positiewe kwaliteit van sy werk wat hy binne die sfeer van die Konstruktivismus gedurende 1917 - 1921 beoefen, lê in die suggestierykheid van sy tonale skildering. Dit is juis hierin dat hy hom van die Franse Kubiste sou onderskei.<sup>69)</sup>

Tot dusver het ons probeer aantoon hoe Floris Jespers as skilder via post-impressionistiese, futuristiese en kubistiese eksperimente koersvas rigting gehou het op 'n steeds laaiende ekspressionistiese weg. Soos wat ons uiteengesit het, beproef Jespers hierdie tegnieke oefenmetodes aanvanklik op 'n intuïtiewe wyse en later al hoe meer met 'n bewuste doelgerigtheid. Na elke episode slaag hy daar-in om 'n sterker ideoplastiese selfstandigheid te bewaar, - 'n feit wat in die eerste plek op sy verbasende kunde dui. Die balans-

verhouding tussen sy tegniese en visioenêre vormtaal ter wille van 'n konsekwenter ekspressiemoontlikheid is telkens hierdeur bevoordeel. Die outonome funksies van die tegniese vormtaalelemente as ekspressiewe middels vir sover 'n selfstandige artistieke werklikheid gekonkretiseer word, tree steeds sprekender na vore. Subjek en objek beweeg om hierdie rede nader aan mekaar. 'n Volledige sintese tussen die twee laasgenoemde komplisiteite word egter nie bewerkstellig nie, aangesien die ekspressiewe kwaliteite van die liniêre elemente op hierdie stadium voorlopig nog agterstaan by die van die kolorisme.

Ons kan dus konkludeer dat Jespers se eksperimenteerlus in 'n groot mate verantwoordelik was vir die progressiewiteit van die ideoplastiese stellingname in sy kuns. Dat hy tydig in opstand gekom het teen die vormverstrakking en die kleurarmoede van die Kubisme, lewer die bewys dat hy die uiterste konsekvensies van hierdie "austeriteitspolitiek" verwerp het. Insgelyks beklemtoon dit die graad van selfstandigheid wat hy tot en met 1920-21 in sy werk bereik het.

- 1) Geboorteregister, Borgerhout, 1889, inschrijving nr. 472.
- 2) Vir hierdie en ander gegewens m.b.t. die familie Jespers se verblyf te Provinciestraat 122 en Boitsotstraat 25, Antwerpen, sien: Bylae nr. 2 en Bylae nr. 3 respektieflik.
- 3) sien: Bylae nr. 4.
- 4) Nodos, Ch.: Nos Contemporains, Bruxelles, 1902, p. 168.
- 5) Verdonck, J.: Borgerhoutsche Kunstenaars, Antwerpen, 1940, p. 50.
- 6) Ibid.
- 7) Veth, J.: Portretstudies en Silhouetten, Antwerpen, 1908, p. 31.
- 8) sien: Koninklijke Academie voor Schone Kunsten, Antwerpen, Jaarregister 1900, inschrijving nr. 708/18 en nr. 708/19 respektieflik. Vir gegewens omtrent Floris Jespers se opleiding aan die bovermelde inrigting en die Nationaal Hoger Instituut voor Schone Kunsten te Antwerpen, sien Bylaes nr. 11 tot 13.
- 9) Juliaan de Vriendt (1842 - 1935) was vanaf 1886 leraar in Figuurskildering aan die Academie en Hooger Gesticht voor Schone Kunsten te Antwerpen. In 1901 word hy benoem tot Direkteur van hierdie twee inrigtings, 'n posisie wat hy tot 1924 behou. Hy skilder hoofsaaklik Bybel- en legendetaferale asook portretstudies - die grootste gedeelte hiervan volgens 'n neo-Klassisisties-realistiese tegniese vormtaal. Vir verdere gegewens omtrent hom, sien: Peeters, D.: Juliaan de Vriendt, Antwerpen, 1960.
- 10) Franz Courtens (1854 - 1943), 'n gebore Dendermondenaar, was 'n leerling van Isidoor Meyers en Jacques Rosseels, albei aktiewe lede van die Skool van Kalmthout. Naas Emiel Claus was hy die bekendste en gewildste Luministiese landskapskilder van sy tyd. In hierdie verband word hy in 1920 met 'n baronskap deur die Belgiese koning vereer. Vanaf 1904 tot en met 1923 beklee hy die pos as leraar in Landskapskildering aan die Hooger Gesticht voor Schone Kunsten te Antwerpen wat vanaf 1919 bekend sou staan as die Nationaal Hoger Instituut voor Schone Kunsten.

- Vir verdere gegewens omtrent hom sien:  
 Van Zype, G.: Courtens, Bruxelles, 1908.  
 Van Zype, G.: Frans Courtens, Antwerpen, 1950.
- 11) De Bock, E.: "Oscar en Floris Jespers", Het Vaderland, Antwerpen, 28 Mei 1918.
- 12) Delen, A.: "Driejaarliksche Tentoonstelling", Onze Kunst, Antwerpen, 10(6): 32 - 3, Junie 1911.  
 Delen sou vanaf 1904 tot 1922 as kunskritikus aan L'Art Flammand et Hollandais verbonde wees. In 1922 bring hy sy eie tydskrif, La Revue d'Art, tot stand. Vanaf 1927 sou hy ook as mederedakteur van Onze Kunste optree. Albei hierdie twee laasgenoemde tydskrifte sou 'n invloedryke aandeel t.o.v. die ontwikkeling van die modernisme in die beeldende kunste te Antwerpen tot en met hulle bestaan in 1929 gehad het.
- 13) De Ridder, A.: "Korte Levensschets", in: Tentoonstellingskatalogus, Retrospektieve Floris Jespers, Brugge, 14 Mei tot 12 Junie 1960.
- 14) sien: Bylae nr. 3, inschrijving nr. 7517.
- 15) In die verskillende tydskrifartikels (sien: Bylae nr. 30) wat oor hierdie tentoonstelling berig het, word Jespers deurgaans selfs nie eers gemeld nie.
- 16) Delen, A.: "Salon van Waterverfschilderingen, Pastels, Gravuren, enz.", Onze Kunst, Antwerpen, 12(12): 205, Des. 1913.  
 Dieselfde artikel, maar in Frans, verskyn in L'Art Flammand et Hollandais, 10:182 - 3, Julie - Des. 1913.
- 17) Delen, A.: "Kunstverbond: Kerstmistentoonstelling", Onze Kunst, Antwerpen, 13(2): 78, Februarie 1914.  
 Dieselfde artikel, maar in Frans, verskyn in L'Art Flammand et Hollandais, 11:74 - 5, Jan. - Junie 1914.
- 18) sien o.a.: Avermaete, R.: Herinneringen uit het Kunstleven, Brussel, 1954, II, p. 7.  
 Brulez, R.: "Van Ostaijen en Apollinaire", De Vlaamse Gids, 31(4): 254, April 1947.

- 19) Avermaete, R.: op. cit., p. 6 en 7.
- 20) Van Ostaijen, P.: Verzameld Werk: Proza, Antwerpen, 1956, IV, p. 9 - 66.  
 (Hierdie opstel word vir die eerste keer met drie agtereenvolgende aflewerings gepubliseer in: De Stroem, Antwerpen, 1(2): 103 - 17, 15 Aug. 1918; 1(3): 152 - 71, 15 Sept. 1918; 1(4): 208 - 24, 15 Okt. 1918. Dit is interessant om kennis te neem van die feit dat die oorspronklike handskrif aan Floris Jespers opgedra is. Tans is dit in die besit van die familie van die ontslape skilder.)
- 21) Ibid., p. 12.
- 22) Ibid., p. 14 en 15.
- 23) Ibid., p. 15.
- 24) Ibid., p. 16.
- 25) Manifeste des Peintres Futuristes, Milan, 1910;  
 Boccioni, U.: Manifeste Technique de la Sculpture Futuriste, Milan, 1912;  
 Kandinsky, W.: Ueber das Geistige in der Kunst, München, 1912;  
 Gleizes, A. en J. Metzinger: Du Cubisme, Paris, 1912;  
 Daübler, T.: "Acht Jahre Sturm", Das Kunstblatt, München, 2, 1917.
- 26) Van Ostaijen, P.: op. cit., p. 20.
- 27) Van Ostaijen, P.: op. cit., p. 9;  
 Skrywer onbekend: "Tentoonstelling Floris en Oskar Jespers", Het Toneel, 2(24): 2, 24 Feb. 1917;  
 Delen, A.: "Floris en Oscar Jespers", Onze Kunst, 16(7): 96, Julie 1917;  
 Van Ostaijen, P.: "Het Werk van Paul Joostens", Vlaamsch Leven, Brussel, (49): 771 - 5, 9 Sept. 1917.  
 Victor, R.: Inleidingswoord, Tentoonstellingskatalogus: Retrospectieve Floris Jespers, Antwerpen, 15 - 27 Okt. 1966, p. 13.
- 28) Victor, R.: op.cit., p. 12.

- 29) Paul van Ostaijen maak gereeld melding van hierdie skrywers se uitsprake in sy verskillende kunskritiese werke; sien o.a.: voetnote, Verzameld Werk: Proza, Antwerpen, IV, 1956.
- 30) Van Ostaijen, P.: "Oscar en Floris Jespers", Ons Land, Antwerpen, 4(43): 2, 23 Feb. 1917.
- 31) Ibid.
- 32) Victor, R.: op. cit., p. 10.
- 33) Wat Floris se verskillende ateljee's gedurende die oorlogsjare betref: dit wil dus voorkom asof hy ook in die middestad van Antwerpen agtereenvolgens verskillende ateljee's betrek het, d.w.s. uitgesonder die ateljee te Rupelmonde wat hy tot 11 Aug. 1915 behou; sien: Bylae nr. 3, inschrijving nr. 7517. Die adresse van al die verskillende ateljee's in die stad is dus nie by die Bevolkingsregister, Antwerpen, aangeteken nie. Volgens mev. Olympe Jespers, weduwee van die kunstenaar, het hy 'n ateljee in die Wijngaardstraat gehad toe hulle mekaar gedurende November 1915 vir die eerste maal ontmoet het. Uit die katalogus van die tweemanstentoonstelling: Oscar en Floris Jespers, in die Kunstverbondzaal, Antwerpen gedurende 17 tot 27 Feb. 1917, weet ons dat hy op daardie stadium in die Lange Gangstraat 26 'n ateljee gehad het. Vanaf 24 Junie 1918 betrek hy 'n ateljee te Mortsel, Zuidergrensstraat 51; sien Bylae nr. 5, inschrijving nr. 3565.
- 34) In die verskillende artikels van Paul van Ostaijen wat vanaf 1917 tot 1921 in Ons Land, Vlaamsch Leven, De Stroom, Ruimte en Ca Ira oor die beeldende kunswerke van Floris, Oscar, Paul Joostens e.a. opgeneem is, kom hierdie uitsprake herhaaldelik voor; so-ook wat betref die standpunt wat hy huldig in sy inleidingswoord tot die publikasie Map met Zes Linogravures van Floris Jespers, Antwerpen, 1919. Dieselfde maar aangepaste standpunt kom tot uiting in sy letterkundige werke; sien in laasgenoemde verband: Hadermann, P.: De Dichterlijke Wereld van Paul van Ostaijen, Antwerpen, 1965.
- 35) sien: uiteensetting in Hoofstuk I in hierdie verband, p. 20.
- 36) sien: uiteensetting in Hoofstuk I in hierdie verband, p. 22-3.
- 37) Delen, A.: "Kunst van Heden. Tentoonstelling van 1914 te

- Antwerpen", Onze Kunst, Antwerpen, 13(5): 161, Mei 1914.
- 38) Ons verwys hier in die besonder na sy kunskritiese opstel, Expressionisme in Vlaandere wat in De Stroom later gedurende 1918 sou verskyn; sien: Voetnoot 20) hierbo.
- 39) Die skooljaar het in daardie jaar soos gewoonlik in Mei vir die Somerreses gesluit.
- 40) sien: Bylae nr. 3.
- 41) sien: Voetnoot 33) hierbo.
- 42) Brief van Floris Jespers aan Rik Cox, 18 Mei 1915; sien Bylae nr.14 . (Die ateljee wat in hierdie brief ter sprake gebring word en wat Jespers voor die oorlog met Cox gedeel het en na laasgenoemde se vertrek na Nederland nog steeds gebruik het, is waarskynlik die een in die Wijngaardstraat te Antwerpen; sien: Voetnoot 33) hierbo.)
- 43) Van Ostaijen, P.: Verzameld Werk: Proza, Antwerpen, 1956, IV, p. 47; sien ook: Lente (Kat. A. l. - 12, fk. 8), Stilleven met Appelen (Kat. A. l - 16, fk. 11) en Zonnebloemen (Kat. A. l - 15).
- 44) sien: Het Kleine Werkhuis (Kat. A. l - 13, fk. 9) en In Morgendrok (Kat. A. l - 11, fk. 7).
- 45) sien: Vrou (Kat. A. l - 18, fk. 13), Man met Hond (Kat. A. l - 19, fk. 14), Figuur (Kat. A. l - 20, fk. 15), Zelfportret (Kat. A. l - 21, fk. 16), Sittende Dame wat Brei (Kat. A. l - 22, fk. 17), Koffietafel (Kat. A. l - 23, fk. 18) en Sittende Vrouw met Hond (Kat. A. l - 24) - almal van 1915; Thérèse (Kat. A. l - 29, fk. 21), Sittende Vrouefiguur met Hoed (Kat. A. l - 30, fk. 22), Olympe (Kat. A. l - 31, fk. 23), Olympe met de Schoen (Kat. A. l - 32, fk. 24) en Selfportret, Sittend in 'n Stoel voor sy Esel (Kat. A. l - 33, fk. 25) - almal van 1916.
- 46) Van Ostaijen, P.: op. cit., p. 43.
- 47) Sien uiteensetting in Hoofstuk I in hierdie verband, p. 20 - 1.
- 48) In hierdie verband maak Ary Delen tereg gewag van "zijn haast

onbewuste zin voor kleur dat hem dan reeds doet zoeken naar nieuwe harmonieën" en die "herinnering aan Rik Wouters", asook die "streven naar het meer subjektieve, synthetisch-decoratieve, aarzelend nog vooreerst, dan weldra geheel onbe-teugeld"; sien: "Oscar en Floris Jespers", Onze Kunst, Antwerpen, 16(7): 96, Julie 1917.

- 49) De Bock, E.: op. cit.
- 50) Van Ostaijen, P.: "Het Werk van Paul Joostens", Vlaamsch Leven, Brussel, 2(49): 772, 9 Sept. 1917.
- 51) Ibid.
- 52) "Met Jespers ben ik in briefwisseling. Door Jespers verneem ik nieuws van Metzinger. Zij korresponderen. Zo kunnen wij tot een eng voelen onder plastiese kunstenaars komen." - Brief van 3 Sept. 1919, opgeneem in Nieuw Vlaams Tijdschrift, Antwerpen, 13(4): 1165, April 1959.
- 53) Oorspronklike brieve in hierdie verband is onlangs uit privaatbesit aan die Argief van de Koninklijke Musea voor Schone Kunsten (Moderne Kunsten), Brussel, geskenk. Lg. instansie is tans nog besig om hierdie stukke uit te pluis en te katalogiseer; sien o.a. Bylaes nr. 18 tot en met nr. 22.
- 54) sien: Bylae nr. 5, inschrijving nr. 3569.
- 55) Map met Zes Linogravures van Floris Jespers, (55 x 67 cm.), met inleiding door Paul van Ostaijen, Antwerpen, 1919; Teks ook opgeneem in Verzameld Werk: Proza, Antwerpen, IV, 1956, p. 67 - 75.
- 56) Ibid., p. 72.
- 57) Ibid., p. 74.
- 58) Ons verwys hier in die besonder na die teoretiese uiteensetting van die Kubisme soos wat dit in hulle publikasie saamgevat is; sien: Gleizes, A. en J. Metzinger: Du Cubisme, Paris, 1912. Van Ostaijen som Floris se kubistiese stellingname reeds in 1917 met die volgende woorde op: "Floris Jespers wil eene groote schaar menschen, eene kategorie ofwel eene Stadswijk binne zijn doek synthetiseren, maar zulks dan oock volgens

- volledig te motiveren techniek. Daarom ontleed hij, snijdt hij zijn onderwerpen open, past de lidmaten weer aan mekaar, houdt zich vooral aan 'zijne' tot de uiterste ontleeding gedreven realiteit."; sien: "Het Werk van Paul Joostens", Vlaamsch Leven, Brussel, 2(49): 771, 9 Sept. 1917.
- 59) sien: Brief van Paul van Ostaijen aan Floris en vriende te Antwerpen, 19 Januarie 1919, soos wat dit opgeneem is in De Tafelronde, Antwerpen, 11(1): 23 - 6, Jan. 1966. Bylae nr.19; Brief van Paul van Ostaijen aan Josef Cantré, 19 Oktober 1919, soos wat dit opgeneem is in Nieuw Vlaams Tijdschrift, Antwerpen, 13(4): 1168, April 1959.
- 60) Ons verwys hier in die besonder na die aktiwiteite van Kunst van Heden, Antwerpen, wat weer vanaf 1921 hervat sou word, asook die totstandkoming van twee belangrike kunsgalerye te Brussel, nl. Galerie Sélection (1920 - 21) en Galerie Le Centaure (1921 - 1930). Die aandeel van kunstydskrifte gedurende hierdie oplewing word in hoofsaak gedra deur: Onze Kunst (Antwerpen, 1902 - 1929), Lumière (Anvers, 1919 - 23), L'Art Belge (Bruxelles, 1919 - 29), L'Art Libre (Bruxelles, 1919 - 22), Ga Ira (Anvers, 1920 - 23), Ruimte (Antwerpen, 1920 - 21), Opstanding (Brussel, 1920 - 21), Sélection, (Bruxelles, 1920 - 27), Het Overzicht (Antwerpen, 1921 - 25), La Nervie (Bruxelles, 1921 - 32), La Revue d'Art (Anvers, 1922 - 29) en Le Centaure (Bruxelles, 1926 - 30).
- 61) sien: De Groote Magazijn (Kat. A. 1 - 62, fk. 54), Jong Slowaakse Jodin (Kat. A. 1 - 63), Ledige Mans (Kat. A. 1 - 64).
- 62) sien: Pentekening van Meisje soos wat dit verskyn het in Ruimte, Antwerpen, (8-9): 109, 1920; pentekening van Les Grands Magasins soos wat dit verskyn het op die voorblad van Ga Ira, Anvers, 1(I), April 1920; pentekening van Le Violoncelliste soos wat dit verskyn het op die voorblad van Ga Ira, Anvers, 1(5), Aug. 1920.
- 63) Wilko: "Twee Tentoonstellingen van 'Selection' in het Kunst-

- verbond", Het Toneel, Antwerpen, 5(51): 2, 28 Aug. 1920.
- 64) Brunclair, V.: "Sélection te Antwerpen", Ruimte, Antwerpen, (8 - 9): 113, 1920.
- 65) sien: De Groote Magazijn (Kat. A. 1 - 62, fk. 54),  
Kompositie (Kat. A. 1 - 66, fk. 56), Offerande aan Gauguin (Kat. A. 1 - 67, fk. 57), Hockey-Sport (Kat. A. 1 - 68, fk. 58), De Verliefden (Kat. A. 1 - 69, fk. 59).
- 66) Hierdie oliestuk is 'n herhaling van 'n linogravure met dieselfde titel en kompositionele hoedanighede wat vroeër in 1918-19 deur Jespers gemaak is. Die Lino is as nr. 4 opgeneem in Map met Zes Linogravures van Floris Jespers, Antwerpen, 1919; sien ook: Kat. A. 1 - 55, fk. 47.
- 67) Avermaete, R.: "Considerations sur 'L'Art Contemporain', Ensor et la Peinture Belge", Lumière, Anvers, 2(11): 26, 30 Junie 1921.
- 68) Marlier, G.: "Le Salon de L'Art Contemporain", Ca Ira, Anvers, (13): 23, 1921.
- 69) André de Ridder wys ook reeds op hierdie feitelikheid; sien: Floris Jespers 70, Brussel, 1959, p. 6.

## HOOFSTUK III

### INTEGRALE EKSPRESSIONISME (1922 - 1930)

'n Krag in sigself, paradoksaal genoeg, is die feit dat Floris Jespers se tegniese vormtaal gedurende sy kubistiese hoogtepunt in 1920 - 21 'n definitiewe stoot in die rigting van 'n stewige vergeesteliking verkry. Vanaf 1922 beoefen die kunstenaar 'n steeds duideliker en 'n stewiger ekspressionistiese kuns. 'n Hoogtepunt word gedurende 1925 - 30 bereik, - 'n periode waarin Jespers se tegniese en visionêre vormtaal in die meeste opsigte gesamentlik sou beantwoord aan die geestelike impuls van sy besondere realiteitsin. Die toepassing van 'n ideale balans t.o.v. kleur-, lyn-, vlak- en vormverhoudings, ten behoeve van die ideoplastiese selfstandigheidswaardes daarvan binne die artistieke werklikheid is kenmerkend van die werk uit hierdie jare. Subjek en objek bereik volgens hierdie wyse 'n gelukkige sintese. Dit is om hierdie redes dat ons Jespers se werk vanaf 1922 stylhistories kan saamvat as synde Ekspressionisties.

Gedurende laasgemelde jaar getuig Jespers self van die bevredigende en geheelvormende toestand van sy besondere realiteitsin vir sover dit in verband met sy estetiese uitings gebring kan word: "Ik voel bewust dat ik nu aan het werk van mijn leven bezig ben".<sup>1)</sup> Soos wat ons sy doelbewuste toepassing van 'n vergeestelike realiteit-in binne die sfeer van die outonome artistieke werklikheid tot en met 1921 nagegaan het, sal ons wat sy werk vanaf 1922 betref, gaande weg ook tot die besluit kom dat hy binne die grense van die Ekspressionisme uit en uit 'n naturalis bly. Vir hierdie rede neem hy die natuurwerklikheid steeds as 'n definitiewe vertrekpunt, begryp hy die realiteit as 'n sintese en konkretiseer hy die kernwese van die objekte dienooreenkomsdig in sy estetiese produk. Sodoende ontvang die betekeniswaarde van die objek al hoe meer prioriteit as 'n mededelingsmiddel tussen die subjek en die aanskouer. Sowel hierdie visioenêre impuls as sy besondere tegnies-ambagtelike metodiek sou Jespers se oeuvre vanaf 1922 meer daadwerklik laat beantwoord aan die volkseie oorspronklikheidseienskappe van die Vlaamse kuns wat dit t.o.v.

die balansverhouding tussen vorm en inhoud sedert die XVe eeu tydens opeenvolgende hoogtepunte in toepassing gebring is. Bygevolg lewer Floris Jespers as Vlaamse Ekspressionis 'n besondere bydrae t.o.v. die gemeenskaplike doelstelling van hierdie tradisie in eie kring.

Nieteenstaande die optimistiese noot van sy bovermelde getuenis omtrent sy arbeid, verkeer Jespers en sy familie gedurende hierdie stadium van sy loopbaan in 'n armoedige lewensomstandigheid. Sy vooruitstrewendheid en sy steeds toenemende bekendheid as modernis het nie noodsaaklik finansiële vooruitgang gewaarborg nie. Die teendeel sou eerder die geval wees vir die duur van die volgende paar jaar.

In Mei 1922 is Jespers se tweede seun, Marc, gebore. Met twee klein mondjies om te voed, stel hy sy innigste ideale t.o.v. sy werk vir 'n tyd voorlopig ter syde. As broodwinner besluit die skilder om 'n aantal Scheldegesigte, polderlandskappe en blomstudies in die trant van sy tien jaar vroeëre impressionistiese metodiek vir onmiddellike verkoopdoeleindes te maak. Dit alles lees ons in brieue wat Jespers ná Mei 1922 aan sy vriend Rik Cox skryf.<sup>2)</sup> Dit was ook sy wens dat Cox in sy hoedanigheid as bestuurder van 'n kunshandelsaak te Den Haag moeite sou doen om vir hom "een tentoonstelling in te richten die financieel goed zal zijn" met doeke en tekeninge wat hy sou opstuur.<sup>3)</sup>

Met dieselfde betragting voor oë, besluit Jespers om gedurende Februarie van 1923 'n tentoonstelling met werke van dieselfde karakter te laat plaasvind. Dié keer gebeur dit te Antwerpen by die Kunsthalle Renis in die Sterstraat. Volgens 'n aankondiging van hierdie verkoopstentoonstelling wat in Het Toneel van 17 Februarie 1923 verskyn het, word die indruk geskep dat dit hier slegs om "zijn vroeger werk" gaan.<sup>4)</sup> Dit blyk nie die volle waarheid te wees nie, soos wat ons uit die bovermelde brieue kan aflei. Dat Jespers natuurlik vir 'n deel ook met ouer werk by hierdie geleentheid uitgepak het, is nie uitgesluit nie - ofskoon ons bewus is dat hy reeds vóór 1918 die meeste stukke uit die jare vóór 1913 wat nog in sy besit was, verwoes het.<sup>5)</sup> Hoe dit ook sy, hierdie tentoonstelling was 'n finansiële sukses. Dit blyk ook verder uit die tydskrifartikels t.o.v. hierdie tentoonstelling dat die konserwatief-

denkende kritici en publiek van Antwerpen die mening toegedaan was dat Jespers die "verloren geloopen in den doolhof van het cubisme"<sup>6)</sup> agter hom gelaat het. Pol de Mont skryf in 'n artikel van sy blad, "De Schelde", dat hy persoonlik verheug is oor die feit dat Jespers definitief weer die weg opgaan van die post-impressionisme.<sup>7)</sup> Niks was natuurlik minder waar nie, soos wat uit sy evolusie later sou blyk.

In die verloop van 1922 en 1923 neem die kunstenaar deel aan offisiële tentoonstellings waar hy ook van sy kubistiese werk vertoon het. Maar selfs hier wek hy oor die algemeen die indruk dat daar 'n omkering in sy oeuvre aan die ontwikkel was, waarskynlik met die doel om 'n finansiële sukses ook hier vir die onmiddellike toekoms te bewerkstellig.

Gedurende April - Mei 1922 stel hy sewe van sy werke op die jaarlikse Salon van Kunst van Heden ten toon. Hoewel al die skilderye in dié besondere katalogus slegs volgens nommer aangegee is, weet ons uit die kommentaar en die titels wat in Het Toneel, Lumière en Ça Ira vermeld is dat Jespers blykbaar vir die grootste gedeelte van puristies-kubistiese doeke vir hierdie geleentheid gebruik gemaak het.<sup>8)</sup> Vandaar dat die "absolument purifeés"-gehalte van hierdie skilderinge soos wat George Marlier<sup>9)</sup> dit sien, ook in die offisieël-akademiese milieus van Antwerpen op hierdie stadium die indruk sou kon skep dat die skilder met bewustheid besig was om af te sien van nie alleen kubistiese formules nie, maar dat hy ook resoluut 'n terugkeer na die post-impressionisme sou beoog. Ten tye van die Gentse Driejaarlijkse Tentoonstelling in Junie - Augustus van 1922 maak sy werk min of meer dieselfde indruk as ons dit mag aflei uit die kommentaar van Frédéric de Smet in *Gand Artistique*.<sup>10)</sup> Met hierdie geleentheid vertoon hy De Klare Werkplaats (Kat. A. 1 - 25) van 1916 en Stilleven (Kat. A. 1 - 78, fk. 68) van 1921.

Gesien in die lig van sy finansiële gebrek en die feit dat hy die aandag op sy post-impressionistiese kunde wou vestig, is dit dus nie verbasend dat Jespers besluit het om met geleentheid van sy deelname aan die Driejaarlijkse Tentoonstelling van 1923 te Antwerpen 'n stilewe<sup>11)</sup> van 1913 te vertoon nie.

Die feit dat Jespers omrede van sy broodwinning gedurende

1922 - 1923 'n aantal post-impressionistiese werke vervaardig, sou later in 1925 'n beslissende rol speel t.o.v. die breuk tussen hom en Van Ostaijen. Hierop kom ons later terug.

Tydelike oponthoud, maar geen stagnasie is ook 'n kenmerk van hierdie pouse in die Jespers-oeuvre. Die enkele werke wat die kunstenaar met doelgerigte gehoorsaamheid aan sy geestelike impuls tydens hierdie moeilike jare vervaardig, getuig van sy vasberadenheid om die konstruktivistiese kwaliteite van vroeër by sy ekspressionistiese kernideaal te laat aanpas. Visioenêr gesien, hou dit in dat Jespers sy sintuiglik-serebrale ervaring en belewing van die logiese perspektief moes omskep tot 'n vergeestenisvorm daarvan - d.w.s. nog voordat die artistieke werklikheid gekonkretiseer word. Tegnies gesien, kom dit dus daarop neer dat die kunstenaar sy vroeëre gebruik van lyn en kleur as komposisionele elemente op die plat vlak van die doek in hersiening moes neem vir sover selfstandiger en ekspressiewer vlak- en vormsuggeriëkyheid binne die sfeer van die artistieke werklikheid bereik sou kon word.

In De Vrouw Regeert de Wereld (Kat. A. - 79, fk. 69) van 1922 en in Het Bekroonde Kalf (Kat. A. 1 - 81, fk. 71) van 1923 ontmoet ons vir die eerste keer by Jespers 'n duidelike negering van die visueel-waarneembare liniëre perspektief vir sover dit as 'n ekspressieve doelstelling beoog word. By die eersgenoemde stuk is dit skynbaar met opsetlike oordrywing toegepas, 'n feit wat onwillekeurig herinner aan 'n karaktereienskap van sy eksperimentele metodiek van die verlede. Die doelbewuste en georganiseerde planmatigheid van vlakverhoudings waar die liniëre elemente - ofskoon hulle ook deformatiewe eienskappe besit - oorhel na 'n beklemtoning van die formeel-komposisionele waardes daarvan, herinner nog sterk aan sy konstruktivistiese stellingname van vroeër. Strak, harde en kontoeragtige belynings wat oorwegend tweedimensionele vlakke van mekaar skei, word as selfstandige komposisiemiddels gebruik. Sterker ekspressief is die huidige eindresultaat egter, aangesien die kleurbehandeling binne die vlakke tans reeds ryker en dieper tonaliteit t.o.v. vroeër werke vertoon.

'n Meer progressief-tegniese versorging word in Het Bekroonde Kalf aangetref. Hierdie stuk lewer inderdaad die bewys dat Jespers op hierdie stadium ook daarop attent was om sy manier van

kleurbehandeling meer daadwerklik in 'n beter verhouding tot sy veranderde visie t.o.v. die minder serebrale liniëre perspektief en die behandeling daarvan te gaan stel. In die voorafgaande olie-stuk handhaaf hy nog 'n analitiese werkwyse in hierdie verband. Tans sien die vlakverhoudings meer aaneenskakelend as 'n geheel daaruit. Die rede hiervoor blyk die eenvoudiger komposisie van die min of meer eweredige behandeling van die tonale waardes te wees, ondanks die nog blywende aanwesigheid van formeel-komposisionele waardes van die liniëre elemente. Wat ook opval, is die soepeler karakter van hierdie liniëre elemente. Afsonderlike en breë kontoeerlyne het verdwyn en het plek gemaak vir etsagtige elemente, veroorsaak deur wel oorwoë kleurteenstellings. Op hierdie wyse word 'n meer dinamiese en ekspressiewe tegniese vormtaal in totaliteit bereik.

'n Voorbeeld waar Jespers al die mees positiewe eienskappe van sy tegniese kunde wat betref olieskildering in ooreenstemming met 'n doeltreffender visioenêre vormtaal, ter wille van 'n gesintetiseerde ekspressionisme tot en met 1923 toepas, kan geïllustreer word met Compositie (Kat. A. 1 - 82, fk. 72). Hier word 'n indruk van 'n landelike toneel op 'n verbluffende speelse wyse weergegee. Harmonieë van kleurvlakke wat die ideewaarde van tipies landelike objekte suggereer, lewer terselfdertyd 'n geslaagde onderlinge balansverhouding in die totaliteit van die komposisie. Derhalwe word die objek se betekeniswaarde as mededelingsmiddel duidelik onderstreep terwyl die artistieke werklikheid as ekspressiemiddel sy eie onafhanklikheid in stand hou.

Jespers se ernstige strewe om d.m.v. 'n sintese van oorwegend twee-dimensionele vlakverhoudings die betekeniswaarde van objekte na vore te bring, lei hom in die rigting van 'n ander skilderkunstige tegniek, nl. die van die sg. "églomisé". Die moontlikhede van olieverf wat agter op glas aangewend word volgens hierdie tegniek, sou in die eerste plek aan die skilder 'n uitmuntende geleentheid bied om 'n groot variasie van aaneenskakelende tonaliteite te bekom - veral in teenstelling tot die beproefde doekskildering gesien. Vloeierender kleuraanwending sou ook die toepassing van dinamiese liniëre elemente uitlok, - iets wat alreeds as kenmerkende eienskap geld in die enkele agterglasskilderinge waaraan Jespers reeds gedurende 1923 sy

hand waag. Tekstuurteenstellings wat ryklik van vlak tot vlak verskil, afhangend van die soort penseelaanwending op droeër of natter dele van die glasoppervlakte veroorsaak 'n verdere tonale rykheid en diversiteit soos wat ons kan opmerk in Die Kus (Kat. A. l - 85, fk. 75), Dorstijd (Kat. A. l - 86, fk. 76) en Stillewe, Vaas met Blomme (Kat. A. l - 84, fk. 74).

In elkeen van hierdie stukke word ons ook getref deur die fynheid van die liniëre elemente waarmee netjiese skeidings tussen kleurvlakke bereik is. Van naderby is hierdie belyninge niks meer as fyn strepies wat d.m.v. die steekant van die penseel op die glas getrek is om 'n suiwer liniëre kwaliteit te bekom nie. 'n Sekere mate van sierlikheid en tekenagtigheid in die totaaleffek word hierdeur verkry. Voorlopig sou hierdie soort ambagtelike metodiek enigsins as 'n gevaar t.o.v. die bereiking van 'n konsekwente liniëre ekspressiwiteit gesien kan word, ofskoon dit later as 'n definitiewe positiewe faktor - ook in sy olieskilderinge - toepassing sou vind. Hiermee wil ons by voorbaat konstateer dat die églomisé-tegniek waarin Floris Jespers binnegeenooi is, nie sy besondere doelstelling aan bande gelê het nie, - intendeel. Die skerp, suiwer en buigsame lyne wat op die glas "gegraveer" is, sou genoegsame moontlikhede vir 'n ekspressiewe doelstelling bied; ook vir sover dit die betekenis van die tonale kwaliteite binne die kleurvlakke in hulle samespel as leidende ekspressiemiddels eerder sou kon komplementeer as benadeel.

Onwillekeurig ontstaan die vraag waar Jespers met die tegniek van die agterglasskildering kennis sou gemaak het. Ons neem aan dat dit reeds gedurende 1921 gebeur. In hierdie jaar publiseer Van Ostaijen 'n artikel oor die Duitse Ekspressionis, Heinrich Campendonk (1889 - 1957) in Das Kunstblatt wat in 'n bygewerkte vorm gedurende Desember 1923 met ses reproduksies in Sélection opgeneem word.<sup>12)</sup> Of Jespers reeds in 1921 kennis gedra het van die Duitse artikel weet ons nie. Aangesien hy min of meer gelyktydig teen die einde van 1923 - met die verskyning van Van Ostaijen se stuk in Sélection sy eerste agterglasskilderinge maak, is ons geneig om te glo dat hy dus eers met hierdie laaste geleentheid daarmee kennis maak.

Van Ostaijen beklemtoon in sy artikel die geheimsinnige aard

van Campendonk se kuns, waar die betekeniswaarde van die objek die integrale deel uitmaak van 'n reële fantasie van die "ek". Aldus word die subjek die eintlike objek in die skildery en vind 'n ont-persoonliking plaas.<sup>13)</sup> Verder ontleed hy die tegniese elemente as synde waarhede alleen vir sover dit in die artistieke werklikheid 'n motivering ontvang.<sup>14)</sup> In feite tref ons hier 'n drang na rigorisiteit t.o.v. die fantasie aan, - iets wat betref die subjek-objek-verhouding by Floris Jespers nie aanwesig sou kon wees nie.

Immers, Jespers skep sy artistieke werklikheid primêr met 'n doelbewuste ekspressieverhouding tot die natuurwerklikheid. Van-daar dat betekeniswaarde van die objek as 'n mededelingsmiddel tussen subjek en die aanskouer 'n beslissende beklemtoning in sy doelstelling ontvang. Vroeër het ons reeds daarop gewys dat Jespers binne die grense van die ekspressiemoontlikheid steeds 'n naturalis bly.<sup>15)</sup> Daarteenoor, soos wat Van Ostaijen self in sy artikel getuig, is die ekspressie in die werk van Campendonk op 'n parallelle plan met die fantasie geplaas. Hy suggereer dat die fantasie die ekspressie as 'n eksistensiële middel gedurende die Duitser se skeppingsproses eintlik vervang het. Van Ostaijen meen ook dat die betekeniswaarde van Campendonk se objekte via 'n induktiewe weg van die skematis-gekonkretiseerde uitdrukking bereik kan word. Alleen op hierdie wyse kan die "contenu spiritualiste" van Campendonk se voorgestelde objekte 'n aanvaarbare betekeniswaarde vir die aanskouer kry.<sup>16)</sup>

Opgesom, kom dit dus daarop neer dat Van Ostaijen m.b.t. Campendonk se werk die moontlikheid van 'n direkte en 'n onmiddellike estetiese resultaat van die eksistensiële eenheid van vorm en inhoud wil onderstreep. Sodoende sien hy die Duitser se werk as tegelyk individueel en onpersoonlik.<sup>17)</sup> Vir ons eie doelstelling hier word dit dus duidelik dat Jespers se visioenêre vormtaal geen voorbeeld van dié van Campendonk kon neem nie. Indien daar dus reg-streekse invloed van Campendonk op Jespers wat betref die agterglas-skildering ter sake gebring kan word, sou dit eerder binne die grense van die ambagtelike werkwyse gesien kan word. Wanneer ons die verdere evolusie van die Vlaming in aanmerking neem, blyk selfs hierdie invloed maar van oppervlakkige belang te wees.

Die eerste voorbeeld waar ons die neerslag van die églomisé-tegniek in Jespers se verdere werk aantref, is die reeks kleur-tekeninge wat hy ter illustrasie van Jan Peeters se 12 kindergediges gemaak het en wat teen die einde van 1923 gepubliseer word.<sup>18)</sup> Netjiese en fynafgewerkte vloeiente en hoekige belyninge omsluit veelseggende helderkleurige vlakke. Die komposisie is eenvoudig en met behulp van 'n tweedimensionele verhouding uitgewerk – iets wat die totaleffek uiterlig vereenvoudig laat aandoen. Besonder opmerklik is die neiging om binne die oorwegend eenkleurige vlakke van hierdie tekeninge waar die kunstenaar waarskynlik van gouache gebruik gemaak het, sekere onderlinge tonale- en tekstuurnuerskille te bewerkstellig. Dit word egter nie in al die tekeninge of t.o.v. al die kleurvlakke deurgevoer nie. Waar dit wel geskied, gebeur dit in ooreenstemming met die betekeniswaarde van die objek. Ons kan in hierdie verband verwys na die grasoppervlakte in Kabouterpörtretjie (Kat. A. 1 - 88, fk. 78) en die koolkoppe in Koneintjesgenoegen (Kat. A. 1 - 89, fk. 79).

Dieselfde tegniese hoedanighede as hierbo genoem, vind ons in 'n houtskool- en potloodtekening wat Jespers gedurende hierdie jaar gemaak het: Twee Figure by Trappe (Kat. A. 1 - 95, fk. 85). Hier is die houtskool gebruik om tonale en tekstuurnuerseringe in die verskillende vlakke te verkry.

Vir volledigheidshalwe vermeld ons dat Jespers gedurende 1923 ook 'n bundel gedigte, Le Zèbre Handicapé van Paul Neuhuys<sup>19)</sup> met 'n portret van die digter, uitgevoer in houtskool en ink, aangevul het.

Op die jaarlikse Salon van Kunst van Heden gedurende Mei – Junie 1924 ontmoet ons 'n hele reeks van nuwe werke van Floris Jespers. Elf oliewerke, tien agterglasskilderinge en vyf tekeninge word met hierdie geleentheid vertoon. Sommige hiervan word in die katalogus vermeld as synde reeds verkoop – 'n bewys dat Jespers se vooruitstrewende werk ook stadigaan onder 'n bepaalde kring van die Antwerpse publiek reeds in 1924 erkenning begin geniet.

In nie 'n geringe mate sou die verskillende Antwerpse kunstydskrifte soos o.a. Lumière en Ça Ira 'n wesenlike bydrae t.o.v. Jespers se bekendheid en sukses as modernis vanaf 1919 tot en met 1923 gelewer het nie. Selfs Het Toneel sou 'n bydrae in hierdie opsig

lewer - sy dit wel eerder ter ondersteuning van Jespers se tydelike terugkeer na die post-impressionisme gedurende 1922 - 1923.

Vanaf 1924 begin Jespers se werk met 'n schnellende tempo cok buite die grense van Antwerpen bekendheid verwerf. Dit is opmerklik dat Jespers gedurende 1925 - 1930 en direk na hierdie glorie-ryke jare, met meer geleenthede buite Antwerpen as daarin aan enkel- of groepstentoonstellings deelneem.<sup>20)</sup> Gedurende hierdie glorie-ryke jare sou sy ernstige finansiële bekommernisse spoedig iets van die verlede word. Hy neem van nou af ook gereeld deel aan groepstentoonstellings in die buiteland, terwyl al hoe meer een-manstentoonstellings by verskillende privaatgalery - veral te Brussel - geloods sou word.<sup>21)</sup>

Van al die privaatgalerye te Brussel sou die Galerie Le Centaure onder die leiding van Walter Schwarzenberg vanaf 1926 tot sy sluiting aan die begin van 1931, die belangrikste bydra maak om die werk van Floris Jespers aan die publiek voor te stel.<sup>22)</sup> Vanaf die eersgenoemde jaar gaan die kunstenaar 'n kontrak aan met Schwarzenberg.<sup>23)</sup> Hierdie kontrak het ingehou dat Jespers se werk steeds saam met Belgiese en buitelandse kunstenaars 'n plek in die permanente tentoonstelling in die verkoopsaal sou kry; verder, dat sy werk gereeld in die galery se groeps- en enkel-wisseltentoonstellingsprogram ingesluit sou wees. Op hierdie wyse vind baie van Jespers se werk hulle weg na privaat- en offisiële versamelings - ook in die buiteland.

Hoe belangrik Floris Jespers se skilderwerk gedurende die twintiger jare binne die totale sfeer van die verskillende stromings in die beeldende kunste te België - en in besonder die Vlaamse Ekspressionisme - geag is, kom die duidelikste tot uiting in die Brusselse tydskrifte Sélection en Le Centaure. Laasgenoemde tydskrif het onder leiding van Georges Marlier in hoofsaak die aktiwiteite van die Galerie Centaure ondersteun en daarmee geen bepaalde tendens of stroming van die modernisme ná die Eerste Wêreldoorlog vooropgestel nie.<sup>24)</sup> Sélection het egter die Vlaamse Ekspressionisme as die belangrikste manifestasie in sy artikels beklemtoon, soos wat ons reeds aangetoon het.<sup>25)</sup>

In bykans elke nommer gedurende 1925 - 1930 van beide hierdie laasvermelde tydskrifte word Jespers se aandeel t.o.v. die

modernisme en in besonder t.o.v. die Vlaamse Ekspressionisme, in behandeling geneem. Waar hy afsonderlik of saam met ander aan tentoonstellings in die binne- of buiteland deelgeneem het, is sy werk dienooreenkomsdig bespreek. In die meeste gevalle het gunstige kommentaar gevolg. Dat sy glorieryke jare as kunstenaar van oliestukke en agterglasskilderinge huis hiermee sou saamval, is dus geen toevalligheid nie.

Kritici soos o.a. André De Ridder, Georges Marlier en die gebroeders Haesaerts wat later verantwoordelik sou wees vir die meeste selfstandige publikasies oor hierdie deurlugtige tydperk in die kuns van België, sou a.g.v. hulle verbintenisse met hierdie twee tydskrifte die nodige kennis omtrent die verskillende oeuvres van die leidende Vlaamse Ekspressioniste bekom. In esteties-waarderende uitsprake gedurende hierdie jare word Floris Jespers se naam as Ekspressionis gereeld in dieselfde asem met dié van die Latemnare, Permeke, De Smet en Van den Berghe genoem. Soos wat dit die geval t.o.v. die laasgenoemde driemanskap was, verskyn artikels reëlmataig uit die pen van hierdie skrywers oor Jespers se toenmalige oeuvre. In hierdie besprekings word Jespers se werk of afsonderlik of in verhouding met dié van die ander in oënskou geneem.<sup>26)</sup> Dit is opmerklik dat die meeste van die hier vermelde kritici - in die besonder André De Ridder - ook steeds ná 1930 gestand doen aan hulle geloof in Jespers se oeuvre as synde een van die belangrikste toenmalige manifestasies van die Vlaamse Ekspressionisme.<sup>27)</sup> Later verwys hierdie skrywers sonder uitsondering na die Ekspressionistiese stroming in die Vlaamse kuns as die sogenaamde Sélection-beweging in hulle onderskeie publikasies.

Paul van Ostaijen neem nooit aktief deel aan die aktiwiteite van die Sélection-beweging nie. Hiervoor was hy te besig met sy eie letterkundige bedrywighede. Dit was sy ideaal om na sy terugkeer uit Duitsland in 1923 'n eie "avant-garde"-groep te probeer saamstel, iets waarin hy nooit kon slaag voor sy vroeë en ontydige afsterwe in 1928 nie. Dit is slegs met twee geleenthede dat hy op uitnodiging van Paul-Gustave van Hecke artikels oor die beeldende kunste in Sélection sou publiseer. In 1923 verskyn sy artikel oor Heinrich Campendonk en in 1925 word die betekenisvolle artikel "Notes sur Floris Jespers" in hierdie maandblad opgeneem.<sup>28)</sup>

Hierdie laasgenoemde artikel weerspieël enigsins die oorsaak van die verwydering wat daar tussen die digter en die skilder sedert 1923 plaasgevind het. Van Ostaijen gaan hier van die standpunt uit dat Jespers sy ekspressionistiese doelstelling van die verlede verloën het en dus verraad teenoor hom as die geestelike leier van vroeër gepleeg het. Sy skerp bewoording t.o.v. Jespers se post-impressionistiese skeppings van 1922 - 1923 is inderdaad ook krenkend van aard.

In hierdie artikel beweer hy o.a. dat 'n metafisiese malaise 'n kenmerkende eienskap van Floris Jespers se werk is. Hoewel hy dit nie direk so stel nie, lees ons tussen die lyne dat hy hierdie stelling ook op Jespers se vroeër werk betrek.<sup>29)</sup> René Victor betreur hierdie laasgenoemde uitlating van sy jeugvriend wanneer hy tereg daarop wys dat die teendeel bewys word in "zovele passages uit zijn correspondentie" met Jespers.<sup>30)</sup> Dit wil dus voorkom asof ons die negatiewe sfeer van hierdie artikel in die lig van die toenmalige situasie moet verstaan.

'n Versoening tussen Van Ostaijen en Jespers sou egter nie lank uitbly nie. Enkele maande later span die digter hom in om sy hele reeks gedigte "Huldegedicht aan Singer" van publikasie te onttrek nadat dit reeds bestem was om in die eerste nommer van die tydskrif De Driehoek opgeneem te word. Die rede hiervoor blyk te wees dat die redakteur, Josef Peeters geweier het om een bepaalde vers, "Floris Jespers heeft een Singernaaimasjien gekocht" te publiseer. Aangesien De Driehoek reeds in druk was, kon Van Ostaijen die proses nie keer nie. So verskyn sy reeks gedigte inderdaad sonder die betrokke gedig oor Jespers. Om hierdie rede besluit Van Ostaijen om onmiddellik af te sien van alle verdere medewerking aan die maandblad.<sup>31)</sup> Hierdie stap lewer dan enigsins 'n bewys van sy spyt t.o.v. sy misdaad teenoor Jespers in Sélection. 'n Definitiewe bewys dat Van Ostaijen reeds met die publikasiedatum van sy artikel in Sélection 'n versoening begeer het, vind ons in 'n brief van hom aan Floris Jespers. Hierin verklaar hy sy skuld t.o.v. vyftien skilderye wat hy pas van die skilder aangekoop het.<sup>32)</sup> Ietwat verassend is dit dat Van Ostaijen byna twee jaar lank gewag het om sy misnoë omtrent Jespers se tydelike terugkeer na die post-impressionisme te kenne te gee. In 1925 was Jespers immers reeds

'n volbloed Ekspressionis, soos wat ons reeds aangetoon het.

Let ons dan op die gehalte van die werk wat Jespers gedurende sy Integraal-Ekspressionistiese periode tot en met 1930 geproduseer het, kan ons dadelik konstateer dat die verskillende gunstige uitsprake van die bovermelde Sélection-kritici hieromtrent inderdaad geregverdig blyk te wees. In die besonder geld dit hier daardie visioenêre en tegniese kwaliteite vir sover dit beantwoord aan die volkseie oorspronklikhede van die Vlaamse kuns en waarop ons reeds gereeld gewys het.

Word Jespers se bepaalde eiendomlikhede binne die kader van hierdie visioenêre en tegniese vormtaal gestel ten owerstaan van die van byvoorbeeld die Latemse driemanskap, kan ons konstateer dat die wesensverskille sekerlik in verband gesien moet word met die aanvanklik indirekte (Courtens, Van Gogh, Ensor, Wouters) en later direkte (Kubisme) omweg wat hy langs die serebraal-georiënteerde Franse kuns gevolg het. Ons het reeds daarop gewys hoe Jespers as stedeling te Antwerpen gedurende die jare van die Eerste Wêreldoorlog en direk daarna, sy tegniese kunde via 'n al hoe meer bewus-georiënteerde patroon volgens konstruktivistiese voorbeeld tot 'n Ekspressionistiese selfstandigheid geleid het. Daarteenoor het Permeke, De Smet en Van den Berghe via 'n homogener herediteit ongeveer dieselfde tyd as hulle Antwerpse broeder tot die Ekspressionisme gekom - nieteenstaande hulle afwesigheid uit Vlaandere gedurende die oorlog.

Blykens die Ekspressionistiese selfstandigheid waarmee Permeke na die oorlog met sy terugkeer uit Engeland voor die dag kom in byvoorbeeld Kermis (Kat. B. -6, fk. 412) van 1921, wil dit voorkom asof die onafwendbare vervreemding van die toenmalige Simbolistiese en Luministiese sfeer aan die Leie 'n heilsame invloed op sy besondere evolusie gehad het.<sup>33)</sup> Insgelyks kan ons dieselfde bewering maak m.b.t. De Smet se Vrouw met Kop Koffie (Kat. B.-13, fk. 419) van 1921 en Van den Berghe se Portret van Mevrouw Brulez (Kat. B.-21, fk. 427) van 1920.<sup>34)</sup> Dat die gemeenskaplike deformatiewe einskappe in hierdie drie vermelde werke enigsins ooreenkoms met 'n konstruktivistiese ordelikheid vertoon, kan nie ontken word nie. Wat De Smet en Van den Berghe betref, kan ons aanneem dat hierdie soort invloed verband hou met hulle kennismaking met voorbeeld van

Kubistiese, Futuristiese, Fauvistiese en selfs Duits Ekspressionistiese werk gedurende hulle verblyf in Nederland. Permeke sou die reguitlynige en hoekige vlakke in sy werke na die oorlog aanvanklik deels intuïtief bekom en deels aan sy twee vriende ontleen, meer Paul Fierens.<sup>35)</sup> Hoe dit ook sy, bereik elkeen van die drieman-skap ná 1925 'n groter selfstandigheid t.o.v. 'n Ekspressionistiese visioenêre en tegniese vormtaal. Bygevolg is daar by hulle vanaf die laasvermelde datum – net soos dit die geval is met Jespers – geen bewus-tegniese of bewus-visioenêre ooreenkoms met ander stylrigtings nie.

Sou ons die werke wat hierdie vier meesters vanaf 1925 tot en met 1930 produseer onderling met mekaar vergelyk, blyk dit in al die gevalle dat die betekeniswaarde van die objek as mededelingsmiddel tussen die subjek en die aanskouer steeds duidelike beklemtoning ontvang – nieteenstaande die groot verskeidenheid van voorgestelde objekte. Wedersydse verskille tussen hierdie viertal oeuvres moet dus eerstens binne die raamwerk van hulle tegniese en visioenêre vormtaalverhoudings respektiewelik gesoek word.

Wanneer die onderlinge verskeidenheid van kleur-, lyn- en vlakverhoudings binne die som van laasgenoemde verhoudingsfeer as 'n uitgangspunt geneem sou word, kom ons vergelykenderwys algou tot die besluit dat hulle werke 'n groot verskeidenheid van emosionele waardes besit. Verder merk ons op dat die ambagtelike aanwending van hierdie tegniese vormtaalelemente ook onderlinge verskille vertoon.

Van die vier kunstenaars wat hier onder bespreking is, vertoon die werke van Jespers en Gustaaf De Smet die meeste affinititeit met mekaar wat betref hulle tegniese vormtaal. Dit raak hier sowel die liniëre as die koloristiese elemente. In albei se werke vind ons 'n streve na vereenvoudigde en gesintetiseerde vlak- en vormverhoudings met die doel om sover moontlik die elementêre wesenseinskappe van die objek in die artistieke werklikheid te beklemtoon. Hulle manier om die komposisionele eenheid skematies op te bou, vertoon merkwaardige ooreenkoms met mekaar van direk vóór en ná 1925. Vanaf die laasgenoemde datum begin albei van 'n ligter palet gebruik te maak. Tonale skakerings van suiwerder kleure met ligte hoogtepunte vind in 'n mindere of 'n meerdere mate ondersteuning by elkeen.<sup>36)</sup> Wedersydse beïnvloeding is natuurlik nie uitgesluit nie.

Vergelyk ons byvoorbeeld Jespers se skilderinge van 1924 soos o.a. Hebreeuws Meisje (Kat. A. 1 - 96, fk. 86) met De Kunstenaar en zijn Vrouw (Kat. B.-14, fk. 420) van De Smet uit dieselfde jaar met mekaar, kom ons onder die indruk van hoe albei kunstenaars die vlakverdelings op 'n skematiese-elegante manier in rangskikking met mekaar uitgewerk het. Vir sover dit die liniëre behandeling hier betref, doen in albei gevalle die geheel dekoratief aan en vertoon die stuk van De Smet enigsins nog ooreenkoms met Le Fauconnier se werk van voor 1925, terwyl Jespers se doek nog nie heeltemal vry te pleit is van die konstruktivisme van byvoorbeeld Léger nie. Stel ons in albei die Vlaminge se gevalle die karakter van die liniëre behandeling in verhouding met die koloristiese elemente, kom ons tot die besluit dat die vloeiente, deformatiewe en ekspressiewe kwaliteite in albei oeuvres sterker spreek as die formeel-komposisionele kwaliteite. Die rede hiervoor kan in die eerste plek gesoek word in die feit dat die ekspressiewe kwaliteite van die kolorisme die formele kwaliteite daarvan aanvul. Terwyl die sintese tussen die liniëre en koloristiese elemente in die proses van vlaksamestelling en die skepping van onderlinge vlakverhoudings plaasvind, domineer die kleur aldus as ekspressief-konstituerende element in die artistieke werklikheid. Dit blyk die geval te wees in sowel die stuk van Jespers as in dié van De Smet.

Min of meer dieselfde tegniese hoedanighede soos hierbo uiteengesit, word in Jespers se ander werke van 1924 aangetref. Ons verwys hier na Ongezellig Model (Kat. A. 1 - 97, fk. 87), Naakt (Kat. A. 1 - 98, fk. 88), Haven voor Mijn Zoontje (Kat. A. 1 - 99, fk. 89), Haven van Antwerpen (Kat. A. 1 - 100, fk. 90), Aquarium (Kat. A. 1 - 101, fk. 91), Baadster (Kat. A. 1 - 102, fk. 92) en Stillewe (Kat. A. 1 - 103, fk. 93).

Net soos in Hebreeuws Meisje is die skematiese opbou van vlakte in hierdie laasvermelde stukke geneig om by die eerste aanskouing die indruk te skep al sou dit hier oorwegend om 'n fisioplastiese konstruktivisme gaan. By nadere ondersoek stel ons egter vas dat die besondere keuse van kleursamestellings en -verhoudings 'n ekspressief-gelaaiide atmosfeer as 'n dominerende waarde in elk van die stukke tot gevolg het. Dit is ook opvallend dat die ekspressiwiteit van stuk tot stuk aansienlik verskil. Dit lewer enigsins bewys

van Jespers se ekspressiewe vermoë, 'n feit wat hand aan hand saamgaan met sy tegniese kunde om van ryk gevarieerde kleursamestellings in sy onderskeie vlakverhoudings gebruik te maak. In hierdie opsig kom die verskil met De Smet en ook ander lede van die ekspressionistiese broederskap in Vlaandere na vore. <sup>37)</sup>

Dit word dus duidelik dat die toepassing van 'n ligter palet vanaf 1925 met die doel om 'n steeds ryker en dieper tonale resultaat te bekom, 'n logiese vervolg sou wees van Jespers se besondere skepping van vlaksamestellings en -verhoudings.

In feite is hierdie verskynsel 'n verdere voortsetting van dit wat hy in die verband reeds tot 'n mate in sy agterglasskilderinge van 1923 bereik het. Daarom kan verwag word dat sy agterglasskilderinge van 1924 reeds 'n duideliker konsekwensie hiervan sou openbaar as sy oliewerke van dieselfde jaar. Die afwisselende gebruikmaking van óf oorwegend helderder óf gelyktydig helder en donker tonale kontraste wat die dieperliggende ekspressiéwe waardes van kleure beklemtoon, word nog verder versterk deur die blink oppervlakte van die glas in byvoorbeeld die volgende stukke van 1924: Matroos met Bloem (Kat. A. 1 - 104, fk. 94), Stillewe, Blomme (Kat. A. 1 - 105, fk. 95), Haven (Kat. A. 1 - 106, fk. 96), Japaanse Clown (Kat. A. 1 - 107, fk. 97).

Jaarliks daarna vind ons dieselfde lewendige tonale behandeling in 'n progressief-behouende mate in oliestukke soos byvoorbeeld De Kommunikant (Kat. A. 1 - 113, fk. 103), Metropolis (Kat. A. 1 - 114, fk. 104), Aquarium (Kat. A. 1 - 115, fk. 105) en Le Meutre (Kat. A. 1 - 116, fk. 106) van 1925; Huwelik (Kat. A. 1 - 121, fk. 113), Het Veer (Kat. A. 1 - 122, fk. 114) en Gegroet Oostende (Kat. A. 1 - 123, fk. 115) van 1926; Oostende (Kat. A. 1 - 138, fk. 130), Incognito (Kat. A. 1 - 146, fk. 138), De Beschaafde en de Barbaar (Kat. A. 1 - 139, fk. 131) en Beestje met Hoed (Kat. A. 1 - 140, fk. 132) van 1927; De Schildertafel (Kat. A. 1 - 148, fk. 147), Haven (Kat. A. 1 - 149, fk. 148), Haven van Honfleur (Kat. A. 1 - 150, fk. 149), Havengezicht met Vuurtoren (Kat. A. 1 - 151, fk. 150) en Le Bouquet d'Anniversaire (Kat. A. 1 - 152, fk. 151) van 1928; Gevaarlike Vrouw (Kat. A. 1 - 164, fk. 166), Bretoense Vrouw (Kat. A. 1 - 165, fk. 167), Stillewe met Vis (Kat. A. 1 - 163, fk. 165) en Kleine Circus (Kat. A. 1 - 167,

fk. 169) van 1929; Landskap in Normandië (Kat. A. 1 - 174, fk. 176), Soldaat (Kat. A. 1 - 175, fk. 177), Stilleven (Kat. A. 1 - 176, fk. 178) en Landschap met Bootje (Kat. A. 1 - 177, fk. 179) van 1930. Die deformatiewe eienskappe van hierdie oliewerke weerspieël afwisselend dramatiese, grillige, feëagtige en realistiese ingewings wat in die som daarvan die dinamiese karakter van Jespers se vergeestelike realiteitsin beklemtoon.

In hierdie laasgenoemde opsig kom die eiendomlike visioenêre vormtaal van Jespers baie duidelik in teenstelling met dié van De Smet na vore - nieteenstaande die ooreenkoms in die tegniese vormtaalgebruik tussen die twee. Waar Jespers 'n divergensië van onrustige emosionaliteit in sy werke openbaar, word De Smet se skeppings gekenmerk deur 'n rustige-ekspressiewe deurlugtigheid. Word Jespers se Le Meutre (Kat. A. 1 - 116, fk. 106) van 1925 en sy Jagters en Boerdery (Kat. A. 1 - 169, fk. 171) van 1929 met De Smet se Groot Landschap met Koeien (Kat. B.-15, fk. 421) van 1928 en sy De Geweerschot (Kat. B.-16, fk. 422) van 1930 teenoor mekaar gestel, is hierdie verskil in die onderskeie visioenêre vormtale duidelik. Die geheimsinnige en spanningsvolle atmosfeer in die twee landelike tonele van Jespers staan sterk gekontrasteer teenoor die gepoëtiseerde kalmte van die landelikheid wat deur De Smet in sy doeke gesuggereer word. In die laasgenoemde skildery van die Latearnaar kan ons die geweerskoot van die jagter nouliks bedink as synde 'n aksie wat 'n dier op die loop sou kon jaag.

Wat die onrustige aard van Jespers se werk betref, vertoon hy enigsins meer verwantskap met Permeke soos wat dit veral in sy seeskapskildering blyk te wees. Vergelyk in hierdie verband Jespers se Marine (Kat. A. 1 - 158, fk. 157) van 1928 met Permeke se Groen Marine (Kat. B. -11, fk. 417) van 1934.

In sommige stukke van Jespers word ook enigsins aangesluit by Van den Berghe vir sover sekere fantasmagoriese, feëagtige en illusjonistiese impulse in die artistieke werklikheidsvoorstelling tuisgebring word. Hier kan byvoorbeeld Huwelik (Kat. A. 1 - 121, fk. 113) van 1926, De Beschaafde en de Barbaar (Kat. A. 1 - 139, fk. 131) van 1927, Beestje met Hoed (Kat. A. 1 - 140, fk. 132) ook van 1927, Gevaarlike Vrouw (Kat. A. 1 - 164) van 1929, Kermis in de Duinen (Kat. A. 1 - 173, fk. 174) van 1925 - 30 en Soldaat (Kat. A. 1 - 175, fk. 176) van 1930 met Van den Berghe se Het

Zingende Beeld (Kat. B. 24, fk. 430) van 1928 en De Ongekende Tempel (Kat. B.-25, fk. 431) van 1929 vergelyk word. 'n Duidelike surrealisme soos wat reeds in Van den Berghe se werk voorkom, bereik Jespers egter nooit nie.

Die tegnies-ambagtelike verskille tussen Jespers en die twee laasvermelde Latemnare is groter as die toevallige ooreenkomste in hulle visioenêre vormtaal. Dit kan veral m.b.t. die jare 1925 tot 1930 aangetoon word. Die belangrikste teenstellings lê dus opgesluit in die onderskeie maniere waarop die liniêre elemente ter wille van die ekspressiemootlikhede daarvan in verhouding tot die kleur toegepas word. In kort kom dit daarop neer dat die harder en kragtiger belyninge van Permeke en die vloeinder in-kleur-versmeltende belyninge van Van den Berghe moeilik deur Jespers in sy eie werk volgens sy eiendomlike ekspressief-bewuste impuls tot tonale uitdrukking tuisgebring kan word.

Kortliks saamgevat, kan ons konstateer dat sowel die visioenêre as die tegniese vormtaal van Jespers ten owerstaan van die van Permeke, De Smet en Van den Berghe 'n selfstandigheid handhaaf omdat dit sinliker, uitbundiger, speelser, kleurryker en meer voortvarend is. Verder blyk dit dat die karakter van sy werk minder hartstogtelik en minder aangrypend is. As die belangrikste kousale faktor vir hierdie onderskeidings met sy medestanders kan geld dat Jespers deur en deur stedeling was; en in besonder dat hy as Antwerpenaar gedurende die oorlog in 'n enigsins geïsoleerde posisie die mees dramatiese omwenteling op die gebied van die beeldende kunste van hierdie eeu te België meegegemaak het - niteenstaande die feit dat die dienooreenkommstige rewolusie aanvanklik oorwegend teoreties gerig was.

Tot dusver het ons probeer aantoon dat Jespers daarin geslaag het om gedurende en na 'n noodgedwonge post-impressionistiese tussenbedryf van 1922 - 1923 sy Ekspressionistiese selfstandigheid m.b.t. sowel visioenêre as tegniese eiendomlikhede progressief te handhaaf. Die sukses wat hy dientengevolge sowel in eie kring as in die buiteland behaal het, het langsamerhand ook ingehou dat hy 'n sekere mate van finansiële onafhanklikheid sou bereik. Op 13 November 1924 verhuis Jespers en sy gesin na 'n groter woning in 'n gegoede deel van die stad.<sup>38)</sup> In die Helenalei 22 waar hulle tot en met Februarie 1928 sou bly woon, het die kunstenaar 'n ruim ateljee tot sy

beskikking gehad. Ons weet van geen tweede ateljee wat hy elders tydens sy verblyf by hierdie adres gehad het nie. Met hulle vertrek vanaf die Helenalei na 'n woning in die Provinciesteenweg 102, te Boughout,<sup>34)</sup> 'n voorstad van Antwerpen, het Jespers 'n ateljee in die Liersesteenweg, in dieselfde voorstad, ingerig.<sup>40)</sup> Vroeg in 1929 betrek hy 'n ruim ateljee in die Marialei 40, te Antwerpen.<sup>41)</sup> Hierdie baie ruim ateljee is vroeër deur die beeldhouer, Louis Geefs, gebruik. Gedurende 1930 koop Jespers hierdie tweeverdiepinghuis. Van die twee verdiepings laat hy 'n drie verdiepinghuis maak, rig die boonste verdieping in as ateljee en verhuis met sy familie in Desember 1930 daarheen.<sup>42)</sup>

Uit die voorafgaande blyk dit dat Jespers enigsins 'n welvarende bestaan te Antwerpen gevoer het gedurende die jare waarin sy meeste werk te Brussel vertoon en verkoop is. Dit word nog verder onder-skryf deur die wete dat hy en sy gesin jaarliks gedurende die somer vir drie of meer maande te Knokke, te Middelkerke en te De Haan aan Zee langs die Belgiese kus gaan woon het.<sup>43)</sup> 'n Groot aantal onderwerpstudies van sy skilderinge getuig van sy jaarlikse uitstappies daarheen; hawe-, strand- en seugesigte is of reeds daar of later in sy ateljee voltooi.

Gedurende die somers van 1928 en 1929 reis Jespers vir enkele weke na Normandië en Bretanje. Verskeie hawegesigte, landskappe en figuurstudies wat hy tot en met 1930 produseer, is herinneringe aan sy gelukkige verblyf in die plattelandse milieu van hierdie twee Franse provinsies.<sup>44)</sup>

Dit is opmerklik dat hy die "églomisé"-tegniek in hoofsaak slegs tot en met die einde van sy Integraal-Ekspressionistiese periode in 1930 beoefen. Na hierdie datum sou enkele voorbeelde as uitsonderingsgevalle aangedui kan word. Dit sou haas onmoontlik wees om vast te stel hoeveel van hierdie werke Jespers gedurende sy glorieryke jare vervaardig het. Dat hierdie stukke uiteindelik in 'n groot mate meegehelp het om hom uit sy finansiële nood van 1922 - 1923 te red, kan ons gerus aanneem. Jespers was immers die enigste Belg wat hom gedurende hierdie tydperk aan hierdie tegniek gewaag het.<sup>45)</sup> Uit tentoonstellingskatalogi en tydskrifartikels blyk dit duidelik dat hierdie afdeling van sy oeuvre groot byval en waardering by sowel die kritici as die publiek gevind het. . . Vanaf 1924 sou die

kunstenaar sorg dra dat agterglasskilderinge by beide offisiële en handelsgroep tentoonstellings ingesluit word.<sup>46)</sup> Verskillende eenmanstentoonstellings vind plaas waar uitsluitlik glasskilderinge vertoon is.<sup>47)</sup> Erkenning en lof vir sy "place toute personnelle"<sup>48)</sup> in hierdie genre van skildering word in die buiteland aangemerkt.

'n Onbekende Franse kritikus wat die hier bo aangehaalde waardering t.o.v. Jespers se selfstandigheid teenoor Gustave De Smet en Fritz Van den Berghe in 1928 aandui, maak in dieselfde verband ook gewag van die Antwerpener se besondere liniëre en koloristiese kwaliteite in die agterglasskilderinge.<sup>49)</sup> Die eintlike eienaardigheid wat hierdie buitestander ten tye van die Le Centaure tentoonstelling van Jespers se agterglasskilderinge aan die einde van 1927 sou raakgesien het, is die suiwer kwaliteite van die kleure in die toonskakelings en die gelyktydige verfynde behandeling van die lyn gedurende die ekspressiewe vormgewingsproses. Dit is immers die mees eiendomlike kenmerk in Jespers se kuns uit hierdie jare. Dit is hiermee dat hy sy kunstenaarskap in staat stel om so 'n ryk en gevarieerde ekspressiewe visioenêre vormtaal te bereik in soveel uiteenlopende onderwerpstudies.

Besien ons die verskillende agterglasskilderinge wat Jespers vanaf 1925 vervaardig, kom ons onder die indruk dat hy met 'n bepaalde voorkeur gaandeweg ligter skakerings t.o.v. diep en warm kleure gebruik. Diep-blou en helder-rooi en oker skakerings word gedurig in komposisie met mekaar gekomplementeer met geel en silwer tinte om in die totale rangskikking 'n trillingsintensie van ryk en gevarieerde tonaliteit te bekom. Hierdie spel van kleurritmes word verder deur skerp en fyn lynritmes aangevul wat die verskillende vlakverdelings tot 'n gelukkige eenheid saamsnoer.

Waar hy die tonaliteit en die karakter van die lyn as 'n reël by die bepaalde inhoud laat aanpas, bereik die skildery as 'n outonome skepping op hierdie wyse 'n ekspressiewe geslotenheid en tree die betekeniswaarde van die objek as mededelingsmiddel duidelik na vore. Gemis aan logiese perspektief-suggestie en die handhawing van 'n geslotte deformatiewe vormgewing is dus eienskappe wat die bedoelde ekspressie tot selfstandigheid aanhelp. Omdat Jespers hom nie in die eerste plek as koloris nie, maar as 'n tonalis gedra, kan verwag word dat die essensiële eienskappe van sy ekspressie eerder

'n oorwegende maat van verfyndheid as 'n hewigheid sou wil huisves. Dit is inderdaad so. As sulks kom hierdie eienskappe van sy ver-uiterlike gevoel enigsins meer daadwerklik en sprekender tot uiting in Jespers se agterglasskilderinge as in sy olieverfwerk. Die rede hiervoor lê opgesluit in die eiesoortige ambagtelik-tegniese moontlikhede van die agterglasskilderinge vir sover die kunstenaar ryker nuanseringe van kleurtonaliteite en ritmies-liniëre kwaliteite bereik.

Gedurende die jare 1925 tot en met 1928 vervaardig Jespers ongeveer 'n honderdtal droënaaldetse. Die visioenêre karakter van hierdie stukke pas heeltemal in met dié van die agterglasskilderinge en oliewerke wat in dieselfde jare tot stand kom. Tegnies gesien, beantwoord die etse ook in breeë trekke aan dieselfde vereistes as die van die skilderinge in sover die tegnies-ambagtelike metodiek daarvan dit toelaat.

Die meeste etse stel harlekyne voor wat in een of ander situasie verkeer en 'n psigologiese toestand opsommend en meestal tref-fend verbeeld. Ons verwys na die volgende voorbeelde in hierdie verband: Clown met vlek op Gesig (Kat. A. 2 - 1, fk. 111) van 1925, Twee Clowns (Kat. A. 2 - 3, fk. 140), Sirkustoneel (Kat. A. 2 - 4, fk. 141), Twee Clowns in de Circusring (Kat. A. 2 - 6, fk. 143) van 1927, en Clown met Harmonium op zijn Schoot (Kat. A. 2 - 10, fk. 162) van 1928.

Behalwe harlekyne, maak Jespers in sy etse ook gebruik van alle-daagse onderwerpstudies wat hy ter wille van die eenvoud van die situasie of gebeurlikheid kies en dienooreenkomsdig volgens 'n sinteties-ordelike wyse met fyn en skerp belynings beeldend voorstel. Sien byvoorbeeld in hierdie verband die volgende stukke: Vrou in die Water (Kat. A. 2 - 5, fk. 142) van 1927, Naakte Man en Vrou met Hond (Kat. A. 2 - 8, fk. 145), Zondige Vrouw (Kat. A. 2 - 9, fk. 146) en Strandzicht I (Kat. A. 2 - 12, fk. 164) van 1928.

Jespers se ets Voor Kleine Saxophoon (Kat. A. 2 - 7, fk. 144) van 1928, is ter illustrasie van Burssens se gedig met dieselfde titel gemaak. Aanvanklik sou die ets saam met drie ander van sy etse opgeneem word in 'n bundel gedigte van Burssens. Om een of ander rede gebeur dit nie. Uiteindelik maak Jespers vier tekeninge

met min of meer dieselfde uitsig as die van die oorspronklik bedoelde etse wat saam met vier gedigte in *Klemmen voor Zangvogels* gepubliseer word. 50)

Dat Jespers nie veel inspanning aan die dag moes lê om d.m.v. fyn aaneenskakelende lyne teenstellende toonwaardes te bekom vir 'n ekspressionistiese doelstelling, word in al die bovermelde stukke bewys. Die variasies van teksture wat d.m.v. die buryn bekom kan word, lewer 'n verrassende tegniese voordeel vir hierdie doelstelling op. In sekere stukke waar Jespers blybaar of nie tevrede was met die toonwaardes en tekstuurvariasies wat bereik is nie of aanvanklik met die voorbereiding van die plaat weinig aandag daar-aan gegee het, is tonaliteit met kleur d.m.v. penseel en water-verf op die eindproduk aangebring. In Clown met Vlek op Gesig (Kat. A. 2 - 2, fk. 112) en Clown met Harmonium op zijn Schoot (Kat. A. 2 - 10, fk. 162) is weinig of geen toonwaardes van aaneenskakelende lyne of tekstuur-variasies toegepas nie, terwyl in Clown met Vlek op Gesig (Kat. A. 2 - 1, fk. 111) en in Clown met Harmonium op zijn Schoot (Kat. A. 2 - 11, fk. 163) waterverfvolling van verskillende kleurtonale waardes in sekere vlakke selektief toegepas is. 'n Nadeel wat hierdie laasvermelde inkleurmетодiek t.o.v. so 'n grafiese voorstelling inhoud, is dat die eindresultaat enigsins gevaaar loop om 'n dekoratiewe aksent te kry, d.w.s. indien die kleurtonaliteit 'n oorheersende rol t.o.v. die onderlinge komposisie van vlakke sou vervul. Bewys word egter gegee in die laasvermelde stukke wat kleurvulling ontvang het dat Jespers hierdie gevaaar goed besef het en dienooreenkomsdig van uiters lichte kleurtonaliteit gebruik gemaak het.

In die lig van hierdie laasgenoemde uiteensetting word die selfstandigheidswaarde van Jespers se Integraal-Ekspressionistiese realiteitsin duideliker. Ons kan ook aan die onbekende Franse kritikus van L'Art Vivant gelyk gee wanneer hy die posisie van die Jespers-oeuvre in 1928 as volg opsom: "Jespers est essentiellement flamand et sa vision picturale relève directement de cette tendance 'expressioniste' que ne doit rein à celle d'Allemagne et s'épanouit particulièrement en Flandre." 51)

- 1) Brief van Floris Jespers aan Rik Cox 23/3/22; sien: Bylae nr. 15.
- 2) Twee brieue van Floris Jespers aan Rik Cox, ongedateer, maar vermoedelik na Mei 1922 geskryf, aangesien hier reeds sprake is van Marc Jespers, die jongste spruit van Floris, se geboorte (15.5.1922); sien Bylaes nr. 16 en nr. 17.
- 3) Die katalogus van hierdie tentoonstelling wat gedurende die somermaande van 1922 te Den Haag moes plaasgevind het, kon ons nie agterhaal nie. Vir werke wat waarskynlik dieselfde post-impressionistiese hoedanighede besit as dié wat gedurende laasgenoemde tentoonstelling vertoon is, sien: Morgen op de Schelde (Kat. A. 1 - 83, fk. 73) en De Aanlegplaats (Kat. A. 1 - 80, fk. 70).
- 4) sien: Het Toneel, Antwerpen, 8(24): 3, 17 Feb. 1923.
- 5) De Bock, E.: "Oscar en Floris Jespers", Het Vaderland, Antwerpen, 28 Mei 1918.
- 6) 'W': "Tentoonstelling Floris Jespers", Het Toneel, 8(25): 2, 24 Feb. 1923.
- 7) De Mont, P.: Floris Jespers in Renishalle, in: Schilders van Hier en Nu, Antwerpen, 1929, p. 173 - 80. Hierdie artikel verskyn oorspronklik in 'n onbekende nommer van 1924 van De Schelde - 'n Antwerpse tydskrif waarvan De Mont die redakteur was.
- 8) sien: Avermaete, R.: "Le Salon de L'Art Contemporain", Lumière, Bruxelles, 3(8): 6, 15 Mei 1922;  
'W': "Kunst van Heden: Salon van 1922", Het Toneel, Antwerpen, 7(37): 1, 20 Mei 1922.  
P.J.: "Un Salon d'Art: L'Art Contemporain", Vie Intellectuelle, Bruxelles, 9(6): 102 - 3, 1 Junie 1922;  
Marlier, G.: "Le Salon de L'Art Contemporain", Ca Ira, Anvers, (19): 188 - 9, Julie 1922.  
De Mont, P.: Kunst van Heden in 1922, in: Schilders van Hier en Nu, Antwerpen, 1929, p. 181 - 7. Hierdie artikel verskyn oorspronklik in 'n onbekende nommer van 1922 van De Schelde, Antwerpen.

- 9) Marlier, G.: op. cit., p. 189.
- 10) sien: De Smet, F.: "Le 42e Salon Triennal de Gand, Gand Artistique, Gand, 1(7): 88, 1 Julie 1922.
- 11) sien: Stilleven, Groenten (Kat. A. 1 - 8, fk. 6).
- 12) sien: Das Kunstblatt, Berlin, 4(3): 38 - 50, 1921 en Sélection 3(2): 142 - 57, Des. 1923;  
Van Ostaijen, P.: Verzameld Werk, Antwerpen, IV, 1956, p. 135 - 147.

Heinrich Campendonk (1889 - 1957) was saam met Kandinsky, Klee, Marc en Macke een van die aktiewe lede van die "Blaue Reiter" - groep. Paul van Ostaijen ontmoet hierdie skilder gedurende die somer van 1920 in Berlyn. In 1933 emigreer Campendonk na België en in 1935 gaan woon hy te Amsterdam waar hy aan die Rijksakademie voor Beeldende Kunsten doseer en uiteindelik in 1957 oorlede is; sien:

Engels, M.T.: Heinrich Campendonk, Recklinghausen, 1958;  
Schürmeyer, W.: Heinrich Campendonk, Frankfurt, 1920.

- 13) Van Ostaijen wys reeds in 1920 op hierdie moontlikheid in die beeldende kunste vir sover 'n Kantiaanse instelling deur die kunstenaar t.o.v. sy kunsskepping gehuldig sou word.  
sien: "Wat is er met Picasso?", Ruimte, 1(8 - 9): 93 - 99, 1920.  
Van Ostaijen, P.: Verzameld Werk: Proza, Antwerpen, IV, 1956, p. 79;
- 14) Van Ostaijen, P.: Verzameld Werk: Proza, Antwerpen, IV, 1956, p. 138 - 139.
- 15) Van Ostaijen, P.: op., cit., p. 140.
- 16) "L'Expression dans l'œuvre de Campendonk semble être toute préparé dans la vision, sans synthèse éliminante. Ayant devant lui le fait concret de l'expression - le tableau - le spectateur n'est pas tenté de suivre une voie inductive pour arriver au contenu spiritueliste. Le schématique dans l'expression s'identifie avec le suprenant dans la vision."  
sien: Van Ostaijen, P.: op. cit., p. 140.

- 17) In hierdie opsig sluit Campendonk dan sekerlik aan by Paul Klee; verder is Van Ostaijen se uitspraak i.v.m. die onmiddellikhed van die skeppingsproses in die Campendonk oeuvre aan te sluit by die teorie van Herbert Read t.o.v. die Surrealisme en die sg. "automatisasie" in Klee se kuns.  
sien: Read, H.: Art Now, London, 1960, p. 86 - 100.
- 18) Hiervan het ons 'n agtstuks in die katalogus opgeneem;  
sien: Kat. A.1 - 87, fk. 77 tot Kat. A.1 - 94, fk. 84.
- 19) Paul Neuhuys (1891) was een van die belangrikste Fransskrywende Vlaamse letterkundige medewerkers van Lumière en Ça Ira en 'n lewenslange vriend van Floris Jespers.
- 20) Wat groepstentoonstellings te Antwerpen betref, sou Jespers nog gereeld in die toekoms deelneem aan die jaarlikse Salon van Kunst van Heden. Hoewel hy reeds in 1921 sy werke vir die eerste keer by hierdie vereniging vertoon, word hy eers in 1925 as volle lid aanvaar. In laasgenoemde hoedanigheid sou sy werk ook gereeld ingesluit word by die groepstentoonstellings van Belgiese Kuns wat gedurende die dertiger jare in verskillende Europese stede vertoon is. Verder sou hy sy werk van tyd tot tyd in groepstentoonstellings wat deur die Koninklijke Kunstverbond te Antwerpen ingerig is, laat vertoon.  
sien: Redaksie: "Petites Nouvelles Artistiques . . . et autres", Sélection, Bruxelles, 4(7): 168, 15 Mei 1925;  
Koninckx, W.: Trente Ans au Service de l'Art, Anvers, 1935;  
sien ook: Bylae nr. 30.
- 21) Te Antwerpen weet ons maar van twee geleenthede gedurende 1924 tot en met 1931 waar Jespers sy werk op 'n eenmanstentoonstelling vertoon, nl. aan die einde van 1925 in die Kunstverbondzaal en gedurende April - Mei 1929 in die Galerie Breckpot. By elkeen van hierdie geleenthede word alleen agterglasskilderinge aan die publiek voorgestel. Galerye in Brussel waar die kunstenaar se werk gereeld in groeps- of enkelverband tot voor die Tweede Wêreldoorlog te sien was, is die volgende: Le Centaure, Vierge Poupine, Eddy's Art Studio, Galerie Manteau, Galerie Giroux, Galerie Kodak en Galerie Dietrich.

- 22) Gedurende die volgende vermelde jare word Jespers se werke op georganiseerde wisseltentoonstellings in hierdie galerie verteenwoordig: 1926, een eenmanstentoonstelling (13 tot 29 Maart) en een groepstentoonstelling (30 Oktober tot 10 November); 1927, een groepstentoonstelling (11 tot 26 Junie) en een eenmanstentoonstelling (28 Oktober tot 15 November); 1928, twee groepstentoonstellings (24 Maart tot 7 April en 13 tot 24 Oktober); 1930, een eenmanstentoonstelling (22 November tot 3 Desember); 1931, een groepstentoonstelling (10 tot 28 Januarie). Hoewel die bronne meestal verwys na die bestaansjare van die Galerie Le Centaure as synde 1921 tot 1930, weet ons dat die laaste tentoonstelling van hierdie handelsaak vroeg gedurende 1931 plaasvind.  
sien: tentoonstellingskatalogus in hierdie verband.
- 23) Omtrent die aard van die kontrakte wat Schwarzenberg met meer as 'n honderd buite- en binnelandse kunstenaars gedurende die verloop van tien jaar aangegaan het, lees ons in 'n brief van hom aan 'n sekere A. Guislain. In hierdie skrywe word dit verder ook duidelik dat Schwarzenberg die Galerie Le Centaure vanaf 1931 tot 1932 onder die naam van Galerie Schwarzenberg bestuur het; Brief van 18.12.1954, Argief en Bibliotheek, Koninklijke Museum voor Schone Kunsten, Brussel, inschrijving nr. II 3120bis.
- 24) Le Centaure, Chronique Artistique verskyn maandeliks vanaf Oktober 1926 tot Julie 1930. Die stigters was Walter Schwarzenberg, Blanche Charlet en Georges Marlier; laasgenoemde as redakteur.
- 25) Vir gegewens omtrent Sélection, sien: Hoofstuk I, voetnote 59) en 65).
- 26) Van hierdie artikels word ook in buitelandse "avant-garde"-tydskrifte soos L'Art Vivant, Paris, opgeneem; sien o.a.: Haesaerts, Luc et Paul: "Les Arts en Belgique", L'Art Vivant, Paris, 1(18): 14 - 7, 15 September 1925; De Ridder, A.: "La Nouvelle Peinture Belge", L'Art Vivant, Paris, 3(67): 783 - 87, 1 Okt. 1927;

Marlier, G.: "La Nouvelle Génération", L'Art Vivant,  
Paris, 3(67): 791, 1 Okt. 1927.

- 27) In die lig hiervan gesien, tel dit enigsins tot nadeel van Paul en Luc Haesaerts as kritici vir sover hulle later in hulle publikasies so weinig ruimte gun aan Floris Jespers se aan-deel gedurende 1925 - 1930 - 'n tydperk wat later as die hoogtepunt van die Vlaamse Ekspressionisme bekend sou staan;  
sien: Haesaerts, Luc et Paul: Flandre, Paris, 1931;  
Haesaerts, P.: Histoire de la Peinture Moderne en Flandre, Bruxelles, 1959;  
Haesaerts, P.: Sint-Martens-Latem, Bruxelles, 1965.
- 28) "Heinrich Campendonk", Sélection, Bruxelles, 3(2): 142 - 57, 15 Des. 1923;  
"Notes sur Floris Jespers", Sélection, Bruxelles, 4(4): 308 - 20, 15 Jan. 1925.
- 29) "Cet homme est trop flamand d'aujourd'hui pour ne pas éclater de rire en face de la simple possibilité spéculative d'un malaise métaphysique".  
sien: Verzameld Werk: Proza, Antwerpen, IV, 1956, p. 195.
- 30) Victor, R.: Inleidingswoord, in: Tentoonstellingskatalogus: Retrospective Floris Jespers, Antwerpen, 15 - 27 Okt. 1966, p. 13.
- 31) De Roover, P.: Paul van Ostaijen, Brugge, 1958, p. 18.
- 32) Brief van Paul van Ostaijen aan Floris Jespers, 15 Jan. 1925;  
sien: Bylae nr. 23.
- 33) Wanneer ook die volgende stukke van Permeke in hulle kronologiese volgorde en vergelykenderwys besien word, is dit duidelik in welke mate hy daarin geslaag het om van voor tot na die oorlog enersyds weg te breek van die Luministiese formule van Claus en andersyds 'n selfstandiger ekspressie te bekom wat nie meer aan die simbolisme van o.a. Servaes herinner nie: Jonge Boompjes (Kat. B-1, fk. 407) van 1910, Moederskap (Kat. B-2, fk. 408) van 1913, De Vreemdeling (Kat. B.-3, fk. 409) van 1916, Oogst in Devonshire (Kat. B.-4, fk. 410) van 1917, De Oogst word Binnengehaald

(Kat.B.-5, fk. 411) van 1917 en De Verloofden (Kat. B.-7, fk. 413) van 1923.

- 34) Vergelyk ook die volgende doek van 1912 van De Smet met sy aangehaalde stuk: De Witte Eenden (Kat. B.-12, fk. 418); so ook wat betref Van den Berghe se Het Sneeuwt (Kat. B.-19, fk. 425) van 1911 en De Zaaier (Kat. B.-20, fk. 426) van 1918 met sy aangehaalde stuk.
- 35) Fierens, P.: Constant Permeke, Paris, 1930, p. 29.
- 36) André De Ridder wys ook reeds op hierdie tegniese verwantskap tussen De Smet en Jespers. Hy stel die volgende retoriiese vraag: "..... of onder onze Vlaamse ekspressionisten, er buiten Gustaaf De Smet, nog andere zijn, die in het opzicht van het tonale gezag Jespers naar de kroon mogen steken?"; sien: "Floris Jesper's Kunst", in: Tentoonstellingskatalogus Retrospectieve Floris Jespers, Brugge, 14 Mei tot 12 Junie 1960 p. 28.
- 37) De Smet se werk van die vroeë twintiger jare lewer genoegsaam bewys dat hy 'n bepaalde voorkeur sou hê vir 'n homogener palet: oker, rooi-bruin en grondbruin word meestal in samehang met mekaar gebruik. Van den Berghe sluit opvallend by De Smet in hierdie opsig aan, terwyl Permeke sy selfstandigheid beklemtoon deur oorwegend van monotoonagtige vuilbruin skakerings en swart-bruin belyninge gebruik te maak. Vergelyk byvoorbeeld De Smet se De Kunstenaar en zijn Vrouw (Kat. B.-14, fk. 420) van 1924, Van den Berghe se De Goede Herberg (Kat. B.-22, fk. 428) van 1923 en Permeke se De Verloofden (Kat. B.-7, fk. 413) van 1923.
- 38) sien: Bylae nr. 7, inschrijving nr. 16983.
- 39) sien: Bylae nr. 8, inschrijving nr. 25619.
- 40) Die ateljee se adres word vermeld in die tentoonstellingskatalogus: L'Art Belge depuis L'Impressionisme, Musée du Jeu de Paume, Paris, 2 Mei tot 1 Junie 1928. Villa's te Boughout is een van die studies wat by hierdie adres ontstaan.

- 41) Hierdie adres word reeds aangegee in die tentoonstellingskatalogus: Salon Kunst van Heden, Stadsfeestzaal, Antwerpen, 27 April tot 2 Junie 1929.
- 42) sien: Bylae nr. 8, inschrijving nr. 25619.
- 43) Volgens die weduwee van die kunstenaar het die familie jaarliks vanaf 1924 vir die duur van die somer na die Belgiese kus verhuis. Vanaf 1927 tot gedurende die dertiger jare sou hulle gereeld 'n gedeelte van 'n huis van die heer De Beir,<sup>te Knokke</sup>, betrek. Hierdie huis staan bekend as De Zwarte Huis, ontwerp deur Henri Van de Velden. In 1934 koop Jespers 'n stuk grond op die Graaf Jansdijk te Knokke waar hy die daaropvolgende jaar 'n vakansiehuis sou laat bou. Hierdie huis wat vandag 'n kafeegeleentheid huisves, sou bekend staan as Het Vijfringenhuis.
- 44) sien byvoorbeeld: Haven van Honfleur (Kat. A.1-150, fk. 149) en Havengezicht met Vuurtoren (Kat. A.1-151, fk. 150) van 1928; Bretoense Vrouw (Kat. A.1-165, fk. 167) en Bretagne (Kat. A.1-166, fk. 168) van 1929; Landskap in Normandië (Kat. A.1-174, fk. 176) van 1930.
- 45) De Mont, P.: "Onze Kunstbeweging: Iets over de glasschildingen van Floris Jespers", De Schelde, 10 Okt. 1929.
- 46) sien: Salon van Kunst van Heden, Stadsfeestzaal, Antwerpen, 24 Mei tot 22 Junie 1924: 10 agterglasskilderinge wo. Bloemetje en Haven (Kat. A. 1-104, fk. 94) en Kleine Haven (Kat. A. 1-106, fk. 96); Het Kind, Kunstverbondzaal, Antwerpen, 18 Okt. tot 1 Nov. 1925: 1 agterglasskildering; Tentoonstelling van Schilderijen en Beeldhouwerken van de Moderne Belgische School, Galerie L'Oeuvre, Antwerpen, 2 tot 14 Okt. 1926: 4 agterglasskilderinge wo. Joodsche Verloofden (Kat. A. 1 - 135, fk. 127) en Baadster (Kat. A. 1 - 137, fk. 129); Exposition de Clôture, Galerie Le Centaure, Brussel, 11 tot 26 Junie 1927: 2 glasskilderinge wo. Clowns Misicaux (Kat. A. 1 - 132, fk. 124) en Joodsche Verloofden (Katedraalglas) (Kat. A. 1 - 147, fk. 139); Exposition de Réouverture, Galerie Le Centaure, Brussel, 13 tot 24 Oktober 1928: 1 agterglasskildering, Clown (Kat. A. 1 - 162, fk. 161); Zeitgenössische Belgische Kunst, Frankfurter

Kunstverein, Frankfurt, s.d. 1929: 2 glasskilderinge wo.

Der Pierrot (Kat. A. 1 - 162, fk. 161); Salon Kunst van Heden, Stadsfeestzaal, Antwerpen, 27 April tot 2 Junie 1929: 5 glas-skilderinge; Internationale Tentoonstelling, Kunst van Heden, Wereldtentoonstellingspaviljoen, Antwerpen, April tot Mei 1930: met een glasskildering, Harlekijn (Kat. A. 1 - 184, fk. 186).

- 47) Tentoonstelling Floris Jespers, Kunstverbondzaal, Antwerpen, 29 Nov. tot 10 Des. 1925: 25 glasskilderinge wo. De Wildstropper (Kat. A. 1 - 119, fk. 109) en Dromerij (Kat. A. 1 - 120, fk. 110); Floris Jespers, Galerie Le Centaure, Brussel, 13 tot 29 Maart 1929: 52 glasskilderinge wo. Le Masque de Bronze (Kat. A. 1 - 125, fk. 117), Fille dans Paysage (Kat. A. 1 - 126, fk. 118), Clown Vindicatif (Kat. A. 1 - 127, fk. 119); Floris Jespers, Galerie Le Centaure, Brussel, 28 Oktober tot 15 Nov. 1927: 57 werke wo. Le Baiser (Kat. A. 1 - 129, fk. 121), Fiançailles Juives (kat. A. 1 - 147, fk. 139); Sur Verre, Florent Jespers, Galerie Manteau, Brussel, Nov. 1928: 39 glas-skilderinge wo. Clown (Kat. A. 1 - 160, fk. 159), Clown (Kat. A. 1 - 162, fk. 161) en Circus-Scène (Kat. A. 1 - 161, fk. 160); Floris Jespers, Galerie Breckpot, Antwerpen, 3 April tot 1 Mei 1929: 23 glasskilderinge wo. Stilleven met Mansfiguur (Kat. A. 1 - 171, fk. 173) en Clown (Kat. A. 1 - 172, fk. 174).
- 48) Skrywer onbekend: "La Galerie Le Centaure: Floris Jespers", L'Art Vivant, Paris 4(1): 79, 15 Jan. 1928.
- 49) "Floris Jespers ouvre en vous une surprise nouvelle que n'ont éveillée encore ni Gustave De Smet, ni Fritz Van den Berghe. Son imagination à la vivacité et la tonalité de celle de Van den Berghe, mais d'un ordre différent, les qualités picturales et coloristes de G. De Smet, mais avec un dessin et une palette particulière";  
Ibid.
- 50) sien: Burssens, G.: Klemmen Voor Zangvogels, Antwerpen, 1930, p. 6, 10, 36, en 56.
- 51) Skrywer onbekend: "La Galerie Le Centaure: Floris Jespers", L'Art Vivant, Paris 4(1): 79, 15 Jan. 1928.

## HOOFSTUK IV

### VERDERE EKSPRESSIONISTIESE STADIA VAN DIE JESPERS-OEVRE

#### A. BERUSTENDE EKSPRESSIONISME (1931 - 1948)

Vanaf die begin van die dertiger jare is daar 'n duidelike verandering t.o.v. die kunsaktiwiteite in België waar te neem. Hierdie verandering kan direk in verband gebring word met die aksentverskuiwing wat daar plaasvind binne die algemene kring van die kunsverenigings, kunstydskrifte en kunsgalerye vir sover die Vlaamse Ekspressionisme daarmee gemoeid was. Ofskoon die belangrikste beoefenaars van hierdie stylrigting nog steeds sou voortgaan met die produsering van werke wat aan die kernideaal van hulle besondere roeping beantwoord, was daar te Brussel en te Antwerpen geen instansie wat dit as sy eerste taak gestel het om hierdie rigting te ondersteun nie. Begunstiging van hierdie en ander aanwesige non-figuratiewe kunsuitings sou eerder op dieselfde breë plan geskied. Die sekere mate van veralgemening in die kunsbesef t.o.v. die volks-eie oorspronklikheidseienskappe van die Vlaamse kuns - en t.o.v. die Vlaamse Ekspressionisme in die besonder - is enigsins 'n direkte gevolg van hierdie aksentverskuiwing. Dit sou sowel in die private en handelsektor as in die offisiële kringe van die kunsbedryf nagegaan kan word. Verder is daar op te merk dat die Brusselse aan-deel in hierdie verband veel meer gewig dra as die van Antwerpen.

Met die staking van die publikasies *Sélection* in 1927 en *Le Centaure* in 1930 het die Vlaamse Ekspressioniste in die algemeen en die Sélection-beweging in die besonder die belangrikste reklamegeleenthede te Brussel verbeur. 'n Volgende en 'n finale slag word toegedien toe die Galerie Le Centaure in Januarie 1931 sy deure sluit. Vir o.a. Permeke, De Smet, Van den Berghe en Jespers het dit beteken dat hulle te Brussel hulle belangrikste verkoopsgeleentheid verloor het. Selfs die kortstondige bestaan van die Galerie Schwarzenberg<sup>1)</sup> en die herorganisering van die Galerie Georges Giroux<sup>2)</sup> sou nie in hierdie leemte kon voorsien nie. In nuwe tydskrifte soos o.a. *Les Beaux-Arts*<sup>3)</sup> en binne die geledere van nuwe kunsverenigings soos o.a. *L'Art Vivant*<sup>4)</sup> en die *Société Auxiliaire des Expositions du Palais des Beaux-Arts à Bruxelles*<sup>5)</sup> sou die

Vlaamse Ekspressioniste wel algemene erkenning as afsonderlike kunstenaars ontvang. Dit is egter opvallend dat hulle saam met ander binnelandse skilders onder dieselfde besef en binne dieselfde eenheid van die "lewende kunst" te België behandeling geniet.

Te Antwerpen verrig Kunst van Heden nog steeds die belangrikste funksie om die reputasie van die binnelandse kuns in eie midde en daar buite te propageer. Behalwe vir die gereelde jaarlikse Salon, organiseer hierdie vereniging ook vanaf 1931 tot en met 1938 tentoonstellings van die toenmalige hedendaagse Belgiese kuns in die buiteland. Met sy dertigste bestaansjaar in 1935 word 'n grootse tentoonstelling te Brussel ingerig. By al hierdie geleenthede word die werke van die Vlaamse Ekspressioniste vertoon. Dientengevolge en ook omdat hy lid van die vereniging was, word Jespers se werk ook gereeld ingesluit.<sup>6)</sup> Dat die Vlaamse Ekspressionisme binne hierdie sfeer van jaarlikse aktiwiteit 'n voorrang bo die van ander toenmalige hedendaagse kunstenaars geniet, blyk ook nie die geval te wees nie. Anders as in die geval van Brusselse verenigings vind ons dat Kunst van Heden sy deure sonder skroom vir die ouer geslag skilders wat ten dele nog in 'n post-impressionistiese tegniek veral die landskapskildering beoefen het, steeds wyd oopgehou het. Naas Ensor is skilders soos o.a. R. Baseleer, Eugène Laermans, A. Oleffe, Eugene Van Mieghem en Walter Vaes gereeld hier met werk verteenwoordig. By hierdie vereniging het dit blykbaar en in elk geval gegaan om die ondersteuning van die Vlaamse kuns in die algemeen, nietestaande die gereelde uitnodiging aan en die daadwerklike tentoonstelling van erkende buitelandse kunstenaars soos o.a. Chagall<sup>7)</sup>, Charles Despiau<sup>8)</sup> en Georgio de Chirico.<sup>9)</sup> Laasgenoemde se werk is dan ook meestal retrospektief-gewys vertoon.

Naas Kunst van Heden se aktiwiteit het die belangrikste tentoonstellingsgeleenthede van binne- en buitelanders se werke te Antwerpen - maar dan in handelsverband - in die vertoonsaal van die Galerie Breckpot<sup>10)</sup> wat vandag nog bestaan, plaasgevind. Dit is dan ook hier waar Jespers sy mees gereelde verkoopstentoonstellings vanaf die moeiliker oorlogsjare en direk daarna sou laat deurgaan.

Teen 1930 was Jespers alreeds 'n alombekende kunstenaar in België.<sup>11)</sup> Die redelike finansiële voorspoed wat hy danksy Schwarzenberg in die Galerie Le Centaure gedurende die tweede helfte van die

twintiger jare opbou, sou hom 'n sekere mate van onafhanklikheid besorg. In sy brief van 16 Oktober 1931<sup>12)</sup> aan Georges Creten lees ons dat hy van plan was om nie meer aan tentoonstellings deel te neem nie – iets wat wel nie in die praktyk gebeur het nie, maar vir ons tog 'n aanduiding gee van sy toenmalige vryheid. In hierdie skrywe gaan dit in feite om sy standpunt wat hy gehuldig het omtrent die hou van tentoonstellings van die nuut gestigte vereniging L'Art Vivant te Brussel.<sup>13)</sup> Hy pleit nl. by Creten om as medelid van L'Art Vivant by hom te staan in sy voorneme om ander ledekunstenaars daarvan te oortuig dat dit hulle plig is om "en bloc" by die Belgiese regering daarop aan te dring om die professionele kunstenaars sodanig te ondersteun dat handelstentoonstellings nie die enigste bron van inkomste hoef te wees nie. Handeltentoonstellings is 'n onnodige en tydrowende manifestasie vir 'n kunstenaar, meen hy. Hierdie tyd sou beter deur die kunstenaar gebruik kon word om aan sy bepaalde roeping gehoorsaamheid te kan gee.

Hoewel Jespers persoonlik gedurende 1931 en 1932 inderdaad geen verkoopstentoonstelling vir sy werke loods nie, sou hy dit in 1933 weer doen. Verder weet ons dat hy self werke gereeld aan huis verkoop het, 'n praktyk wat tot aan die einde gehandhaaf is. Dit verklaar ook meteens die rede waarom hy dit nie nodig geag het om gedurende 1934 tot 1938 verkoopstentoonstellings van sy werk te laat plaasvind nie. Ons kan nouliks aanneem dat hy en sy familie 'n bestaan sou kon voer uit die enkele werke wat op die gereelde groepstentoonstellings per jaar te koop aangebied is. Blykens die veilingkatalogi van die belangrikste veilingsgeleenthede soos o.a. die van Galerie L'Epoque, Galerie Manteau, La Maison d'Art, Galerie Dietrich en Galerie Georges Giroux te Brussel het Jespers nie persoonlik sy werk hier te koop aangebied nie. Tot en met na die Tweede Wêreldoorlog kom die werke van Jespers met uitsondering voor in hierdie soort katalogi.

Tot en met 1946 verblyf Jespers en sy familie vir minstens drie maande van elke jaar buite Antwerpen. Voor die aanvang van die oorlog in Mei 1940 word die somermaande, Julie - September meestal te Knokke verwyl – en sekerlik vanaf 1934 toe hulle vakansiehuis op die Graaf Jansdijk aldaar gebou is.<sup>14)</sup> Hierheen sou

die familie ook vir kort vakansies reis om te ontspan, nl. met die Paasfees, Kersfees en Nuwejaar. Vir enkele weke gedurende die somer van 1933 besoek Jespers die Waalse platteland in die omgewing van die Semoisvallei (Les Bulles en Florentville). Dit is sy eerste besoek aan hierdie streek.<sup>15)</sup> Later, vanaf 1941 tot 1944 sou hy gereeld sy somers in Wallonië - te Suxy en Our - gaan deurbring, aangesien dit vir hom en sy familie weens die oorlogsomstandigheid onmoontlik was om gedurende hierdie jare aan die kus te bly. Trouens, die gevaar van bombardemente in die stad het ook meegebring dat die familie hulle woning in die Marialei vanaf Desember 1941 tot Februarie 1945 moes verlaat. In dié wyl maak hulle huis in 'n minder gevaarlike woning met 'n ruim kelder in die Helenalei 16, <sup>16)</sup> 'n paar minute se stap van die Marialei. Direk na die afloop van die oorlog verhuis Jespers en sy familie terug na hulle woning te Knokke. Die bevolkingsregister vermeld hom en sy vrou as synde woonagtig aan die kus tot en met Oktober 1952. <sup>17)</sup> Tydens sy verblyf te Knokke besoek Jespers Antwerpen vir korter of langer duur, al na gelang sy werk en tentoonstellings hom daarheen sou neem.

Ondanks die verskillende verhuisings en die beroeringe wat die oorlogsomstandigheid meegebring het, voer Jespers 'n relatief rustige bestaan gedurende die dertiger en veertiger jare. Die berustende karakter van sy oeuvre sou as vernaamste getuenis hiervan kan geld. Landelike tonele, seegesigte, stillewes, figuurstudies van plattelanders, dierestudies en portrette doen diens as die belangrikste onderwerpstudies in sy kalmer, vereenselwigingsbestaan gedurende hierdie jare. Sy onrustigheid van die twintiger jare word geleidelik omgesit in 'n deemoedige selfversekerdheid, ofskoon die tegnies-ambagtelike elemente nog steeds dinamies en veel-sydig ingespan word. Sy realiteitsin getuig van 'n besonkenheid. 'n Versobering vind plaas; die visioenêre vormtaal openbaar 'n doelbewuste strewe na eenvoud en eenheid. Bygevolg word die betekeniswaarde van die objek as mededelingsmiddel steeds op 'n pakkende en ekonomiese wyse beklemtoon. Op hierdie wyse beantwoord die som van Jespers se werk nog steeds aan 'n ekspressionistiese geladenheid.

Besonkenheid, versoobering, eenvoud en eenheid geld almal as progressiewe kwaliteite vir sover dit in die visioenêre vormtaal.

diensbaar gestel kan word t.o.v. die bereiking van 'n Ekspressionisme. Waar hierdie kwaliteite egter nie ook in 'n dienooreenkomsstige sin t.o.v. die outonome funksies van die tegniese vormtaal diensbaarheid in die artistieke werklikheid ontvang nie, kan verwag word dat die bedoelde Ekspressionisme as 'n selfstandige stylrigting benadeel sou kon word. Anders gestel, al sou die gekonkretiseerde objek begryplike deformatiewe beplanning ontvang, maar die tegniese vormtaalelemente volgens hulle eie gebruiksvoorwaardes en -moontlikhede binne die artistieke werklikheid terselfdertyd nog geen outonome funksie verrig nie, is die estetiese aksie hoogstens nog net 'n ekspressionistiese tendensie.

Om terug te keer na Jespers, wil ons by voorbaat konstateer dat waar hy t.o.v. sy visioenêre vormtaal vanaf 1931 'n versoering openbaar, dieselfde progressiewe stap nie altyd in 'n konsekwente maat t.o.v. die selfstandigheidswaardes van die tegniese vormtaalelemente se gebruik in die ekspressionisties-georienteerde artistieke werklikheid aan te merk is nie. Die rede hiervoor kan direk in verband gebring word met die vernuwing van sy stof; die "terugkeer tot de natuur" soos wat André De Ridder dit beskrywend stel.<sup>18)</sup> Aan die ander kant - tegnies gesien - kan hierdie voorlopig nie-diepgaande kentering ook regstreeks in samehang met Jespers se vernuwing van sy styl gesien word. In kort kom dit daarop neer dat hy gedurende hierdie, wat ons sy periode van Berustende Ekspressionisme noem, tot en met 1948 nie altyd konsekwent daarin slaag om 'n goeie balansverhouding t.o.v. vorm en inhoud binne die begrensing van 'n outonome artistieke werklikheid te bereik nie. Verder, en in aansluiting by die handhawing van die besondere volkseie oorspronklikheidseienskappe van die Vlaamse Ekspressionistiese vormtaal, word van nou af aan in Jespers se werk nie altyd 'n geslaagde sintese tussen subjek en objek bewerkstellig nie.

'n Groot variasie van tegniese oplossings word afgewissel en gelyktydig deur Jespers aan die man gestel, 'n bewys dat hy as skilder nie altyd tevrede was met sy kunde in verhouding tot die konkretisering van die kernideaal van sy steeds behoudende vergeestelike realiteitsin nie. Om hierdie rede wil dit voorkom asof sy eksperimenteerlus en sy virtuositeit in die beheersing van die tegniese vormtaal as die vernaamste kousale faktore t.o.v. die enigsins

ongeorganiseerde sfeer van sy oeuvre gesien kan word.

Dit is opvallend dat Jespers binne die verskeidenheid van sy tegniese eksperimente minstens een konstante behoudend toepas, nl. die streve na meer eenvoud en eenheid in sy reeds verworwe toepassing van kleurtonaliteit. Waar hy as Ekspressionis aan die kleur 'n bepaalde emosionele drakrag in ooreenstemming met die betekeniswaarde van die objek as mededelingsmiddel sou wil gee, laat sy tegniese kunde hom in hierdie opsig weinig of ooit in die steek. Waar daar egter 'n teleurstelling t.o.v. die bereiking van selfstandige ekspressiewe waardes in 'n bepaalde artistieke werklikheid as 'n outonome eenheid aan te stip is, hou hierdie verarming gewoonlik deurgaans in die eerste plek verband met die nie-geslaagde verhouding tussen tonaliteit en liniëre elemente. Daarom vind ons dat daar binne die omvang van die onderhawige periode in sekere werke van Jespers die vlak- en vormsuggesties in komposisie met mekaar oorhel na 'n komplimentering van die visueel-waarneembare werklikheid, eerder as wat dit as konstituerende elemente die artistieke werklikheid ter wille van 'n ekspressiewe doelstelling funksioneel begunstig. Met hierdie stelling teen ons dat die kernswakheid van sy oeuvre tot 1948 aan te toon is.

Die laasvermelde verarming en botsende omstandighede in Jespers se oeuvre kom in al die beoefende genres in 'n mindere of 'n meerdere mate-sporadies gedurende die verloop van ongeveer agtien jaar voor. As portret-, figuur- en diereskilder maak hy hom waarskynlik meer male skuldig aan die nie-geslaagde balansverhouding tussen sy bedoelde visioenêre en tegniese vormtaal, alhoewel daar heelwat verdienstelike stukke te vermeld is, soos o.a. Portret van my Seun (Kat. A. 1 - 190, fk. 192) en Musikale Clown (Kat. A. 1 - 192, fk. 194) van 1932, Portret van my Seun (Kat. A. 1 - 205, fk. 206) van 1934, Jonge Clown (Kat. A. 1 - 215, fk. 215) van 1937, Veulen (Kat. A. 1 - 221, fk. 221) van 1938, Zittend Naakt (Kat. A. 1 - 224, fk. 224) van 1939, Twee Lêende Kalwers (Kat. A. 1 - 229, fk. 228) van 1940, Waalse Boer (Kat. A. 1 - 233, fk. 232) van 1941, Naakfiguur (Kat. A. 1 - 240, fk. 239) van 1942, De Wildstroper (Kat. A. 1 - 251, fk. 249), Waalse Knaap (Kat. A. 1 - 252, fk. 250), Naak Vrouefiguur (Kat. A. 1 - 253, fk. 251) en Zwarke Koe op Stal (Kat. A. 1 - 255, fk. 253) van 1943, Broodsnyer (Kat. A.

1 - 256, fk. 254) van 1944 en Zelfportret (Kat. A. 1 - 272, fk. 270) van 1948. In hierdie stukke vervang die kleur die lyn in hoofsaak as konstruktiewe middel terwyl dit terselfdertyd ook in ryk gevarieerde tonale verhoudings 'n outonome en 'n ekspressief-suggestiëryke funksie verrig.

Anders, maar net so suksesvol is dit in die geval van o.a. die volgende skilderye van dieselfde genre waar sowel die kleur as die lyn ekspressiewe, konstruktiewe en selfstandige funksies in die artistieke werklikheid verrig: Vrijheidslaan (Kat. A. 1 - 189, fk. 191), en Clown met Donkere Agtergrond (Kat. A. 1 - 193, fk. 195) van 1932, Liggende Koeien (Kat. A. 1 - 217, fk. 217) en 'n ander met dieselfde titel (Kat. A. 1 - 218, fk. 218) van 1937, Twee Lèende Kalwers (Kat. A. 1 - 229, fk. 228) van 1940, Portret van Gaston Burssens (Kat. A. 1 - 235, fk. 234) van 1941, Sterwende Christus (Kat. A. 1 - 261, fk. 259) en Madame (Kat. A. 1 - 262, fk. 260) van 1945, Strandschone (Kat. A. 1 - 268, fk. 266) van 1947, Bejaarde Dame (Kat. A. 1 - 275, fk. 273), Vamp (Kat. A. 1 - 276, fk. 274), Lèende Naakfiguur in Ateljee (Kat. A. 1 - 277, fk. 275) en Dooie Hoenderhaan (Kat. A. 1 - 278, fk. 276) van 1948.

Waar die lyn op 'n tekenagtige wyse ter wille van 'n getroue gelijkenis en die kleur slegs as illustrerende middel aangewend word, word die subjek-objek-verhouding uit balans gestel en bygevolg verloor die stuk aan ekspressiewe waarde. Dit is byvoorbeeld die geval in c.a. die volgende portrette: Portret van den Heer E.W. (Kat. A. 1 - 210, fk. 210) van 1935, Portret van Mevrouw W. (Kat. A. 1 - 211, fk. 211) en Dame in 't Swart (Kat. A. 1 - 212, fk. 212) van 1936, Portret van Mevrouw W. (Kat. A. 1 - 216, fk. 216) van 1937 en Portret van 'n Vrou (Kat. A. 1 - 230, fk. 229) van 1940.

Wanneer dieselfde program van ontleding by die ander onderwerpstudies gevvolg word, kom ons tot min of meer dieselfde resultate. In Jespers se talryke stillewes waar hy van verskillende objekte gebruik maak, is die handhawing van die kleur as gelyktydig konstruktiewe, ekspressiewe en outonome middel in die artistieke werklikheid nog meer bestendig verteenwoordig as in die voorgenoemde portret- en figuurstudies. Die resultaat in hierdie gevalle is

omrede die betekeniswaarde van die bepaalde soort objek nie altyd so treffend mededelend nie. Dit is asof Jespers hierin wil vergoed deur afwisselend gebruik te maak van sowel 'n groot verskeidenheid van kleurgammas. 19)

In hierdie opsig word ons gereeld herinner aan die veranderlike stemmings van om die beurt byvoorbeeld dramatiese, swaarmoedige, lighartige, uitbundige en verfynde spraaksaamhede van sy werk gedurende die twintigerjare. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog en die jare wat direk daarna volg, is die verskil in stemmingskwaliteite veral opmerklik. Donkeragtige tonaliteit met dik impasto op die doek aangebring en karige voorwerpe op 'n eenvoudige wyse gerangskik, is kensketsend van sy stillewes gedurende 1940 tot 1943. Ons kan hier verwys na o.a. Stilleven met Pot en Pijp (Kat. A. 1 - 227, fk. 226) van 1940, Licht op Bloemen (Kat. A. 1 - 231, fk. 230) en Stillewe met Dooie Duif (Kat. A. 1 - 234, fk. 233) van 1941, Stillewe met Ham (Kat. A. 1 - 237, fk. 236) en Stillewe met Brood (Kat. A. 1 - 238, fk. 237) van 1942, Stillewe met Sampioene (Kat. A. 1 - 247, fk. 245) en Stilleven met Koffiepot (Kat. A. 1 - 248, fk. 246) van 1943. Na die oorlog word die swaarmoedige sfeer vervang met 'n uitbundige en lighartige tonale rykdom soos wat ons byvoorbeeld aantref in Stillewe met Harings (Kat. A. 1 - 267, fk. 265) van 1947, Stilleven met Fruitschaal en Venster (Kat. A. 1 - 270, fk. 268), Stilleven met Twee Appelen (Kat. A. 1 - 274, fk. 272) en Dooie Hoenderhaan (Kat. A. 1 - 278, fk. 276) van 1948.

Van al die onderwerpstudies wat Jespers gedurende hierdie jare in behandeling neem, is in die groot aantal landelike tonele die balansverhouding tussen die tegniese en visioenêre vormtaal deurgaans meestal geslaag. Hierin openbaar sy ekspressiewe realiteit-sin hom die beste op hierdie stadium in sy oeuvre. Eenvoudige en sintetiese versoobering van natuurobjekte soos o.a. bome, Waalse en Vlaamse landskappe met of sonder koeie asook enkele seeskappe word ook met verskillende stemmingskwaliteite weergegee. Dit is egter opmerklik dat sy gemoedstemming alhier meer homogeen van aard is; m.a.w. dat die mededelende gehalte van die objekte gereduseer is tot een sentrale boodskap aan die aanskouer. Ekspressionisties kom dit daarop neer dat ons in hierdie genre by Jespers 'n besonke en rustige aanvaarding van sy lewensomstandigheid waarneem. Gaston

Burssens verwys in hierdie opsig na "de rust en sereniteit" <sup>20)</sup> in die toenmalige werke van Jespers. Verdienstelike doeke van hierdie genre waar veral die tonaliteit as selfstandige ekspressiewe middels aangewend is om hierdie kalm sfeer van Jespers se gemoedsrus te illustreer, is byvoorbeeld o.a. die volgende:

Maneschijn op Veld (Kat. A. l - 194, fk. 196) van 1932, Vlaamse Landschap A. (Kat. A. l - 201, fk. 202), Vlaamse Landschap B (Kat. A. l - 202, fk. 203) en Avondstonde (Kat. A. l - 203, fk. 204) van 1934, De Groene Wilgen (Kat. A. l - 207, fk. 207), Landschap in Vlaanderen (Kat. A. l - 208, fk. 208) en Wilgenstronken (Kat. A. l - 209, fk. 209) van 1935, Graaf Jansdijk in Zomerlicht (Kat. A. l - 213, fk. 213) van 1936, De Omgeploegde Aarde (Kat. A. l - 220, fk. 220), Donker Wilgen (Kat. A. l - 222, fk. 222) en Dageraad (Kat. A. l - 223, fk. 223) van 1938, Rivierenhof (Kat. A. l - 225, fk. 225) van 1939, Landschap te Knokke (Kat. A. l - 228, fk. 227) van 1940, Kar by de Hoeve te Our (Kat. A. l - 239, fk. 238), Hoeve by Nacht (Kat. A. l - 242, fk. 241) en Landschap (Kat. A. l - 243, fk. 242) van 1942, Heuvelagtige Landschap met Rivier (Kat. A. l - 249, fk. 247), Zondag te Our (Kat. A. l - 250, fk. 248) en De Koewachter (Kat. A. l - 254, fk. 252) van 1943, De Weg naar Lonnay (Kat. A. l - 257, fk. 255) van 1944, Landschap met Koeien (Kat. A. l - 258, fk. 256) en Landschap met Boer (Kat. A. l - 259, fk. 257) van 1945, Maand Augustus (Kat. A. l - 263, fk. 261) en Blonde Zee (Kat. A. l - 264, fk. 262) van 1946, Landskap met Koeie en Wilgers (Kat. A. l - 265, fk. 263) en Aartappelrooiers (Kat. A. l - 266, fk. 264) van 1947 asook Oestyd (Kat. A. l - 271, fk. 269) van 1948.

## B. EKSISTENSIALISTIES-GERIGTE EKSPRESSIONISME (1948 - 1950)

Vanaf 1948 ontmoet ons opnuut weer 'n onrustige trant in Jespers se oeuvre. Vir die duur van ongeveer drie jaar is daar 'n oordreve beklemtoning van dinamiese elemente t.o.v. sy visioenêre en tegniese vormtaal aan te toon. Die skynbaar kragdadige kentering in sy realiteitsin omvat 'n fatalistiese noot wat in sterk

kontras met die rustige atmosfeer van die vorige jare gesien kan word. Bygevolg huisves sy tegniese vormtaal 'n hewiger ekspressiebewustheid. Natuurwerklikheidsbeelde word met so 'n opsetlikheid verwring dat ons onder die indruk gebring word dat die kunstenaar 'n intens smartlike en wanhopige lewensbeskouing sou huldig, iets wat as verrassend en byna onaanneemlik in verhouding tot Jespers se verbye oeuvre vir ons voorkom. Onwillekeurig word ons in die rigting gestuur om te glo dat dit hier weer om 'n eksperiment by hom gaan; verder, dat hy hier nogmaals besig is met 'n tegniese oefenmetode wat nie grondig gerig in ooreenstemming met of in antwoord op 'n oortuigende visioenêre impuls geskied nie.<sup>21)</sup> Vandaar waarskynlik dat hierdie tendens so 'n kortstondige duur geken het en dat min of meer dieselfde geometriese en vereenvoudigde tegniek ter wille van vervorming gelyktydig met hierdie fase in sy oeuvre in meer lighartige en sobere onderwerpstudies 'n toepassing vind. Hierdie stelling word bewys deur byvoorbeeld o.a. die volgende stukke in vergelyking met mekaar te stel: De Boerekar (Kat. A. 1 - 269, fk. 267), Blauw Atelier (Kat. A. 1 - 273, fk. 271) en Liggende Koe in Zomerlandschap (Kat. A. 1 - 279, fk. 277) van 1948 teenoor Dooie Hoenderhaan (Kat. A. 1 - 278, fk. 276), Vamp (Kat. A. 1 - 276, fk. 274) en Lêende Naakfiguur in Ateljee (Kat. A. 1 - 277, fk. 275) van dieselfde jaar; vervolgens Stillewe met Visse (Kat. A. 1 - 281, fk. 279), Stilleven (Kat. A. 1 - 280, fk. 278) en Kruiwa met Blomme (Kat. A. 1 - 282, fk. 280) van 1949 teenoor Amerikaan (Kat. A. 1 - 283, fk. 281), Wanhoop (Kat. A. 1 - 284, fk. 282) en Wulpshuid (Kat. A. 1 - 286, fk. 284) van dieselfde jaar; asook Komposisie met Seilbote (Kat. A. 1 - 289, fk. 287), Palet van de Schilder (Kat. A. 1 - 291, fk. 289), De Trommelaar van de Opstand (Kat. A. 1 - 293, fk. 291) en Stillewe met Lamp (Kat. A. 1 - 292, fk. 290) van 1950 teenoor Die Skilder met 'n Pyp (Kat. A. 1 - 294, fk. 292), Maja (Kat. A. 1 - 299, fk. 297) en Lente (Kat. A. 1 - 301, fk. 299) van dieselfde jaar.

'n Verdere bewys dat hierdie hewiger tegniese oplossing in die eerste plek as 'n oefenmetode, geldigheid het, word benadruk deur die feit dat hy reeds voor 1948 enkele doeke in hierdie trant sou beproef. Sien in hierdie verband: Stervende Christus (Kat. A. 1 - 261, fk. 259) en Madame (Kat. A. 1 - 262, fk. 260) van 1945.

Vergelyk ons die eksistensialities-gerigte uitings se tegniese hoedanighede met die van die voorafgaande periode van Jespers sa-oeuvre, blyk die verskil vir die grootste aantal daarvan dan ook nie so ingrypend te wees nie. Behalwe vir 'n hewiger kolorisme vir sover daar van groter tonale kontraste binne dieselfde komposisio-nele eenheid gebruik gemaak is om 'n kragtiger ekspressie te bekom, word die kleur se konstruktiewe waarde oor die algemeen ook meer konsekwent beklemtoon. Die liniëre elemente verrig terselfdertyd ook 'n meer geslaagde dinamies-ekspressiewe funksie as vroeër, on-danks die feit dat die geometries-konstruktiewe gehalte meer opval. Die gebruik van lyn en kleur volgens hierdie metodiek hou ook in dat daar meer konsekwent aan hulle eie outonome funksies beantwoord sou kon word vir sover vlak- en vormsuggestie ter wille van 'n ekspressiewe doeleinde daarmee bereik kan word.

In sekere werke uit hierdie genre is daar egter 'n kenbare neiging om die suggestierykheid van kleure en lyne te probeer inperk. Ons verwys hier na stukke soos o.a. Die Akrobaat (Kat. A. 1 - 285, fk. 283), Ode aan Picasso A. (Kat. A. 1 - 287, fk. 285), Ode aan Picasso B. (Kat. A. 1 - 288, fk. 286) en Stilleven (Kat. A. 1 - 280, fk. 278) van 1949 en insgelyks wat betref Komposisie met Seilbote (Kat. A. 1 - 289, fk. 287), Stillewe met Visse (Kat. A. 1 - 290, fk. 288), Vannuit mijn Atelierraam (Kat. A. 1 - 295, fk. 293), Clown (Kat. A. 1 - 296, fk. 294), Nature Mort-Espace (Kat. A. 1 - 297, fk. 295), Stilleven met Piano (Kat. A. 1 - 298, fk. 296), en Stillewe met Luit (Kat. A. 1 - 300, fk. 298) van 1950. Dit is opvallend dat hierdie tekenagtige en dekoratief-abstrakte tendens in 'n toenemende maat veral in stillewes van 1950 merkbaar is. Die betekeniswaarde van die objek as mededelingsmiddel raak in hierdie stukke in die gedrang. Oorwegend ligte monotone in vlakke en in eenhede van vlakke wat afwisselend sterk en dan minder sterk teen mekaar gestel word, dui op 'n fisioplastiese doelstelling. 'n Ver-geestelike verarming is 'n onafwendbare gevolg hiervan. Derhalwe beantwoord sowel sy benadering van die objek as sy weergawe daarvan nie meer aan die vormtaal van die Vlaamse Ekspressionisme nie. Hier-die eksperiment in die rigting van die Abstraksie sou 'n ongelukkige en 'n verstrekende invloed op die oeuvre van Jespers as Ekspresso-nis in die loop van die volgende jare verkry.

Dit is opvallend dat Jespers gedurende hierdie jare en ook later weinig of ooit hierdie eksperimentele werk in die publiek vertoon. Volgens die verskillende tentoonstellingskatalogi is dit slegs De Trommelaar van de Opstand (Kat. A. 1 - 293, fk. 291) wat in 1950 op die jaarlike Salon van Kunst van Heden te Antwerpen saam met ander van sy vroeë skeppings aan die beurt kom. Selfs op die twee belangrike retrospektiewe handelstentoonstellings by die Zaal Van Herck te Antwerpen gedurende 1949 is daar geen enkele eksistensiële eksperiment by betrek nie. Hierdie werke word eers 'n paar jaar later, nl. in 1952, skynbaar vir die eerste keer algemeen publiek gemaak in De Ridder se publikasie oor die Vlaamse Kuns.<sup>22)</sup> Dit wil dus voorkom asof Jespers by voorbaat attent daarop was om nie hierdie genre werke aan sy voornemende koperspubliek bekend te maak nie – waarskynlik uit vrees dat dit die verkooping van sy ander werk nadelig sou raak.

Gedurende die oorlogsjare en daarna het Jespers dit nie breed gehad nie. Die oorlogsomstandighede het die kunshandel tot selfs nog enkele jare daarna heeltemal ontwrig en Jespers was natuurlik een van die slagoffers daarvan. Die aanlê van verkoopstentoonstellings was byna nie die moeite en onkoste werd nie soos blyk uit getuienis tydens hierdie jare.<sup>23)</sup> Gevolglik moes Jespers ander plane beraam om van 'n gereelde inkomste of van 'n voorspoediger toekoms verseker te wees. Die feit dat hy verkies om na die oorlog te Knokke aan die see te woon en terselfdertyd 'n woning en 'n ateljee te Antwerpen in die Marialei aan te hou, het sy finansiële posisie nie juis bevoordeel nie.

So leer ons byvoorbeeld uit Jespers se brief<sup>24)</sup> van 23 Augustus 1946 aan sy vriend dr. M. Goffast, dat hy graag in staat sou wou wees om 'n motor te kan koop om hom en sy skildermateriaal tussen Knokke en Antwerpen te vervoer; verder dat hy met Goffast se medewerking 'n verkoopsbyeenkoms op sy ateljee in die Marialei wil probeer organiseer. Wat hy van Goffast verwag, is om sy medekapitalistiese vriendekring met goeie smaak aan te moedig om met hierdie geleentheid saam te staan en van sy werke waarvan hy nog 'n groot aantal besit "en bloc" te koop. In dieselfde skrywe lees ons dat hy van plan sou wees om gedurende die winter "quelques soirées artistiques" aan sy woning te Knokke te organiseer. Op hierdie wyse sou

hy dan sy werk kon vertoon en van die hand probeer sit. Hy beveel homself ook aan as portretskilder met die geloof dat daar by Jodevrouens met hulle vir hom Griekse gelaatstrekke, 'n aanvraag sou wees.

Gedurende 1947 het Floris Jespers waarskynlik daaraan gedink om na Suid-Afrika te immigrer en om hom hier in diens van die kuns-onderwys te kom stel. Dit lei ons af uit 'n antwoordskrywe<sup>25)</sup> van sy toe reeds wêreldbekende vriend, Henri Van de Velde, aan Jespers i.v.m. 'n moontlike aanbeveling vir kunsonderwysposte en 'n navraag in hierdie verband. Hierdie plan van Jespers moet ons ook sien teen die agtergrond van sy toenmalige finansiële posisie en die stappe wat hy neem om 'n versekerde toekoms uit te bou.

Teen die einde van 1948 en weer gedurende 1950 onderhandel Jespers met die Belgiese regering om van sy werk aan te koop om hom sodoende in staat te stel om 'n reis na die Belgiese Kongo te ondernem.<sup>26)</sup> Aan sy eerste versoek word gehoor gegee. Twee werke<sup>27)</sup> vir die totale som van 60,000 Belgiese Franke word deur die Ministère des Colonies aangekoop. Toe Jespers in Maart 1950 weer met 'n der-gelike versoek by die Ministère de l'Instruction Publique aanklop, word dit verontagsaam. Die staat sou nie meer bereid wees om hom vir hierdie doeleinde te ondersteun nie, aangesien Jespers nie woord gehou het deur in 1948 nie na die Kongo te reis nie. Ongeveer 'n jaar na die skrywe van lg. brief reis Jespers tog as gas van die Ministère de Colonies na die Kongo en Ruanda-Urundi.<sup>28)</sup> Waarskynlik het die kentering van die staat se gesindheid jeens Jespers iets te doen met die feit dat hy op 6 Januarie 1951 tot lid van die Koninklijke Vlaamse Academie benoem word.<sup>29)</sup> Hierdie onderskeiding word reeds by voorbaat gedurende Desember 1950 in verskeie koeante aangekondig.<sup>30)</sup>

### C. KONGOLESE MOTIEWE (1951 - 1960)

'n Direkte aanleiding vir Floris Jespers se drie agtereenvolgende reise vanaf 1951 na die Belgiese Kongo, was die feit dat sy jongste seun, Marc, as medikus reeds vanaf November 1950 aldaar te

Kamina woonagtig was.

In geselskap van sy vrou vertrek Jespers gedurende die eerste week van April 1951 per boot vanuit Antwerpen via die baaie van Lobito en Tonké na Mabweka. Hiervandaan reis hulle deur die Kivastreek en Ruanda-Urundi na die provinsie Katanga waar hulle te Kamina tot Junie 1952 by Marc en Aimée Jespers vertoeft. In Februarie 1952 gaan hy na Elizabethstad waar hy 'n tentoonstelling van sy werke inrig. Gedurende Mei besoek Jespers die omgewing van Kinda vir 'n paar weke met die doel om die inheemse palmbome wat nie te Kamina groei nie, te besigtig. Vanaf Julie tot September verblyf hy weer te Leopoldstad waar hy 'n reuse tentoonstelling van sy arbeid van die laaste jaar laat plaasvind. Hiervandaan vertrek hy en sy vrou na Angola vanwaar hulle per boot na Antwerpen terugreis.<sup>31)</sup> In Oktober 1952 vind ons hom weer terug in sy woning op die Marialei.<sup>32)</sup> Ongeveer direk na hulle aankoms in België besluit Jespers om sy strandhuis te Knokke te verkoop. Moontlik het sy eerste hartkrisis in Desember van daardie jaar die nodige aanleiding daarvoor gegee.

In die wyl dat Jespers uit België afwesig was, vind daar 'n hele aantal offisiële tentoonstellings in België en in Europa plaas waar Jespers se werk sonder sy direkte toedoen by ingesluit word.<sup>33)</sup> So word drie van sy werke uit die vroeë dertiger jare waarskynlik deur die toedoen van sy vriende André De Ridder en Gaston Burssens, by die XXVI<sup>e</sup> Biennale te Venesië in die afdeling L'Espressionismo Flamingo gedurende Junie tot Oktober 1952 vertoon.<sup>34)</sup> Vyf ander werke van die veertiger jare is gedurende Augustus 1952 by die jaarlikse Salon van Kunst van Heden opgeneem, ook waarskynlik deur vriende gedurende sy afwesigheid vir hom georganiseer.<sup>35)</sup>

Nog voor die einde van die jaar waarin hy uit die Kongo terugkeer, organiseer hy 'n verkoopstentoonstelling van ouer werk uit sy verskillende periodes in die Zaal Van Herck te Antwerpen. Intussen het hy 'n ateljee op die eerste verdieping in die Desguinlaan betrek om sy Kongowerk wat hy per boot met hom saamgebring het, te huisves. Dit lees ons in 'n onderhoud wat Georges Ray van *Le Matin* met Jespers op sy nuwe ateljee gedurende November gehad het.<sup>36)</sup> Hier was hy van plan om sy herinneringe aan die sonnige Afrika voort te sit. Dit was ook sy wens om so spoedig moontlik na die Kongo terug te keer vir 'n verdere onbepaalde verblyf aldaar. Dit sou eers vanaf

Desember 1954 'n waarheid vir hom word. Gedurende die voorafgaande twee jare werk Jespers met 'n byna bomenslike inspanning, vervaardig etlike honderde skilderye met Kongolese motiewe ter voorbereiding van twee tentoonstellings wat gedurende Mei en Julie-Augustus 1954 onderskeidelik te Antwerpen en te Brussel sou plaasvind. Gedurende 1953 neem hy slegs aan die jaarlikse Salon van Kunst van Heden deel, uitgesonder die offisiële tentoonstelling "Cent Ans de l'Art et Belge" wat deur die Belgiese Staat te Ljubljana in Joego-Slawië georganiseer is.

Die manifestasie "Kongolese Schoonheid" wat vanaf 8 tot 23 Mei in die Stadsfeestzaal plaasvind en met die hulp van die Stadsraad van Antwerpen georganiseer is, is die grootste eenmanstentoonstelling waarop Jespers se werk vertoon is. Geen katalogus word vir hierdie geleentheid uitgegee nie. Uit die groot aantal artikels en berigte wat in tydskrifte en die pers hieromtrent verskyn, leer ons dat daar ongeveer 250 doeke op die tentoonstelling vertoon is.<sup>37)</sup> Uit mond van die familie Jespers verneem ons dat die meeste van hierdie werke aldaar verkoop is. Dit is ook die geval met die ongeveer 250 doeke wat te Tervuren by Brussel in die Koninklijke Museum van Belgisch Congo van 3 Julie tot 25 Augustus van dieselfde jaar tentoongestel is en weereens 'n groot beriggewing in die pers geniet.<sup>38)</sup>

Die kritiek t.o.v. hierdie twee tentoonstellings is sonder uitsondering gunstig. Trouens, groot lof en gelukwensing is die skilder van die Kongolese Schoonheid toegedig. Die Antwerpse geleentheid is bedoel om saam te val met Jespers se vyf en sestigste verjaardag. Op die dag van die opening word Floris Jespers, sy familie en naaste vriende soos o.a. Gaston Burssens, Karel Jonckheere en Roger Avermaete deur die Stadssekretaris en die plaaslike Schepene van Schone Kunsten in die stadhuis ontvang.<sup>39)</sup>

Na sy geweldige sukses van 1954 was Jespers dus in staat om op eie onkoste teen die einde van daardie jaar na die Kongo terug te keer. Hierdie keer gaan hy weer met die boot, maar via Teneriffe en alleen; sy vrou verkies om in België agter te bly. Hy vestig hom te Léopoldstad vir die duur van sy gehele verblyf aldaar. Hy verlaat die stad slegs een keer met 'n besoek aan sy seun wat toe te Kapanga in die provinsie Katanga mediese dienste verrig het.<sup>40)</sup>

Blykens 'n paar berigte in plaaslike koerante <sup>41)</sup> sou Jespers direk na sy aankoms in Januarie 1955 te Léopoldstad en te Elizabethstad tentoonstellings inrig. Hiervan sou daar egter niks kom nie. Eers in Maart en weer gedurende Oktober en Desember 1955 vertoon hy sy werk te Léopoldstad. <sup>42)</sup>

Gedurende sy afwesigheid sorg sy vrou daarvoor dat sy werk op gereelde tentoonstellings agtereenvolgens te Gent, Amsterdam, Leuven, Mechelen, Antwerpen en Leiden verteenwoordig is. <sup>43)</sup> Die tentoonstelling te Amsterdam, geopen deur die Antwerpse Burgemeester, was 'n eenmanstentoonstelling met werke wat uitsluitlik Kongolese motiewe behandel. Volgens die katalogus is die geleentheid verder aangevul met enkele Kongolese beeldhouwerke van inheemse oorsprong wat deel uitmaak van die Etnografische Museum se versameling te Antwerpen.

Aan die begin van 1956 kry Jespers se gesondheidstoestand 'n ernstige knou met sy tweede hartaanval. In Maart word hy per vliegtuig uit Léopoldstad na Antwerpen terug vervoer. Na 'n spoedige herstel keer hy met sy vrou in Desember per boot terug na Léopoldstad waar hulle tot Maart 1957 vertoeft. Hierdie was sy derde en laaste verblyf in die Kongo. Gedurende hierdie enkele maande se verblyf aldaar besoek hulle weereens vir Marc en Aimée Jespers wat op daardie stadium te Bakwanga in die Kassai Provinsie woonagtig was. Nog een tentoonstelling te Léopoldstad word kort voor hulle afreis na Antwerpen geloods. <sup>44)</sup>

Tydens sy verblyf te Antwerpen gedurende 1956 neem hy aan 'n aantal tentoonstellings deel en verhuis hy, sy nog steeds groter wordende aantal Kongolese werke, na 'n nuwe ateljee op die St. Jansvlietplein digby die hawe. <sup>45)</sup> In feite was hierdie lokaal voorheen 'n opslagplek van 'n maritieme handelsfirma wat dit goedgunstig tot Jespers se beskikking gestel het. Dit is in hierdie ateljee met sy geweldige afmetings waar Jespers vir die grootste gedeelte van 1957 hom self sou besig hou met die voorbereiding van die kartons met die oog op die reuse paneelskildering bestem vir die Kongolese Paviljoen op die Wêreldtentoonstellingsterrein te Brussel die volgende jaar. Hierdie opdrag waaraan hy tot Mei 1958 sou werk, ontvang hy reeds in September 1956 van die Ministère de Colonies. <sup>46)</sup> Dit is waarskynlik om hierdie rede dat hy sy derde

reis na die Kongo so kort gemaak het en slegs aan twee tentoonstellings gedurende 1957 deelneem.

Met die Grootse Wêreldtentoonstelling, Expo '58, word Jespers se Kongolese werk met twee geleenthede aldaar vertoon, nl. in Paviljoen VII in die afdeling Hedendaagse Belgische Kunst en in die Kongolese Paviljoen in die afdeling Kunst in Congo. In die laasgenoemde paviljoen maak sowel sy reuse paneelskildering as ses ander werke deel uit van die tentoonstelling. Opvallend is dit egter dat geen werk van hom op die belangrikste tentoonstelling van beeldende kunste met hierdie geleentheid verteenwoordig is nie, nl. op die tentoonstelling "50 Ans d'Art Moderne" in die Paleis International des Beaux-Arts de l'Exposition Universelle. Verder is Jespers se werk ook nie opgeneem in die tentoonstelling "Quelques Artistes depuis Ensor" wat gedurende April tot September van die Wêreldtentoonstellingsjaar in die Palais de Beaux-Arts te Brussel plaasgevind het.

Die feit dat Jespers wat betref hierdie twee laasvermelde tentoonstellings deur die inrigters oor die hoof gesien is, terwyl ander Vlaamse Ekspressioniste se skeppings in beide die gevalle erkenning ontvang, het enigsins te doen met Floris se toenmalige gewildheid as skilder van Kongolese motiewe. Die feit dat sy Kongolese werk en die besondere uitheemse karakter daarvan, die toe laaste verbye jare soveel aandag met tentoonstellings en in die algemene pers geniet het, het Jespers se aandeel t.o.v. die Vlaamse Ekspressionisme van vroeër op die agtergrond gedwing. Trouens, hiervan word duidelik bewys gelewer in elkeen van die ses artikels wat in die spesiale nommer van *Les Beaux-Arts*<sup>47)</sup> die tentoonstelling "Quelques Artistes depuis Ensor" in behandeling neem. Elkeen van die ses outeurs maak hulle skuldig, vir sover hulle kunshistories nie reg laat geskied aan die reeds gevestigde figuur en die volledige oeuvre van Floris Jespers as Vlaamse Ekspressionis, binne die sfeer van die ontwikkeling van die Belgiese kuns sedert die aanvang van die eeu nie. Dieselfde geld vir wat betref die ander kritiese kommentare i.v.m. hierdie tentoonstelling asook die omtrent "50 Ans d'Art Moderne"<sup>48)</sup>

Ofskoon Jespers reeds weer twee jaar terug was in sy vaderland, vervaardig hy gedurende 1959 nog steeds werk met Kongolese motiewe. Hierdie jaar word Jespers as sewentigjarige deur die stad Antwerpen gehuldig. Na 'n viering in sy ruim ateljee op die Kleine Tunnel-

plaats met die dag van sy verjaarsdag, word hy op 21 Maart deur burgemeester Craeybeckx in die stadhuis ontvang en "in de bloemen gezet". Daardie middag vind 'n verdere huldiging in die sogenaamde Jesperszaal<sup>49)</sup> van die Kredietbankgebou plaas.

Die tentoonstellings in die Zaal Breckpot gedurende Julie-Augustus en in die Stadsfeestzaal gedurende Augustus van hierdie huldigingsjaar staan dan ook in die teken van hierdie gebeurtenis. Hoewel hier in beide gevalle nie sprake van retrospektiewe tentoonstellings is nie, vertoon hy meestal ouer werk van voor sy gebruikmaking van Kongolese motiewe. In feite kan dit gesien word as "een dankwoord van de schilder, die zijn vrienden en het publiek nog even laten kijken wat aan de viering vooraf is gegaan".<sup>50)</sup>

Dit is opmerklik dat Jespers vanaf 1960 al hoe minder Kongolese motiewe as objekte in die artistieke werklikheid tuisbring. Dat hierdie kentering direk te doen het met die algemene publieke opinie omtrent die ongelukkige politieke warboel en uiteindelike onafhanklikheidswording van die Belgiese kolonie, word o.a. bewys in 'n artikel deur 'n onbekende skrywer in die Gazet van Antwerpen van 16 Maart 1960. Die skrywer lewer hier kommentaar op 'n eenmanshandelstentoonstelling van Jespers se werk wat in die Galerie Breckpot gedurende Maart - April van daardie jaar plaasvind. Vir hierdie geleentheid kom Jespers met 'n reeks agterglasskilderinge van uitsluitlik Kongolese motiewe voor die dag. Die kritiek lui: "Een kunstenaar moet aanvoelen dat hij zijn werk niet op dergelijke wijze in de aktualiteit mag plaatsen; dat hij in plaats van daarvan te profiteren, de bezoeker integendeel onbehaaglijk stemt. Wat heeft de ontvoogding van Congo te maken met deze schilderijtjes-op-glas, waartussen er maar drie of vier verrukkelijk zijn?"<sup>51)</sup>

Ander kritici<sup>52)</sup> het dit ook teen die oordrewe dekoratiewe karakter van hierdie glaspanele. Sommige sien dit in ooreenkoms met die Neger se dekoratiewe kuns en vind dit 'n hinderlike invloed. So word die picturale effekte gekritiseer as synde "té fraai, té kleurig voor ogen die de tropische gloed nog niet gekend hebben".<sup>53)</sup> Hierdie negatiewe kommentaar t.o.v. sy tegniese vormtaal kan ook sekerlik in verband gesien word met die feit dat Jespers voortaan al hoe minder Kongolese motiewe skilder en dat hy hierdie soort werke tot die minimum by tentoonstellingsgeleenthede beperk.<sup>54)</sup>

Blykens die karakter van Jespers se gewrogte uit die sestiger jare - waarop ons later terugkom - word die feit vir ons uiteindelik bevestig dat sy sin vir sowel die dekoratiewe as die abstrakte vormgewing die eintlike twee sluimer-aanwesige faktore is wat mekaar gaandeweg in 'n toenemende mate vanaf 1948 in sy oeuvre sou kompleteer. Gedurende 1951 is die dekoratief-abstrakte tendens weliswaar vir 'n deel uit sy visioenêre en tegniese vormtaal geweer, deur die nuut ontdekte betekeniswaarde van die Kongolese motief as mededelingsmiddel. Dit sou egter ook van tydelike duur wees soos wat ons sal probeer aantoon.

Die eerste werke waarin Jespers gedurende 1951 na sy aankoms in die Kongo van inheemse beeldgebruik maak, pak hy met 'n verrassende realiteitsin aan. Dit is veral sy eerste tekeninge wat ons in hierdie opsig beïndruk. Met 'n snellende tempo bereik Jespers reeds voor die einde van hierdie jaar die tipiese, gesintetiseerde en eenvoudige visioenêre en tegniese vormtaal wat die meeste van sy Kongolese werk gedurende die vyftiger jare kenmerk. Waar hy aanvanklik met 'n soort realistiese huivering die Kongolees en sy natuurlike omgewing met 'n ongeoefende oog vir die nuwe en anekdotiese geval sou aanskou, kom hy algou tot 'n selfstandige en liriese interpretasie daarvan. Lyn- vlak- kleur- en vormsuggestie geraak al hoe meer subjektief en ekspressionisties in die konkretisering van die objek op die plat vlak van die doek. Al dadelik begin die tegniese vormtaalelemente 'n eie outonome waarde opeis binne die begrensing van die kunstenaar se ekspressiewe doelstelling. Hierdie ontwikkelingsproses van 1951 word duidelik geillustreer deur die werke wat in ons katalogus m.b.t. hierdie jaar opgeneem is.

In 'n brief<sup>55)</sup> wat Jespers gedurende November 1951 aan die Gazet van Antwerpen skryf omtrent sy indrukke van sy verblyf na ses maande in die Kongo, kom sy liries-ekspressionistiese realiteitsin duidelik na vore. Dit is veral belangrik om hieruit kennis te neem van sy doelbewuste inspanning om in sy nuwe werk "alleen dat essentiële, dat abstracte te geven, waar ge veel, veel moet voor weten en gezien hebben, om het te kunnen uit drukken...." In sy soeke na hierdie abstracte visioenêre vormtaal, gesien sy evolusie as skilder tot op daardie stadium, beweg Jespers noodwendig na 'n dienooreenkomsstige geabstraheerde tegniese vormtaal. Waar hy egter nie

daarin slaag om die koloristiese en liniëre elemente gedurende die vlak- en vormgewingsproses genoegsame ekspressiewe drakrag te gee nie, word daar op die gevaar van 'n dekoratiewe totaalindruck afgestuur. Dit is byvoorbeeld reeds die geval met Kongovrouens by die Werk (Kat. A. 1 - 312, fk. 310), Veelkleurige Inlandse Mark (Kat. A. 1 - 313, fk. 311) en Groep (Kat. A. 1 - 314, fk. 312). Omdat feller kleure en lewendiger liniëre elemente in samehang met mekaar gebruik is, beantwoord die volgende twee stukke aan 'n suiwerder ekspressiewer doelstelling, nl. Kamina Markt (Kat. A. 1 - 315, fk. 313) en Vrouwen op de Markt (Kat. A. 1 - 316, fk. 314). Al hierdie stukke is van 1951.

Die Kongolese vrou geniet 'n besonder voorkeur gedurende hierdie periode in Jespers se oeuvre. Die rede hiervoor verskaf hyselv: "..... bij de vrouwen is er altijd het probleem van de vrouw, en het raadsel dat men in hun ogen lezen kan. De sierlijkheid - hun vormen, schouders, armen en handen, bij iedere beweging een droom van grazie en rhytmen tegen die Blaue hemel, en de fel rode grond, - en dat groen, groen gebladerte. Het is onuitsprekelijk".<sup>56)</sup> Gewoonlik word die vrou in haar groepsverband op die mark, met haar kind, as waterdraer en as boorling tussen slanke bome voorgestel.

Aanvanklik is die lyne en kleure ritmies en vloeiend; later word dit strakker en feller, maar nie altyd met 'n noodwendige ekspressiewer resultaat ten gevolge nie. Soms is die resultaat eerder geometries en styf.

In die som van Jespers se Kongolese werk vind ons steeds 'n tweestryd tussen ekspressionistiese impulse enersyds en abstrak-dekortiewe tendense andersyds in sowel die visioenêre as die tegniese vormtaal. Weliswaar maak hy vanaf 1952 meer daadwerklik van 'n kragtiger palet gebruik soos blyk uit o.a. die volgende stukke: Inlandse Figure (Kat. A. 1 - 323, fk. 320) van 1952, Afrikaanse Vrouw met Kind (Kat. A. 1 - 328, fk. 325) van 1953, Mark met Son (Kat. A. 1 - 336, fk. 333) van 1954, Gezeten Negerin (Kat. A. 1 - 346, fk. 343) van 1955, Kongolese Figure (Kat. A. 1 - 349, fk. 346) van 1956, Moderne Kongolese Vrouw (Kat. A. 1 - 355, fk. 352) van 1957, Drie Kongolese Figure (Kat. A. 1 - 360, fk. 356) van 1958 en Komposisie met Kongolese Figure (Kat. A. 1 - 369,

fk. 365) van 1959. Die onderlinge tonale kontraste, hoewel dit in hierdie laasvermelde stukke feller en ryker ekspressiewe waardes as gedurende enige ander tydperk in die Jespers-oeuvre ontbloot, word nie altyd in 'n goeie balansverhouding binne dieselfde eenheidskomposisie met die oorwegend statiese effekte van die liniëre elemente gebruik nie. Om hierdie rede vertoef die dekoratiewe tendens in sy oeuvre; soms in 'n mindere en soms in 'n meerdere mate. Hoewel subjek met die nog herkenbare objek sintetiseer, word die objek se mededelingswaarde geskaad. Indien Jespers nog gehoorsaamheid aan 'n vergeestelike impuls wil gee, mis hy sy doel. Die volgende stukke illustreer hierdie steeds toenemende onvermydelikheid nog beter: Nege Panele in Een (Kat. A. 1 - 332, fk. 329) en Liniëre Figure (Kat. A. 1 - 333, fk. 330) van 1953, Groep (Kat. A. 1 - 337, fk. 334) en Ses Panele in Een (Kat. A. 1 - 342, fk. 339) van 1954, Sittende Kongolese Vrou met Las op Kop (Kat. A. 1 - 345, fk. 342) van 1955, Negervrou (Kat. A. 1 - 350, fk. 347) van 1956, Stillewe met Appels en Plante (Kat. A. 1 - 353, fk. 350) van 1957, Stillewe (Kat. A. 1 - 361, fk. 357) en Komposisie met Palette (Kat. A. 1 - 362, fk. 358) van 1958, Brand in Oerwoud (Kat. A. 1 - 367, fk. 363), Staande Kongolese Figure met Stampblok (Kat. A. 1 - 370, fk. 366) en Die Voortsetting in sy Interieur (Kat. A. 1 - 372, fk. 368) van 1959.

Opgesom, moet ons dus konstateer dat Floris Jespers sy aanvanklike ekspressiewe doelstelling met die Kongolese motiewe gaandeweg opoffer en in die rigting van 'n dekoratiewe abstraksie beweeg; 'n tendens wat 'n hoogtepunt gedurende 1959 in hierdie besondere onderwerpstudie bereik.

#### D. DEKOKATIEWE ABSTRAKSIE EN LAASTE JARE (1960 - 1965)

Ons het reeds daarop gewys dat sowel die dekoratiewe as die abstrakte vormgewingsproses tendensieus vanaf 1948 se eksistensialisties-ekspressiewe skeppings en die daaropvolgende Kongolese motiewe aanwesig is. Welliswaar kom daar gedurende hierdie tydspan ook enkele voorbeeldelike sporadies voor, waar hy in afsonderlike studies proefsgewys die dekoratiewe abstraksie as 'n selfstandigheid probeer

benader; soos wat ons in o.a. die volgende werke kan sien:

Komposisie (Kat. A. 1 - 331, fk. 328) van 1953, Abstrak (Kat. A. 1 - 351, fk. 348) van 1956, Stillewe met Appels en Plante (Kat. A. 1 - 353, fk. 350) van 1957, Stillewe (Kat. A. 1 - 361, fk. 357), Komposisie met Palette (Kat. A. 1 - 362, fk. 358) en Komposisie (Kat. A. 1 - 364, fk. 360) van 1958, asook Johnson Line (Kat. A. 1 - 373, fk. 369), Skip aan die Kaai (Kat. A. 1 - 374, fk. 370) en Hawe met Son (Kat. A. 1 - 375, fk. 371) van 1959.

Dit is opvallend dat hierdie laasgenoemde werke reeds tegnies-ambagtelike ooreenkomsste met die later na 1960 vervaardigde dekoratief-abstrakte gewrogte vertoon. So byvoorbeeld tref ons reeds in die bovermelde eksperiment van 1953 'n oorwegend tonaal-koloristiese komposisie aan; 'n tegniese oplossing wat weer in die bovermelde stuk van 1956 en in Komposisie (Kat. A. 1 - 364, fk. 360) van 1958 planmatiger uitgewerk is. Die oorwegende trant van al die vroeë eksperimente in die rigting van 'n doelgerigte dekoratiewe abstraksie, pas egter meer aan by die ander op dieselfde tydstip vervaardigde Kongolese werke. In hierdie opsig vind ons dat oorwegend dieselfde geometriese beplanning van kleur-, lyn-, vlak- en vormsuggesties toegepas word. Met ander woorde, die koloristiese elemente wat in die lyn opgeneem is om die vernaamste konstruktiewe funksie in die komposisie te vervul, is ook in die geabstraheerde stukke as dusdanig ingespan; verder dat daar net soos in die geval van die Kongolese motiewe al hoe meer van 'n kragtiger palet gebruik gemaak is.

Waar Jespers vanaf 1960 'n groot aantal hawegesigte van Antwerpen, Kongolese motiewe en tegelyk daarmee ook 'n aantal studies van die Waalse platteland probeer abstraheer, word daar doelbewuste aandag aan die beplanning van vlaksamestellings gegee. Op hierdie wyse bereik die tegniese vormtaalelemente 'n merkwaardige funksionele selfstandigheid in die verskillende artistieke werklikhede. Die totaalindruck van hierdie stukke is egter dekoratief en besit 'n bepaalde ekspressiewe gehalte, in mindere of meerdere mate bereik deur die dramatiese kleurkontrasterings.

In 'n paar stukke probeer Jespers die visueel-waarneembare werklikheid met 'n byna kragdadige opsetlikheid ontwyk; soos byvoorbeeld in Compositie in Wit (Kat. A. 1 - 383, fk. 379),

Komposisie (Kat. A. l - 384, fk. 380) en Geometriese Komposisie (Kat. A. l - 385, fk. 381) van 1960, asook Oorsprong van het Vorm (Kat. A. l - 404, fk. 400) van 1964. Hierdie werke verteenwoordig 'n uiterste konsekwensie van Jespers se doelstelling om die konstituerende elemente van die artistieke werklikheid 'n outonome funksionele waarde te gee. Die resultaat is dramaties vir sover hy hier opsetlik gebruik maak van uiterste kleurteenstellings wat sonder oorgangstonaliteit aangewend is. Om hierdie rede verkry die stukke 'n geometries-dekoratiewe uitsig. In ander woorde, Jespers bereik hiermee 'n ontwerp, eerder as 'n selfstandige skilderkunstige werklikheid.

In die meeste ander gevalle waar Jespers 'n dekoratief-abstrakte resultaat bereik, is die visueel-waarneembare werklikheidsvorm terug te vind, sy dit dan in suggestie. Hier dien die natuur inderdaad as 'n uitgangspunt. Die ontwyking daarvan is ten behoeve van die uiteindelike komposisionele resultaat ingespan. Terselfdertyd is die betekeniswaarde van die objek as mededelingsmiddel met opset behou. Dit blyk duidelik uit o.a. die volgende stukke: Plateland (Kat. A. l - 377, fk. 373), Kongolesse Groep (Kat. A. l - 379, fk. 375), Reede van Antwerpen (Kat. A. l - 380, fk. 376) en Hawe (Kat. A. l - 382, fk. 378) van 1960, Figuur teen Landskap (Kat. A. l - 386, fk. 382), Reede van Antwerpen (Kat. A. l - 387, fk. 383) en Kaai 214 (Kat. A. l - 388, fk. 384) van 1961, Wallonië (Kat. A. l - 390, fk. 386), Koeie (Kat. A. l - 391, fk. 387) en Eksotiese Komposisie (Kat. A. l - 392, fk. 388) van 1962, Vlaanderens Weelde (Kat. A. l - 398, fk. 394) en Hawe met Kongohout (Kat. A. l - 399, fk. 395) van 1963, Hawe (Kat. A. l - 400, fk. 396), Die Oes (Kat. A. l - 402, fk. 398) en Congolesse Haven (Kat. A. l - 403, fk. 399) van 1964.

Tegnies gesien, vind ons in hierdie stukke dat Jespers om die heurt of 'n geometriese of 'n oorwegend tonaal-koloristiese werkswyse gebruik. Die handhawing van hierdie twee metodes dui daarop dat hy hierdie stukke nog as eksperimente in sy soeke na 'n sintese tussen die twee oplossings behandel. In hierdie opsig kan ons Congolesse Haven van 1964 enigsins as 'n geslaagde resultaat van hierdie strewe beskou. Vandaar dat laasgenoemde stuk ook minder dekoratief en meer ekspressief as 'n abstraksie daaruit sien. Liniëre en

koloristiese elemente is hier in 'n kragtige eenheidskomposisie saamgesnoer. Die tonaal-koloristiese en dinamies-liniëre kwaliteite is in 'n goeie balansverhouding met mekaar geplaas om soodoende 'n ekspressief-selfstandige en benaderde ooreenkoms met die vereenvoudigde objek se betekenis te probeer bekom. As sulks is hierdie stuk 'n verrassende en 'n uitsonderlike resultaat van sy strewe na 'n ekspressiewe abstraksie.

In Desember 1963 reis Jespers na Torremolinos in Spanje waar hy en sy vrou tot Maart 1964 met vakansie vertoeft. Gedurende hierdie paar maande in 'n warmer streek skets hy 'n aantal anekdotiese toneeltjies soos wat ons dit aantref in Eseltjie in Landskap (Kat. A. 1 - 405, fk. 401). Later gedurende hierdie en die daaropvolgende jaar verwerk hy hierdie sketse in 'n aantal oliewerke van klein en groot afmetings waarvan Spaanse Landskap met Donkiekar (Kat. A. 1 - 406, fk. 402), Paysage a l'Odeur de Savon Parfume (Kat. A. 1 - 407, fk. 403) van 1964, Spanje (Kat. A. 1 - 409, fk. 405) en Spaanse Dorpie teen Heuwelandskap (Kat. 410, fk. 406) van 1965 voorbeeld is.

Hierdie twee laasgenoemde stukke is weereens 'n bewys van Jespers se eksperimenteerlus. Nuwe kleur-, lyn- en vlakverhoudings wat d.m.v. 'n ligter toets en palet bewerkstellig is, bring opnuut 'n ander ekspressiemootlikheid na vore. Dekoratiewe elemente is egter ook hierin verteenwoordig.

Terwyl hy besig was om andermaal reëlings te tref vir die inrigting van 'n nuwe ateljee in die Noorderlaan te Antwerpen wat ook as 'n tentoonstellingsaal vir potensiële kopers sou diens doen, sterf Jespers skielik in die nag van 16 April 1965. 'n Hartkrisis was die oorsaak.

- 1) Die Galerie Schwarzenberg bestaan vir net meer as 'n jaar o.l.v. die oud-bestuurder van die Galerie Le Centaure, Walter Schwarzenberg. Daarom is dit geen toeval dat hierdie twee galerye dieselfde adres sou hê nie.
- 2) Die Galerie Georges Giroux word vanaf 1912 tot 1923 bestuur deur Georges Giroux self. Na laasgenoemde se afsterwe in

die vermelde jaar bestuur die weduwee Giroux die saak met behulp van Paul Colin. Sedert 1930 geskied die leiding onder die nuwe eienaar, Georges Williams, bygestaan deur Pierre Janlet.

- 3) Les Beaux-Arts, 'n weeklikse tydskrif te Brussel, word deur die gebroeders Luc en Paul Haesaerts in 1930 gestig wat as mederedakteurs tot en met 1932 optree. Vanaf 1933 is die redakteur Pierre Janlet. Na die Tweede Wêreldoorlog neem L. Girand-Maugin die leiding van die blad op hom.
- 4) L'Art Vivant wat in 1930 vir ongeveer drie jaar as 'n Brusselse kunsvereniging bestaan, is gestig deur Paul-Gustave van Hecke. Werkende lede was die volgende: Brusselmans, J. Cantre, Georges Creten, H. Daeye, G. De Smet, Floris Jespers, Oscar Jespers, P. Maas, W. Paerels, H. Puvres, Ramah, F. Schirren, A. Servaes, E. Tytgat en F. Van den Berghe.
- 5) Die Société Auxiliare des Expositions du Palais des Beaux-Arts à Bruxelles is vir die eerste twee jaar van sy bestaan vanaf 1929 bestuur deur Claude Spaak. Daarna neem Robert Giron die leiding op hom. Hierdie vereniging organiseer elke jaar 'n groot aantal tentoonstellings in die lokale van die Palais des Beaux-Arts waarop werke van nuwe en gevestigde kunstenaars vertoon is.
- 6) Vir tentoonstellings in die buiteland wat deur Kunst van Heden georganiseer is en waar Floris Jespers se werk vertoon is, sien: Bylae nr. 30., 1931 tot 1938.
- 7) Marc Chagall se werk word retrospektiefgewys in 1925 vanaf 2 Mei tot 2 Junie saam met dié van Pablo Picasso, Georges Rouault en ander minder bekende Franse kunstenaars op die jaarlikse Salon van Kunst van Heden tentoongestel.
- 8) Charles Despiau se werk word gereeld vanaf 1931 op die Salon van Kunst van Heden te Antwerpen vertoon.
- 9) Giorgio de Chirico se werk word in 1933 by Kunst van Heden vertoon.
- 10) Die Galerie Breckpot, Antwerpen, bestaan reeds vanaf 1926 o.l.v. Joseph Breckpot. Binne- en buitelandse kunstenaars

word hier opeenvolgend op handelstentoonstellings vertoon.

- 11) Behalwe vir sy gereelde openbare optredes by tentoonstellingsgeleenthede en die talryke artikels wat oor sy werk in die leidende tydskrifte te België verskyn, is van sy werk reeds gedurende 1929 deur die Belgiese Staat aangekoop; sien:  
Arlequinade (Kat. A. 1 - 120, fk. 110) van 1925 en De Verloofden (Kat. A. 1 - 170, fk. 172) van 1929.
- 12) sien: Bylae nr. 24.
- 13) In feite het op daardie stadium alreeds twee tentoonstellings van L'Art Vivant in 1931 plaasgevind; sien: Bylae nr. 30, 1931.
- 14) Die omgewing en Jespers se woning, die sg. Vijfringenhuis, op die Graaf Jansdijk is dikwels deur die skilder as onderwerpstudie vir sy skilderye geneem; sien o.a.: Graaf Jansdijk (Kat. A. 1 - 204, fk. 205) van 1934, Graaf Jansdijk in Zomerlicht (Kat. A. 1 - 213, fk. 213) van 1936 en Het Vijfringenhuis (Kat. A. 1 - 260, fk. 258) van 1945.
- 15) Gedurende hierdie eerste verkenningsreis na Wallonië, maak Jespers 'n aantal sketse van die streek en dorpieë wat hy later in skilderye verwerk; sien o.a.: Oud Kasteel in Wallonië (Kat. A. 1 - 197, fk. 198).
- 16) sien: Bylae nr. 9.
- 17) sien: Bylae nr. 10.
- 18) De Ridder, A.: "Floris Jespers' Kunst", in: Retrospectieve Floris Jespers, Brugge, 14 Mei tot 12 Junie 1960, p. 23.
- 19) sien o.a.: Stillewe met Palet en Tulpe (Kat. A. 1 - 199, fk. 200) van 1933.
- 20) Burssens, G.: Floris Jespers, Antwerpen, 1955, p. 9.
- 21) Voor en na hierdie periode in Jespers se oeuvre bewys die kunstenaar telkens dat hy sy steeds veranderlike tegniese vormtaal by die impuls na 'n vergeestelike realiteitsin wil laat aanpas. Dit is in feite een van die wesenseienskappe van sy kuns. In ander woorde gestel, ondervind Jespers gedurende die gehele duur van sy oeuvre 'n stryd t.o.v. die oorspronklikheid

van sy realiteitsin en 'n doelmatige tegniek.

- 22) De Ridder, A.: Vlaamse Kunst, Antwerpen, 1952, p. 283-290, me+ 12 reproduksies van Floris Jespers se werk.
- 23) Horemans, K.: "Floris Jespers. Baanbreker, Durver en Virtuoos", De Zevende Dag, Antwerpen, 16-1-1944.
- 24) sien: Bylae nr. 25.
- 25) sien: Bylae nr. 26.
- 26) sien: Bylae nr. 27.
- 27) sien: Wallonië (Kat. A. l - 245) en Hooioogst (Kat. A. l - 246, fk. 244) - albei in 1948 deur die Belgiese Staat aangekoop.
- 28) Hierdie feit word deur verskillende blaaie aangekondig; sien o.a.: M.C.: "Goede Reis, Floris Jespers", Gazet van Antwerpen, Antwerpen, 3-4-1951; "Floris Jespers naar Congo", De Standaard, Brussel, 4-4-1951.
- 29) Jaarboek van de Koninklijke Vlaamse Academie, Brussel, 1951, p. 3.
- 30) sien o.a.: Volksgazet, Brussel, 7-12-1950 en Gazet van Antwerpen, Antwerpen, 11-12-1950.
- 31) 'n Berig oor hierdie feite verskyn in L'Essor Du Congo, Leopoldville, 26-8-1952.
- 32) Ray, G.: "Idées et Opinions", Le Matin, Anvers, 19-11-1952.
- 33) Die tentoonstelling te Brussel wat deur die Koninklijke Museum voor Schone Kunsten aldaar gedurende Junie 1951 ingerig is, vertoon Wallonië (Kat. A. l - 245) wat aan die Belgiese Staat behoort; die tentoonstelling van grafiese kuns wat te Antwerpen gedurende Junie 1952 deur die Koninklijke Maatschappij voor Dierkunde van Antwerpen ingerig is, vertoon twee droënaaldetse wat die besit is van die plaaslike Stedelijke Pentenkabinet; sien ook: Bylae nr. 30, 1951 en 1952.
- 34) Die werke wat op hierdie besondere tentoonstelling vertoon is, was die besit van Gaston Burssens en André De Ridder; sien in hierdie verband: Kermis in de Duinen (Kat. A. l - 173,

fk. 175), Vrijheidslaan (Kat. A. 1 - 189, fk. 191) en Oud Kasteel in Wallonië (Kat. A. 1 - 197, fk. 198).

- 35) Die meeste van hierdie werke is tans nog in die besit van die familie, waaruit ons kan aflei dat 'n vriend op hierdie tydstip die nodige reëlings t.o.v. hierdie tentoonstelling getref het.
- 36) Ray, G.: "Idées et Opinions", Le Matin, Anvers, 19-11-1952.
- 37) Vir hierdie artikels word die leser verwys na die besondere literatuur omtrent hierdie tentoonstelling soos wat dit in Bylae nr. 30 opgeneem is.
- 38) sien: literatuurlys omtrent hierdie tentoonstelling soos wat dit opgeneem is in Bylae nr. 30.
- 39) Michiels, I.: "De Kongolese Productie van Floris Jespers", Handelsblad, Antwerpen, 26-5-1954.
- 40) Floris Jespers se seun, dr. Marc Jespers het sedert sy vader se laaste besoek aan die Kongo van Kamina na Kapanga verhuis. Hierdie reis vanaf Léopoldstad na Kapanga vind gedurende Oktobermaand 1955 plaas.
- 41) sien: Le Courier d'Afrique, Léopoldville, 24-1-1955 en L'Afrique et le Monde, Leopoldville, 10-2-1955.
- 42) sien: Bylae nr. 30, 1955, vir die besondere tentoonstelling te Léopoldstad.
- 43) sien: Bylae nr. 30, 1955, vir die reeks tentoonstellings wat gedurende sy afwesigheid in Europa plaasvind en waarop van sy werke tentoongestel is.
- 44) Hierdie tentoonstelling het in die Museum vir Inlandse Kunste Léopoldstad plaasgevind; sien: Bylae nr. 30, 1957.
- 45) 'n Artikel omtrent die inrigting van hierdie ateljee verskyn in: Rechtskundig Weekblad, Antwerpen, 18-12-1957.
- 46) Hierdie feit verneem ons van die weduwee van Floris Jespers, mevr. Olympe Gardien-Jespers.
- 47) Les Beaux-Arts, Bruxelles, 22 (Numéro Special), 11-4-1958.
- 48) Vir die literatuur omtrent hierdie twee tentoonstellings

waaraan Jespers nie deelneem nie, sien: Bronne- en Literatuurlys, Tydskrifartikels, 1958.

- 49) Hierdie lokaal in die besondere bankgebou dra die naam van Floris en Oscar Jespers. Uit dankbaarheid vir hulle dienste as kunstenaars aan die Stad Antwerpen word hierdie saal na hulle vernoem.
- 50) Skrywer onbekend: "Tentoonstellingen te Antwerpen", Het Volk, Antwerpen, 28-7-1959.
- 51) Skrywer onbekend: "Breckpot Floris Jespers", Gazet van Antwerpen, Antwerpen, 16-3-1960.
- 52) R.D.C.: "Beeldende Kunst. Fl. Jespers in Breckpot Jeune", Het Toneel, Antwerpen, 57(28): 12, 11-3-1960;  
Skrywer onbekend: "De Galerij Breckpot Jeune heeft Floris Jespers te gast", De Standaard, Brussel, 25-3-1960.
- 53) Skrywer onbekend: "Breckpot Floris Jespers", Gazet van Antwerpen, Antwerpen, 16-3-1960.
- 54) Hierdie feit blyk duidelik genoeg uit die verskillende tentoonstellingskatalogi van na 1960; sien: Bylae nr. 30.
- 55) sien: Bylae nr. 28.
- 56) Ibid.

## BESLUIT

Waar ons aan die einde van die onderhawige studie 'n besluit wil formuleer, kan die volgende uitspraak van Roger Avermaete as 'n nodige aanleiding diensbaarheid geniet om die unieke posisie van die Jespers-oeuvre in eie lokaliteit opsommend te beklemtoon: "Moest Jespers in Frankryk hebben geleef in plaats van in het nuchtere België, zijn reputatie ware zeker te vergelyken geweest met die van een Picasso."

Met hierdie woorde bring Avermaete gedurende 1965 'n in memoriam-hulde aan sy vriend en medelid van die Koninklijke Vlaamse Academie, soos opgeneem in die Jaarboek van die K.V.A., Gent, 1965, p. 298. In 'n sekere sin sinspeel hy hier op die besondere bekendheid wat Jespers in die skaduwee van wagwoorde soos o.a. "goochelaar" en "virtuoos" deur die verloop van jare gekry het. Verder word hier ook by wyse van 'n kensketsing op een van die wesenseienskappe van Jespers se kunstenaarskap gewys, nl. die onrustige karakter daarvan.

Dat Jespers nooit tevrede was met net een bepaalde tegniese metodiek nie, word in die eerste plek deur 'n oppervlakkige waarneming van die som van sy oeuvre self bewys. Styloanalities beskou, sou hierdie onvoldaanheid egter 'n verantwoording kon vind, indien sowel sy visioenêre as sy tegniese vormtaal aan 'n esteties-aanvaarbare doelgerigtheid beantwoord. Op die vraag of dit die geval in die Jespers-oeuvre is, kan ons nou bevestigend antwoord.

'n Steeds aanwesige impuls tot vergeesteliking en 'n magtige tegnies-ambagtelike kunde wat aanvanklik intuïtief en hoe later hoe meer met doelbewustheid 'n strewe na 'n selfstandige ekspressiwiteit openbaar, is as die belangrikste kousale faktore hiervoor vasgestel. Die herhaalde afwykings in Jespers se tegniese vormtaal kan ons interpreteer as synde oefenmetodes waaraan hy hom met mening van tyd tot tyd onderwerp het.

Gedurende sy evolusie as skilder ontmoet ons by Jespers 'n dualistiese stryd wat in wese 'n soeke is na 'n tweeledige sintese; enersyds tussen die oorspronklikheid van sy realiteitsin en 'n doelmatige tegniek, andersyds tussen subjek en objek. Met die bereiking van 'n

geslaagde balansverhouding van hierdie tweeledigheid, word daar outomaties 'n hoogtepunt in Jespers se oeuvre aangeteken, iets wat gedurende die jare 1925 - 1930 in die besonder gebeur.

Die strewe na die bereiking van hierdie tweeledige sintese en die dienooreenkomsstige geslaagde balansverhouding ter wille van 'n selfstandige ekspressiemooontlikheid is deur die besondere lewensomstandigheid van Jespers as Antwerpenaar in 'n bepaalde rigting gestuur. In hierdie opsig onderskei hy homself as 'n geïsoleerde gevval binne die totaalsfeer van die Vlaamse Ekspressionisme in België. Bygevolg is sy selfstandigheid as Ekspressionis los van die Latemse driemanskap - Permeke, De Smet en Van den Berghe - duidelik aan te toon, nieteenstaande dat hy saam met hulle gedurende 1920 tot 1930 aan die Brusselse Sélection-beweging deelneem.

Uit ons stylhistoriese ondersoek soos wat dit in Hoofstuk I uiteengesit is, het dit geblyk dat die Vlaamse Ekspressionisme as 'n selfstandige XXe eeuse stylrigting 'n hoogtepunt is van 'n steeds laaiende reaksie teen veral die Franse kuns vir sover die invloed via Brussel die gehele land binnegelei is. Terselfdertyd is dit ook 'n hoogtepunt van 'n ekspressionistiese tendens wat sedert die XVe eeu in Vlaandere aanwesig was en gedurende die XIXe eeu 'n krisistoestand bereik wat sowel in Brussel as in Antwerpen sy invloed laat geld het.

Antwerpen wat naas Brussel as die belangrikste sentrum vir kunstaktiviteite gedurende die XIXe eeu in België bekend staan, lewer 'n beslissende bydrae t.o.v. hierdie krisis en handhawing van 'n ekspressief-gelaaiide tendens in die werk van sy kunstenaars, Leys, De Braekeler en Stobbaerts. Dit gebeur selfs ondanks die konserwatief-denkende burgery en kunsminnende publiek van die tyd, die verkeerdelike interpretasies wat aan moderne formules soos o.a. "l'art pour l'art" gegee is en 'n misinterpretasie van die progressiewe strewe wat die impressionisme eintlik inhoud. Antwerpen se besondere bydrae lê ganker in die feit dat Ensor vanaf 1880 te Brussel via die voorbeeld van die Antwerpenaars De Braekeler en Stobbaerts 'n selfstandiger visioenêre vormtaal en 'n onafhankliker interpretasie van die Impressionistiese tegniek as een van die belangrikste voorlopers van die Vlaamse Ekspressionisme word.

Waar Floris Jespers vanaf 1914 op sy beurt dankbaar gebruik maak van Ensor se voorbeeld m.b.t. 'n eerste stap in die rigting van 'n ekspressiewer tegniese vormtaal, word Antwerpen se uiteindelike bydrae vir die Ekspressionisme bevestig; veral omdat dit vanaf laasgenoemde jaar vir 'n kort rukkie die belangrikste kunssentrum in België word. In die "avant-garde"-groep wat aldaar optree, is Jespers trouens een van die belangrikste figure. Waar Ensor die eerste Vlaamse kunstenaar is wat 'n tegniese vormtaal vir sowel 'n selfstandige as 'n ekspressiewe doeleinde ontwerp, is Jespers die eerste Vlaamse Ekspressionis wat Ensor in hierdie opsig sou probeer opvolg. Op sigself is dit 'n baie belangrike feit. Ons het dit in Hoofstuk II nie beklemtoon nie, vir die goeie rede dat Jespers ongeveer gelyktydig (1914) met sy insig t.o.v. Ensor se ekspressiewe benadering en gebruikmaking van die kleur onder 'n bepaalde vrye ligbehandeling, ook kennis neem van Van Gogh, Cézanne en Wouters se selfstandig-ekspressiewe kolorisme. Dit blyk dat Jespers nie besonder voorkeur aan die tegniese metodiek van Ensor gegee het nie. Verder herinner ons daaraan dat Jespers gedurende hierdie periode tot en met 1917 oorwegend intuïtief, eerder as doelbewustelik 'n ekspressiewer vormtaal in sy geheel langs die weg van tegniese vormtaaloefenmetodes beproef het. Dit alles neem egter nie weg dat Jespers Ensor reeds sou erken as 'n baanbreker vir die in-eer-herstelling van die volkseie oorspronklikheidseienskappe m.b.t. die tegnies-ambagtelike metodiek.

Die feit dat Jespers gedurende sy Kubistiese Avontuur blyke gee van 'n nog geslaagder balansverhouding tussen die bovermelde tweeledige sintese wat ook gedurende hierdie periode, 1917 - 1921, gelukkiger resultate in die artistieke werklikheid bereik het. Dit moet noodwendig as 'n progressiewe stap in die rigting van 'n konsekwenter ekspressiemoontlikheid gesien word. Belangrik op hierdie stadium vir die evolusie van die Jespers-oeuvre is die doelbewuste oefening om aan die tegniese vormtaalelemente as selfstandige ekspressiemiddels 'n outonome funksie in die skeppingsproses te probeer gee, 'n feit wat later in sy Integrale Ekspressionisme van onskatbare waarde is. Met behulp van en in geselskap van Paul van Ostaijen maak Jespers 'n doelbewuste studie van verskeie teoretiese geskrifte en formules waarvan Gleizes en Metzinger se Du Cubisme die belangrikste is,

vir sover dit 'n wegbepalende betekenis in hulle "avant-garde"-midde ontvang. In Paul van Ostaijen se eie kritiese opstel, die eerste oor die Vlaamse Ekspressionisme as 'n selfstandige stylrigting, kom ons onder die indruk van die progressiewe sfeer te Antwerpen gedurende die oorlogsjare, 1914 - 1918, en word ons voorts beïndruk deur die vername rol wat Jespers in die verband alhier vervul het.

Verbasend is dit dus nie om Jespers onder die voormanne in die Sélection-beweging te Brussel vanaf 1920 - 1930 aan te tref nie. Trouens, hier bewys hy ook dat hy met sy selfverworwe kunde 'n selfstandigheid as volbloed Vlaamse Ekspressionis van hierdie beweging kon handhaaf. Dat binne- en buitelandse kritici gereeld en herhaaldelik in die belangrikste kunstydskrifte hiervan melding maak, is 'n bewys van hierdie stelling. Sy oeuvre gedurende hierdie glo-rieryke jare waarin die Vlaamse Ekspressionisme ook sy hoogtepunt bereik, lewer 'n nog duideliker bewys hiervan.

Waar Jespers reeds gedurende sy Kubistiese Avontuur blyk gee van die ekspressiewe drakrag wat hy by voorbaat aan die kleur in tonale waardes toeken, word die leemte t.o.v. die dienooreenkomsstige lyngebruik gedurende sy Integrale Ekspressionisme aangevul. Ideale onderlinge balansverhoudings van kleure, lyne, vlakke en vorms in rangskikking met mekaar as outonome elemente van 'n ekspressief-be-doelde artistieke werklikheid, d.w.s. in ooreenstemming met die geestelike impuls van sy besondere realiteitsin, word hier 'n volle werklikheid. Subjek en objek bereik 'n gelukkige sintese; terwyl die betekeniswaarde van die objek as mededelingsmiddel tussen subjek en aanskouer sprekend na vore tree. In die som hiervan moet ons dus besluit dat sowel sy visioenêre as sy tegniese vormtaal in alle opsigte gedurende hierdie jare eindelik beantwoord aan die volkseie oorspronklikheidseienskappe van die Vlaamse kuns in die algemeen en van die Vlaamse Ekspressionisme as 'n selfstandige XXe eeuse stylrigting in die besonder.

In Hoofstuk III beklemtoon ons Jespers se verbluffende en selfstandige kunde deur stukke uit sy oeuvre met die van die ander leidende figure van die Sélection-beweging te vergelyk. Hieruit kan ons besluit dat waar die visioenêre impuls by sowel Jespers as by Permeke, De Smet en Van den Berghe 'n vergeestenisvorm ten doel stel, die tegniese vormtaalgebruik onderling sowel heftige verskille as mooi ooreenkomste vertoon.

Die tegniese ooreenkomste hou in hoofsaak verband met die gemeenskaplike doelstelling wat hulle almal t.o.v. die visioenêre faktor in hulle strewe na 'n volkseie oorspronklikheid huldig, nl. die eerbied t.o.v. die ekspressiewe betekeniswaarde van die objek as mededelingsmiddel. Van nog groter belang vir die selfstandigheidswaarde van die Jespers-oeuvre het dit geblyk, dat die onderlinge tegniese verskille in die eerste plek verband hou met die besondere weg wat Jespers as Antwerpenaar vanaf sy opleidingsjare aan die Academie en Hooger Gesticht voor Schone Kunsten bewandel het. In die besonder blyk dit hier dat Jespers se vroeë kennismaking met die Luminisme van o.a. Courtens, sy gelyktydige oefenmetodiek t.o.v. Ensor, Van Gogh, Cézanne, en Wouters se voorbeeld, asook sy later doelbewuste en teoretiserende eksperimente t.o.v. die Kubisme, hom langs 'n ander weg as dié van die Latemnare geneem het. Laasgenoemdes het immers nie alleen die Luministiese invloed van Claus ondergaan nie, maar onderling in mindere of meerdere mate skool gemaak by Simboliste soos o.a. Servaes en De Saedeleer. Dit was voor die Eerste Wêreldoorlog. Gedurende die oorlogsjare in Nederland maak De Smet en Van den Berghe kennis met Kubistiese, Futuristiese, Fauvistiese, Nederlandse en Duitse "avant-garde"-kunstenaars se werke, terwyl Permeke gedurende hierdie jare van alleenbestaan op die Engelse platteland weinig geleentheid kry om met die revolusionêre sfeer van die tydperk in aanraking te kom. Waar al hierdie kunstenaars na die oorlog ongeveer op dieselfde tydstip dus tot 'n Ekspressionisme kom, kan ons konstateer dat die som van die Latemnare via 'n homogener herediteit as Jespers in hierdie rigting beweeg. Hiermee hou ons ook in gedagte dat die Latemnare nie veel aandag aan die moderne teorieë t.o.v. die verskillende nuwe XXe eeuse stylrigtings gegee het soos wat dit wel by Jespers die geval was. Die soms treffende ooreenkoms tussen Jespers en De Smet wat tegniese werkswyses betref, kan direk in verband gesien word met laasgenoemde se affiniteit vir die Fauve, Le Fauconnier, se werk waar die liniêre elemente 'n lewendige konstruktiewe funksie verrig.

Opgesom, onderskei Jespers hom van ander Vlaamse Ekspressioniste deur die minder stoere, oorwegend blymoediger, uitbundiger en

ligter karakter van sy oeuvre. Tegnies gesien, is die tonale verhoudings van kleure by Jespers onderling ligter en gevarieerder terwyl die liniëre elemente - veral wat sy églomisé-skilderinge betref - fyner en meer dertelend selfstandige en ekspressiewe funksies verrig as by ander Ekspressioniste in Vlaandere. Die keuse van onderwerpstudies vertoon by Jespers ook 'n groter diversiteit en is oor die algemeen in 'n geslaagde ooreenstemming met die uitbundige karakter van die tegniese vormtaal beplan. As etser lewer Jespers ook verdienstelike werk gedurende sy gloriejare. In hierdie medium geniet die uitbeelding van harlekyne 'n voorkeur.

Na Jespers se belangrikste periode van Integrale Ekspressionisme volg daar eerstens 'n tydspan van ongeveer agtien jaar waartydens die kunstenaar langs die Belgiese kus te Knokke huis maak en gedurende die Tweede Wêreldoorlog op die Waalse platteland vertoef. As gevolg hiervan word 'n nog groter verskeidenheid onderwerpstudies in sy oeuvre opgeneem. Gedurende hierdie rustiger jare word die visioenêre en tegniese vormtaal nog steeds met 'n ekspressionistiese doelstelling beoefen, sy dit dan volgens 'n getrouer ooreenstemming met die wetgewende faktore van die visueel-waarneembare werklikheid verdig. 'n Doelbewuste terugkeer tot die natuur word in die artistieke werklikheid tuisgebring. Dit veronderstel 'n kentering in Jespers se realiteitsin wat noodsaaklikerwys ook 'n verandering in die tegniese vormtaal veroorsaak.

Versobering, besonkenheid, eenvoud en eenheid geld almal as progressiewe kwaliteite vir sover Jespers dit reeds vanaf 1931 t.o.v. sy vernieuwe realiteitsin as selfstandig-ekspressiewe waardes tuisbring in die artistieke werklikheid. Ongelukkig ontvang hierdie kwaliteite nie altyd konsekwent 'n dienooreenkomsstige behandeling binne die begrensing van die tegniese vormtaal nie. Met ander woorde, gedurende hierdie Berustende Ekspressionisme van Floris Jespers ontstaan 'n ongebalanseerde verhouding tussen die visioenêre en tegniese vormtaal se gebruik. Die rede hiervoor skyn evident te wees: waar die visioenêre vormtaal nog steeds getrou en oorwegend beantwoord aan 'n ekspressiewe impuls, hel die gebruik van die tegniese vormtaal oor na 'n komplimentering van die natuurwerklikheid, eerder as na die artistieke werklikheid self.

Hierdie verandering word hier sterk gestel ter wille van die

wetenskaplike waarde van die stelling. Hiermee word nie bedoel dat hierdie toestand deurgaans en ewematiig in al die werke van die Jespers-oeuvre gedurende 1931 - 1948 aanwesig is nie. In die verskillende genres kom dit in mindere of meerdere mate na vore. Waar hierdie ongebalanseerde toestand voorkom, bereik die subjek-objek-verhouding nie 'n gelukkige sintese nie. Dientengevolge gevraak die betekeniswaarde van die objek as mededelingsmiddel ook in die gedrang en word die volkseie oorspronklikheidseienskappe van die Vlaamse kuns enigsins verwaarloos.

Die onrustige trant wat ons opnuut vanaf 1948 - 1950 t.o.v. Jespers se realiteitsin waarneem, gaan gepaard met so 'n opsetlik vereenvoudigde en verhewigde tegniese vormtaalgebruik - met 'n oorwegende klem op die uiterlike liniëre vormtaal - dat verskeie onderlinge balansverhoudings in die artistieke werklikheid as gevolg hiervan erg versteur word. Om hierdie rede vind ons 'n neiging na die dekoratiewe in Jespers se werk. Die betekeniswaarde van die objek verraai 'n fatalisme wat as 'n verrassende fenomeen in die Jespers-oeuvre voorkom. Gesien die skynbaar onplanmatige gebruik van die tegniese vormtaalelemente, as syne om die beurt of konstruktiewe of ekspressiewe elemente, soms binne dieselfde komposisie, dui daarop dat Jespers gedurende hierdie kortstondige periode met 'n soort geometriese oefenmetodiek besig was. Hoe dit ook sy, hierop sou Jespers gedurende sy Kongolese periode weer terugkom. Vir sover hierdie soort oefenmetodiek die onvermydelike pad na die Abstraksie sou kon open, kom Jespers ook weer na 1960 daarop terug.

Gedurende die tydspan vanaf 1951 tot 1957 reis Jespers drie keer na die Kongo waar hy vir korter of langer tyd verblyf. Kongolese motiewe waarvan die vrou die belangrikste onderwerpstudie uitmaak, kom in sy werk tot en met 1960 as 'n eenheid voor, aangesien die ekonomies-vereenvoudigde uitbeeldingswyse nog altyd tred hou met logiese hoedanighede van Jespers se ekspressief-bewuste realiteitsin. Om hierdie rede het die waarde van die objek as mededelingsmiddel nog steeds in mindere of meerdere mate 'n betekenis vir die aanskouer. Aanvanklik pak Jespers hierdie motiewe met 'n tekenagtige en beskrywende realiteitsin aan. Kort daarna groei dit uit tot 'n ekspressief-liriese konkretisering. In die talryke doeke wat hierna volg, vind ons eers ritmies-vloeiente belynings en kleur-

gebruik. Tonale waardes van kleure en liniëre elemente word hoe later hoe meer heftig en strak aangewend. Om hierdie rede vind ons om die beurt ḫf oorwegend geometriese ḫf oorwegend ekspressiewe komposisies. Waar daar nie geslaagde balansverhoudings van kleur- en lyngebruik binne dieselfde eenheidskomposisie bereik word nie, hel die eindproduk noodsaaklik oor na 'n oorwegend dekoratiewe ontwerpkomposisie. Dit wil voorkom asof hierdie dekoratiewe tendens vanaf 1953 in 'n toenemende maat die uiteindelike dekoratief-abstrakte werk van Jespers na 1960 outomaties tot gevolg het.

Reeds voor 1960 ontmoet ons by Jespers inderdaad enkele voorbeeld waar hy meestal in stillewes 'n belangstelling vir die dekoratiewe abstraksie verraai. Vanaf hierdie datum word sy sporadiese belangstelling 'n doelgerigtheid op sigself. Kleure, lyne, vlakke en vorms word uiteindelik op so 'n wyse in verhouding met mekaar gerangskik dat die ooreenkoms met die visueel-waarneembare werklikheid skynbaar doelbewus verbreek is. Dit is die uiterste konsekvensie van hierdie tendens en hiervan is daar maar enkele voorbeeld aan te toon. Gedurende dieselfde periode produseer hy ook werke wat neig na 'n algehele afwyking van die visueel-waarneembare werklikheid. Hier wil hy skynbaar ook die betekeniswaarde van die objek as mededelingsmiddel doelbewus bly behou, soos wat ons dit veral in sy tale studies van die Antwerpse Hawe aantref. In hierdie laasgenoemde genre word daar wat die tegniese vormtaal betrek, ḫf oorwegend geometriese ḫf oorwegend tonaal-koloristiese komposisies bewerkstellig, 'n bewys dat Jespers se eksperimenteerlus selfs nog op hierdie stadium van sy lewe 'n noodsaaklikheid was. Hierdie stelling word ook nog verder bevestig deur 'n aantal studies waar hy die Waalse platteland en Kongolese motiewe van vroeër jare opnuut opneem en probeer abstraheer.

Oor die algemeen lewer Jespers dekoratief-abstrakte komposisies gedurende sy laaste lewensjare, eerder as wat hy oorwegend selfstandige Abstrakte studies produseer. In al die gevalle word aan die tegniese vormtaalelemente 'n funksionele outonomie gegee.

Die paar werke met Spaanse tonele wat Jespers kort voor sy afsterwe in 1965 met ligter toets en palet maak, is van beskrywend - anekdotiese aard, maar verraai weereens 'n nuwe impuls na eksperimentering.

Ten slotte kan ons opmerk dat Floris Jespers as Vlaamse Ekspressionis stellig sy plek sal inneem tussen die hoogtepunte van die Vlaamse skilderkuns van hierdie eeu. Hy was 'n groot meester met 'n omvangryke oeuvre waarvan die neerslag in die praktyk nog bepaal moet word. Sy onrus was sy oortuiging, en tegelyk die stuwende krag tot sy skepping.

## KATALOGUS A. 1 EN A. 2

### BEKNOPTE KATALOGUS VAN ENKELE OLIE-SKILDERYE, AKWARELLE, GOUACHES, LITOGRAFIEË, EN TEKENINGE ASOOK ETSE VAN FLORIS JESPERS

#### TOELIGTING:

In hierdie katalogus het ek daarna gestrewe om met 'n aantal geselekteerde werke 'n kronologiese oorsig van Jespers se veelsydige oeuvre te probeer tipeer.

Omdat die skilder sy werke selde gedateer het, steun die datering wat aan die verskillende ongedateerde stukke gegee is, in die eerste plek op stilistiese ontleding en op vergelykings tussen die werke onderling. Katalogi van tentoonstellings en veilings, publikasies oor die kunstenaar in boeke en tydskrifte, alhoewel dit nie altyd korrekte besonderhede bevat nie, het ek ook hierby in aanmerking geneem.

Die volgende rubriek is per werk agtereenvolgens aangeteken: Die oorspronklike titel van elke stuk is vir sover dit moontlik was, behou; waar daar verskillende benaminge bekend is, is hulle ook vermeld. By gebrek aan enige besonderhede het ek eenvoudige en beskrywende titels in Afrikaans aangegee.

Volle besonderhede t.o.v. die medium van elke werk verskyn na die nommer van die foto indien 'n afbeelding in ons fotokatalogus opgeneem is.

Die huidige versameling en / of die herkoms van elke stuk, is vir sover dit bekend is, vermeld.

Die afmetings is in sentimeters aangegee, die hoogte gevolg deur die breedte.

Indien 'n werk op 'n tentoonstelling verteenwoordig was, word die datum, stad en nommer van die werk soos wat dit in die besondere tentoonstellingskatalogus verskyn, aangegee. In die gevalle waar daar meer as een tentoonstelling in daardie jaar in dieselfde

stad plaasgevind het, word die tentoonstellingslokaal en/of die vereniging ook vermeld.

Indien 'n werk in geraadpleegde literatuur aangehaal of bespreek is, word dit kortliks aangedui. Waar artikels in geleentheidsgeskrifte soos o.a. tydskrifte en koerante van toepassing is, word slegs die naam en datum van die publikasie aangegee.

Die leser se aandag word daarop gevestig dat die twee laasgenoemde rubriek in ooreenstemming met Bylae nr. 30 gelees moet word.

#### LYS VAN AFKORTINGS

- Antw. : Antwerpen  
d. : gedateer; n.d.: nie gedateer  
fk. : Fotokatalogus  
herk. : herkoms  
ill. : illustrasie  
K.M.v.S.K : Koninklijke Museum voor Schone Kunsten  
Kon. Ac. v. Sch. K. : Koninklijke Academie voor Schone Kunsten.  
Kon. Maatsch. tot A. der Sch. K.: Koninklijke Maatschappij tot Aanmoediging der Schone Kunsten.  
K.v.H. : Kunst van Heden, Antwerpen.  
lit. : literatuur  
mont. : montering  
r.m.k. : regs midde kant  
t. : geteken; n.t. : nie geteken  
tek. : tekening  
tent. : tentoonstelling  
vers. : versameling

KATALOGUS A. 11911

1. OP DE SCHELDE, WINTER fk. 1  
(De Vaargeul te Nieuwpoort)  
olie op karton - 34 x 45 - t.l.o.: Floris Jespers - n.d. -  
vers. François De Ridder, Antw. - tent. 1911, Antw., nr. 139;  
1966, Antw., nr. 5.

1912

2. MIJN MOEDER fk. 2  
tek., ink en waterverf - 25 x 18 - n.t. - d.l.o.: 1912 -  
vers. fam. - tent. 1966, Antw., nr. 3.
3. SITTENDE DAME fk. 3  
tek., ink - 25 x 18 - t. en d.r.o.: Floris Jespers, 1912 -  
vers. fam.
4. DE POLDER fk. 4  
(Le Polder)  
olie op doek - 60 x 58 - t.r.o.: Floris Jespers - n.d.-vers.  
onbekend - herk. M. van der Elst, Heverlee, Leuven - lit.  
Burssens G.: Floris Jespers, 1943.
5. STILLEVEN  
(Nature Morte)  
olie op doek - 70 x 60 - t.r.o.: Floris Jespers - n.d. vers.  
onbekend - herk. F. de Sutter, Ieper - tent. 1912, Luik.  
nr. 253.

1913

6. GESTRANDE SLOEP  
(Péniche Echouée)  
olie op doek - 45 x 70 - n.t. - n.d. - vers. onbekend - tent.  
1913, Gent, nr. 276.
7. OP DE SCHELDE, LAGE TIJ fk. 5  
(Sur l'Escaut, Marée Basse)  
gouache op papier - 54 x 64 - t.l.o.: Floris Jespers - n.d. -  
vers. onbekend - herk. M. van der Elst, Heverlee, Leuven -

KATALOGUS A. 1

tent. 1913, Antw., Stadsfeestzaal, nr. 245 - lit. Onze Kunst, Des. 1913; L'Art Flamand et Hollandais, Julie - Des. 1913.

8. STILLEVEN, GROENTEN fk. 6  
(Nature Morte, Légumes)  
gouache op papier - 65 x 87 - t. en d.l.o.: Floris Jespers, 1913 - vers. Hoger Instituut en Koninlijke Academie voor Schone Kunsten, Antw. - tent. 1913, Antw., Stadsfeestzaal, nr. 246; 1917, Antw., nr. 54; 1923, Antw., Driejaarlijksche tent., nr. 326 - lit. L'Art Flamand et Hollandais, Julie - Des. 1913; Onze Kunst, Des. 1913; Marlier, G.: Sélection, Des. 1923, p. 216.

9. ARM VOLK UIT VLAANDEREN  
(Pauves Gens de Flandre)  
pastel op papier - 54 x 70 - n.t. - n.d. - vers. onbekend - herk. F. de Sutter, Ieper - tent. 1913, Antw., Stadsfeestzaal, nr. 247 - lit. La Fédération Artistique, 12.10.1913.

10. REGEN EN WIND  
olie op doek - 35 x 60 - t.l.o.: Floris Jespers - n.d. - vers. onbekend - tent. 1913 - 14, Antw., Kunstverbond, nr. 26 - lit. L'Art Flamand et Hollandais, Jan. - Junie 1914, p. 100; Onze Kunst, Feb. 1914 p. 78.

1914

11. IN MORGENDROK fk. 7  
(En Peignoir)  
akwarel - 43 x 34 - t. en d.r.o.: Jespers 1914 - vers. Paul Jespers. Antw. - tent. 1917, Antw., nr. 76.

12. LENTE fk. 8  
tek., ink en tempera op papier - 50 x 70 - n.t. - n.d. - vers. onbekend - tent. 1917, Antw., nr. 72.

13. HET KLEINE WERKHUIS fk. 9  
(Le Petit Atelier)  
olie op doek - 65 x 56 - t.l.o.: Floris Jespers - n.d. - vers.

KATALOGUS A. 1

onbekend - herk. P. van Ostaijen, Antw. - tent. 1917, Antw., nr. 59 - lit. De Ridder, A.: Vlaamse Kunst, 1952, p. 283; Jespers, H. -F. (red): Hommages de Floris Jespers, 1965, p. 23; Brief van Van Ostaijen, P. aan Floris Jespers, 15.1.1925 (sien: Bylae nr.

De Bock, E.: Het Vaderland, 28.5.1918.

14. GEPoEDERD MEISJEfk. 10

(Femme Poudée)

olie op doek - 178 x 150 - t.r.o.: Floris Jespers - n.d. - vers. onbekend - herk. Paul van Ostaijen, Antw. - tent. 1917, Antw., nr. 59 - lit. De Ridder, A.: Vlaamse Kunst, 1952, p. 283; Jespers, H. -F.: Hommages de Floris Jespers, 1965, p. 23; Brief van Van Ostaijen, P. aan Floris Jespers, 15 Januarie 1925 (sien Bylae nr.

De Bock, E.: Het Vaderland, 28.5.1918.

191515. ZONNEBLOEMEN

(Soleils)

olie op doek - 62 x 59 - n.t. - n.d. - vers. onbekend - tent. 1917, Antw., nr. 60; 1921, Antw., nr. 247 - lit. Van Ostaijen, P.: Ons Land, 10.3.1917.

16. STILLEVEN MET APPELENfk. 11

olie op doek - 60 x 60 - t. en d.r.o.: Floris Jespers 1915 - vers. onbekend - herk. Paul van Ostaijen, Antw. - tent. 1915, Antw., nr. 26; 1917, Antw., nr. 45 - lit. Delen, A.: Onze Kunst, Junie 1916; Brief van Van Ostaijen, P. aan Floris Jespers, 15.1.1925 (Sien: Bylae nr.

17. PORTRET VAN G. VAN DER BEMPTfk. 12

olie op doek - 70 x 49 - t. en d.r.o.: Floris Jespers 1915 - vers. onbekend - tent. 1915, Antw., nr. 27; 1917, Antw., nr. 43 - lit. Delen, A.: Onze Kunst, Junie 1916.

## KATALOGUS A. 1

18. VROU fk. 13  
tek., ink op papier - 34 x 24 - t. en d.r.o.: Floris Jespers -  
vers. fam.
19. MAN MET HOND fk. 14  
tek., gouache op papier - 34 x 23 - t. en d.r.o.: Floris Jes-  
pers 1915 - vers. fam.
20. FIGUUR fk. 15  
tek., ink op papier - 43 x 31 - t. en d.r.o.: Floris Jespers  
Jannuari 1915 - vers. fam. - tent. 1966, Antw., nr. 10.
21. ZELFPORTRET fk. 16  
tek., gouache op papier - 72 x 50 - t. en d.l.o.: Floris Jes-  
pers Jannuari 1915 - vers. fam. - tent. 1966, Antw., nr. 7.
22. SITTENDE DAME WAT BREI fk. 17  
tek., ink op papier - 43 x 31 - t. en d.l.b.: Floris Jespers  
Jan. 1915 - vers. fam. - tent. 1966, Antw., nr. 9.
23. KOFFIETAfel fk. 18  
Penseeltek., Indiese ink op papier - 25.8 x 43.3 - t. en d.r.o.:  
Floris Jespers Jannuari 1915 - vers. Prentekabinet van Antw.;  
Inv. nr. 1273 - herk. Skenking Carlo van den Bosch, Antw.
24. SITTENDE VROU MET HOND  
penseeltek., Indiese ink op papier - 25.8 x 19.3 - t. en d.l.o.:  
Floris Jespers 1915 - vers. Prentekabinet van Antw.; Inv. nr.  
1273 - herk. Skenking, Carlo van den Bosch, Antw.
- 1916
25. DE KLARE WERKPLAATS A  
(L'Atelier Lumineux A)  
olie op doek - 92 x 76 - n.t. - n.d. - vers. onbekend. - tent.  
1917, Antw., nr. 36; 1922, Gent, nr. 136. - lit. Van Ostaijen, P.:  
Ons Land, 23.2.1917; Van Ostaijen, P.: Ons Land, 10.3.1917;  
Van Ostaijen, P.: Vlaamsch Leven, 17.6.1917; De Smet, F.:  
Gand Artistique, 1.7.1922.

KATALOGUS A. 1

26. WEERKAATSINGEN fk. 19  
olie op doek - 75 x 68 - t. en d.r.o.: Floris Jespers 1916 - vers. onbekend - herk. Paul van Ostaijen, Antw. - tent. 1917, Antw., nr. 40; 1921, Antw., nr. 248 - lit. Van Ostaijen, P.: Ons Land, 10.3.1917; Van Ostaijen, P.: Vlaamsch Leven, 17.6.1917; Van Ostaijen, P.: Verzameld Werk / Proza, 1956, IV, p. 64.
27. VÉRONÈSE LINT  
(Ruban Véronèse)  
olie op doek - 85 x 65 - n.t. - n.d. - vers. onbekend - tent. 1917, Antw., nr. 37 - lit. Van Ostaijen, P.: Ons Land, 10.3.1917; Van Ostaijen, P.: Vlaamsch Leven, 17.6.1917; Van Ostaijen, P.: Verzameld Werk / Proza, 1956, IV, p. 64.
28. OLYMPE MET MOFFEL fk. 20  
olie op karton - 90 x 72 - n.t. - n.d. - vers. fam. - tent. 1917, Antw., nr. 68; 1966, Antw., nr. 12bis; 1967, Hasselt, nr. 1
29. THÉRÈSE fk. 21  
tek., Indiese ink op papier - 52 x 37 - t. en d.r.o.: Floris Jespers 1916 - vers. fam. - tent. 1966, Antw., nr. 14
30. SITTENDE VROUEFIGUUR MET HOED fk. 22  
tek., Gouache op papier - 55 x 40 - t. en d.l.o.: Floris Jespers 1916.
31. OLYMPE fk. 23  
(Zachtjes Niets Doen / Dolce Far Niente)  
tek., ink op papier - 37 x 43 - t. en d.r.o.: Floris Jespers 1916 - vers. fam. - tent. 1917, Antw., nr. 82; 1966, Antw., nr. 12.
32. OLYMPE MET DE SCHOEN fk. 24  
tek., ink op papier - 54 x 38 - t. en d.r.o.: Floris Jespers 1916 - vers. fam. - tent. 1966, Antw., nr. 13.
33. SELFPORTRET, SITTEND IN 'N STOEL VOOR SY ESEL fk. 25  
akwarel - 51 x 47 - n.t. - n.d. - vers. fam. - tent. 1917,

KATALOGUS A. 1

Antw., nr. 81.

34. DE GROENE SPIEGEL fk. 26  
(Le Miroir Vert)  
olie op doek - 82 x 53 - n.t. - n.d. - vers. onbekend - tent.  
1917, Antw., nr. 39; 1920, Antw., Driejaarlijkse Tentoonstelling van de Kon. Maatsch. tot A. der Sch. K. en K. v. H.,  
Antw., nr. 146; 1921, Antw., nr. 246 - lit. Van Ostaijen, P.: Ons Land, 23.2.1917; Van Ostaijen, P.: Ons Land, 10.3.1917;  
Van Ostaijen, P.: Vlaamsch Leven, 17.6.1917 (repr.); De Bock, E.: Het Vaderland, 28.5.1918; De Ridder, A.: Vlaamse Kunst, 1952, p. 283; Van Ostaijen, P.: Verzameld Werk / Proza, 1956, IV, p. 64.

1917

35. FLOR EN DE ROODE CELLO fk. 27  
olie op doek - 72 x 82 - t. en d.l.o.: Floris Jespers 1917 -  
vers. onbekend - lit. De Ridder, A.: Vlaamse Kunst, 1952,  
p. 283.
36. OLYMPE fk. 28  
akwarel - 50 x 38½ - t. en d.l.o.: Floris Jespers 1917 -  
vers. fam. - tent. 1966, Antw., nr. 18.
37. ZITTENDE VROUW fk. 29  
akwarel - 50 x 35 - n.t. - n.d. - vers. fam. - tent. 1917,  
Antw., nr. 88; 1966, Antw., nr. 19.
38. HAVEN fk. 30, fk. 30-detail  
olie op doek - 95 x 105 - t. en d.r.o.: Floris Jespers 1917 -  
vers. fam. - tent. 1966, Antw., nr. 16; 1967, Hasselt, nr. 2 -  
lit. De Bock, E.: Het Vaderland, 18.5.1918; Van Ostaijen, P.: Verzameld Werk / Proza, 1956, IV, p. 64.

1918

39. BARMEID fk. 31  
olie op doek - 78 x 70 - t. en d.l.o.: Floris Jespers 1918 -  
vers. onbekend - lit. Van Ostaijen, P.: Verzameld Werk /

KATALOGUS A. 1

Proza, 1956, IV, p. 64.

40. STILLEWE MET BLOU VAAS fk. 32  
olie op karton - 44 x 54 - t. en d.r.b.: Jespers 1918 - vers.  
Marc Jespers, Bern - tent. 1965, Pretoria, nr. 32; 1965,  
Potchefstroom, nr. 32; 1965, Kaapstad, nr. 32.
41. LA MAITRESSE fk. 33  
olie op doek - 125 x 98 - n.t. - n.d. - vers. onbekend - lit.  
De Bock, E.: Het Vaderland, 28.5.1918; Van Ostaijen, P.:  
Verzameld Werk / Proza, 1956, IV, p. 43, 60, 64 en 65.
42. DE SOLDAAT fk. 34  
olie op doek - 143 x 105 - nt. - n.d. - vers. onbekend - lit.  
De Bock, E.: Het Vaderland, 28.5.1918; Van Ostaijen, P.:  
Verzameld Werk / Proza, 1956, IV, p. 43.
43. ONTBIJTTAFEL fk. 35  
(Vrouw Aan Ontbijttafel)  
akwarel - 61 x 58 - n.t. - n.d. - vers. onbekend - lit. Van  
Ostaijen, P.: Verzameld Werk / Proza, 1956, IV, p. 43 en 65.
44. SKILOPERS fk. 36  
olie op doek - 78 x 59 - n.t. - n.d. - vers. onbekend.
45. MONSIEUR DE BRINDOSIER JOYEUSE fk. 37  
olie op doek - 100 x 60 - n.t. - n.d. - vers. onbekend - lit.  
Van Ostaijen, P.: Verzameld Werk / Proza, 1956, IV, p. 43 en  
65.
46. NACHT OVER DE VELDEN fk. 38  
olie op doek - 60 x 75 - nt. - n.d. - vers. onbekend - lit.  
Van Ostaijen, P.: Verzameld Werk / Proza, 1956, IV, p. 43.
47. HELLA MOJA fk. 39  
olie op doek - 78 x 35 - n.t. - n.d. - vers. onbekend - lit.  
Van Ostaijen, P.: Verzameld Werk / Proza, 1956, IV, p. 43.
48. DIE WINKEL fk. 40  
(Le Magazin)  
olie op doek - 95 x 98 - n.t. - n.d. - vers. onbekend.

KATALOGUS A. 11919

49. OLYMPE EN PAUL fk. 41  
tek., ink op papier - 42 x 32 - t. en d.l.o.: Jespers 19 -  
vers. fam. - tent. 1966, Antw., nr. 17.
50. SITTENDE NAAKFIGUUR OP STRAND fk. 42  
tek., potlood, gouache en houtskool op papier - 49 x 36 -  
t. en d.r.o.: Jespers 19; t. en d.l.o.: Jespers 21 - vers.  
onbekend.
51. TWEE VROUEFIGURE OP STRAND fk. 43  
tek., houtskool op papier - 38 x 31 - t. en d.r.o.: Jespers  
19 - vers. onbekend.
52. NAAKT fk. 44  
linogravure - 25 x 19 - t.r.o.: Fl. J. - d.l.o.: 1.1.'19  
vers. Stadsbibliotheek van Antw., Inv. nr. 567/29 -  
lit. Van Ostaijen, P.: (Inleidingsaantekening). Map met  
zes linogravures van Floris Jespers, 1919, p. 4 e.v.; D.B.:  
Ruimte, nr. 8 - 9, 1920; Ça Ira, Julie 1920; Marlier, G.:  
Ça Ira, Aug. 1920.
53. JAPAANS FEEST fk. 45  
linogravure - 15 x 31 - t.r.o.: Fl. J. - d.l.o.: 12.1.'19 -  
vers. Stadsbibliotheek van Antw., Inv. nr. 568/29 - lit.  
Van Ostaijen, P.: (Inleidingsaantekening). Map met zes lino-  
gravures van Floris Jespers, 1919, p. 4 e.v.; D.B.: Ruimte,  
nr. 8 - 9, 1920; Ça Ira, Julie 1920; Marlier, G.: Ça Ira,  
Aug. 1920.
54. ONTMOETING fk. 46  
linogravure - 54 x 66 - t.r.o.: Fl. J. - d.l.o.: 3.1.'19 -  
vers. Stadsbibliotheek van Antw., Inv. nr. 569/29 - lit.  
Van Ostaijen, P.: (inleidingsaantekening). Map met zes  
Linogravures van Floris Jespers, 1919, p. 4 e.v.; D.B.:  
Ruimte, nr. 8 - 9, 1920; Ça Ira, Julie 1920; Marlier, G.:  
Ça Ira, Aug. 1920.

## KATALOGUS A. 1

55. DE VERLIEFDEN fk. 47  
linogravure - 52 x 45 - t.r.o.: Fl. J. - d.l.o.: 4.l.'19 -  
vers. Stadsbibliotheek van Antw., Inv. nr. 570/29 - lit.  
Van Ostaijen, P.: (inleidingsaantekening). Map met zes  
Linogravures van Floris Jespers, 1919, p. 4 e.v.; D.B.:  
Ruimte, nr. 8 - 9, 1920; Ça Ira, Julie 1920; Marlier, G.:  
Ça Ira, Aug. 1920.
56. DE BELOONDE fk. 48  
linogravure - 60 x 32 - t.r.o.: Fl. J. - d.l.o.: 5.l.'19;  
vers. Stadsbibliotheek van Antw., Inv. nr. 571/29 - lit. Van  
Ostaijen, P.: (inleidingsaantekening). Map met zes Lino-  
gravures van Floris Jespers, 1919, p. 4 e.v.; D.B.: Ruimte,  
nr. 8 - 9, 1920; Ça Ira, Julie 1920; Marlier, G.: Ça Ira,  
Aug. 1920.
57. IMPROVISATIE I fk. 49  
linogravure - 31 x 42 - t.r.o.: Fl. J. - d.l.o.: 6.l.'19 -  
vers. Stadsbibliotheek van Antw., Inv. nr. 572/29 - lit. Van  
Ostaijen, P.: (inleidingsaantekening). Map met zes Lino-  
gravures van Floris Jespers, 1919, p. 4 e.v.; D.B.: Ruimte,  
nr. 8 - 9, 1920; Ça Ira, Julie 1920; Marlier, G.: Ça Ira,  
Aug. 1920.
58. DE ZANGER fk. 50  
(Le Chanteur)  
olie op doek - 90 x 70 - n.t. - n.d. - vers. onbekend. -  
lit. Burssens, G.: Floris Jespers, 1955, repr. nr. 1; Jes-  
pers, H. -F. (red.): Hommages de Floris Jespers, 1965, repr.  
p. 19.
59. AMERIKAAN fk. 51  
olie op doek - 96 x 77 - t. en d.l.o.: Floris Jespers 19 -  
vers. onbekend.
60. KOMPOSISIE MET KOEIE fk. 52  
(Les Vaches)  
olie op doek - 30 x 46 - n.t. - n.d. - vers. onbekend -

KATALOGUS A. 1

tent. 1922, Antw., nr. 497 - lit. Marlier, G.: Ça Ira, nr. 19, Julie 1922.

61. HERFS fk. 53

olie op doek - 70 x 72 - n.t. - n.d. - vers. onbekend.

1920

62. DE GROOTE MAGAZIJN fk. 54

(Les Grands Magasins)

olie op doek - 120 x 80 - t. en d.l.o.: Floris Jespers 20 - vers. onbekend - tent. 1920, Antw., Groepstent. van Sélection, nr. 82; 1920, Antw. Salon der Kubisten - lit. B.: Ruimte, Antw., nr. 8 - 9, 1920.

63. JONG SLOWAAKSE JODIN

(Jeune Juive Slovaque)

olie op doek - 110 x 92 - n.t. - n.d. - vers. onbekend - tent. 1920, Antw., Groepstent. van Sélection, nr. 81.

64. LEDIGE MANS

(Hommes Vides)

olie op doek - 111 x 90 - n.t. - n.d. - tent. 1920, Antw., Groepstent. van Sélection, nr. 80.

65. KOMPOSISIE fk. 55

(Compositie)

olie op doek - 65 x 55 - t. en d.r.o.: Floris Jespers 20 - vers. onbekend - tent. 1920, Brussel, nr. 32

66. KOMPOSISIE fk. 56

olie op doek - 110 x 72 - t. en d.r.o.: Floris Jespers 1920 - vers. onbekend - tent. 1920, Antw., Salon der Kubisten - lit. B.: Ruimte, nr. 8 - 9, 1920.

67. OFFERANDE AAN GAUGUIN fk. 57

olie op doek - 120 x 50 - t. en d.l.o.: Floris Jespers 1920 - vers. onbekend - tent. 1920, Antw., Salon der Kubisten - lit. B.: Ruimte, nr. 8 - 9, 1920.

## KATALOGUS A. 1

68. HOCKEY-SPORT fk. 58  
olie op doek - 120 x 160 - t. en d.l.b.: Floris Jespers 1920 -  
vers. onbekend - tent. 1920, Antw., Salon der Kubisten - lit.  
B.: Ruimte, nr. 8 - 9, 1920.
69. DE VERLIEFDEN fk. 59  
(Les Amoureux)  
olie op doek - 135 x 120 - n.t. - n.d. - vers. onbekend - tent.  
1920, Antw., Salon der Kubisten - lit. B.: Ruimte, nr. 8 - 9,  
1920; Sélection, Bruxelles, 15.9.1920, repr. p. 9.
70. PROVINCIESTAD fk. 60  
(De Wereld)  
olie op doek - 1.00 x 1.00 - t. en d.l.o.: Floris Jespers  
1920 - vers. onbekend - tent. 1921, Antw., nr. 249.
71. TENTOONSTELLINGSLOKAAL VAN DIE KUNSVERBOND, ANTW., TYDENS  
DIE SALON DER KUBISTEN, AUG. 1920 fk. 61  
Op die foto is van l. na r. die volgende werke van Floris  
Jespers te sien: Komposisie (Kat. A. 1 - 66, fk. 56);  
De Verliefden (Kat. A. 1 - 69, fk. 59); De Groot Magazijn  
(Kat. A. 1 - 62, fk. 54); Hockey-Sport (Kat. A. 1 - 68, fk.  
58); Offerande aan Gauguin (Kat. A. 1 - 67, fk. 57).
- 1921
72. Hawe fk. 62  
olie op doek - 46 x 75 - t. en d.r.o.: Jespers 21 - vers.  
Paul Neuhuys, Antw. - tent. 1922, Antw., nr. 496.
73. TWEE MATROSE EN 'N VROU fk. 63  
olie op doek - 64 x 45 - t. en d.l.o.: Floris Jespers 1921 -  
vers. P. Neuhuys, Antw.
74. MEISJE fk. 64  
(Le Figure de Femme)  
olie op doek - 78 x 47 - t. en d.l.o.: Floris Jespers 21 -  
vers. Frans de Ridder, Antw. - tent. 1922, Antw., nr. 498; -  
1966, Antw., nr. 23 - lit. Marlier, G.: Ça Ira, nr. 19,  
Julie 1922.

## KATALOGUS A. 1

75. COCOTTE fk. 65  
tek., Indiese ink op papier - 34 x 23 - t. en d.l.o.: Floris Jespers 1921 - vers. fam. - tent. 1966, Antw., nr 24.
76. NAAKTE VROUEFIGUUR IN STOEL fk. 66  
tek., Houtskool op papier - t. en d.r.o.: Jespers 21 - vers. onbekend.
77. STILLEWE, MUSIEKINSTRUMENTE fk. 67  
olie op doek - 130 x 55 - t. en d.r.o.: Floris Jespers 1921 - vers. W. Blochhuijs, Antw. - tent. 1922, Antw., nr. 499 - lit. Marlier, G.: Ca Ira, nr. 19, Julie 1922.
78. STILLEVEN fk. 68  
olie op doek - 90 x 54 - t. en d.r.o.: Floris Jespers 1921 - vers. onbekend. - tent. 1921, Antw., nr. 256; 1922, Gent, nr. 137.

### 1922

79. DE VROUW REGGEERT DE WERELD fk. 69  
(La France: Diriger par la Femme le Monde)  
olie op doek - 153 x 127 - t. en d.l.b.: Jespers 1922 - vers. Gebroeders Campo, Antw. - tent. 1966, Antw., nr. 26; 1967, Hasselt, nr. 5.
80. DE AANLEGPLAATS fk. 70  
(Marine)  
olie op doek - 56 x 75 t.l.o.: Jespers - n.d. - vers. fam. Jespers - tent. 1923, Antw., Renis, nr. 5; 1966, Antw., nr. 30.

### 1923

81. HET BEKROONDE KALF fk. 71  
(Boer in Rusland met Versierde Koe )  
olie op papier - 54 x 75 - t.r.o.: Jespers - d.mont.: 1923 - 24 - vers. fam. - tent. 1966, Antw., nr. 31bis; 1967, Hasselt, nr. 6.

KATALOGUS A. 1

82. COMPOSITIE fk. 72  
olie op papier - 46 x 55 - t. en d.r.o.: Jespers 1923 - vers.  
fam. - tent. 1966, Antw., nr. 27.
83. MORGEN OP DE SCHELDE fk. 73  
olie op doek - 50 x 65 - t.r.o.: Floris Jespers - n.d. -  
vers. fam. - tent. 1923, Antw., Renis, nr. 6.
84. STILLEWE, VAAS MET BLOMME fk. 74  
églomisé - 34 x 23 - t. en d.r.o.: Jespers 23 - vers. onbe-  
kend.
85. DE KUS fk. 75  
(Vlinders) (Le Baiser)  
églomisé - 60 x 50 - n.t. - n.d. - vers. H. Schwarzenberg,  
Brussel - herk. E. Van den Bosch, Brussel; Le Centaure,  
Brussel - tent. 1936, Antw., K.v.H., nr. 23 - lit. Sélection,  
15.1.27, repr. p. 300; Les Beaux-Arts, 28.11.1930; Colin, P.:  
La Peinture Belge depuis 1830, p. 482; Jespers, H.-F.:  
Hommages de Floris Jespers, 1956.
86. DORSTIJD fk. 76  
(Agonie)  
églomisé - 50 x 60 - t.r.o.: Jespers - n.d. - vers. onbekend -  
herk. Sélection, Brussel - lit. Sélection, 15.1.1927, repr.  
p. 295.
87. KOEKELOERE HAANTJE fk. 77  
tek., ill., gouache - 24 x 18 - n.t. - n.d. - lit. Peeters, J.:  
Kinderlust, repr. nr. 1, 1923.
88. KABOUTER-PORTRETJE fk. 78  
tek., ill., gouache - 24 x 18 - n.t. - n.d. - lit. Peeters, J.:  
Kinderlust, repr. nr. 4, 1923.
89. KONEINTJESGENOEGEN fk. 79  
tek., ill., gouache - 24 x 18 - n.t. - n.d. - lit. Peeters, J.:  
Kinderlust, repr., nr. 5, 1923.

KATALOGUS A. 1

90. LEO EN ZIJN BOB fk. 80  
tek., ill., gouache - 24 x 18 - n.t. - n.d. - lit. Peeters,  
J.: Kinderlust, repr. nr. 6, 1923.
91. GANZENFAMILIE fk. 81  
tek., ill., gouache - 24 x 18 - n.t. - n.d. - lit. Peeters,  
J.: Kinderlust, repr. nr. 7, 1923.
92. KIKKERSVERDRIET fk. 82  
tek., ill., gouache - 24 x 18 - n.t. - n.d. - lit. Peeters,  
J.: Kinderlust, repr. nr. 9, 1923.
93. SLIF SLEF SLAF fk. 83  
tek., ill., gouache - 24 x 18 - n.t. - n.d. - lit. Peeters,  
J.: Kinderlust, repr. nr. 10, 1923.
94. BRIEF AAN JANNEKE - MAAN fk. 84  
tek., ill., gouache - 24 x 18 - n.t. - n.d. - lit. Peeters,  
J.: Kinderlust, repr. nr. 12, 1923.
95. TWEE FIGURE BY TRAPPE fig. 85  
tek., houtskool en potlood - 24 x 32 - t. en d.r.o.: Jespers  
23 - vers. Paul Jespers.

1924

96. HEBREEUWS MEISJE fk. 86  
(Joods Meisje)  
olie op doek - 105 x 72 - t. en d.l.o.: Jespers 24 - vers.  
Gebroeders Campo, Antw. - herk. M. Baugniet, Brussel - tent.  
1924, Antw., nr. 220; 1925, Basel, nr. 212, repr.: 1925,  
Gent, nr. 313; 1966, Antw., nr. 44,repr.; 1967, Hasselt,  
nr. 8, repr. - lit. Sélection, 15.1.1925, repr. p. 323;  
De Ridder, A.: Vlaamse Kunst, 1952; Jespers H.-F.: Hommages  
de Floris Jespers, 1965.
97. ONGEZELLIK MODEL fk. 97  
(Onaangenaam Model) (Modèle Désagréable)  
olie op doek - 97 x 71 - n.t. - n.d. - vers. onbekend - tent.  
1924, Antw., nr. 223; 1925, Basel, nr. 213; 1925, Gent, nr.

KATALOGUS A. 1

312 - lit. Sélection, 15.1.1925, repr. p. 322.

98. NAAKT fk. 88  
(Vrouw)  
olie op doek - 125 x 85 - t. en d.l.o.: Jespers 24 - vers.  
onbekend - tent. 1924, Antw., nr. 218.
99. HAVEN VOOR MIJN ZOONTJE fk. 89  
